Om 'n vriendin te vergewe is nie kinderspeletjies nie . . .

# Anchien Troskie

# SOMTOTAAL

**Graad 12 Huistaal Leesgids**

**saamgestel deur Hettie van Zyl**



Hierdie gids is as hulpmiddel vir die onderwyser in die klaskamer bedoel. Dit is geskryf met Graad 12 Huistaal as hooffokus en volgens die riglyne van die Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring (KABV) uiteengesit.

Kopiereg © 2021 deur NB-Uitgewers
Leesgids geskryf deur Hettie van Zyl
Kopiereg gepubliseerde uitgawe © deur NB-Uitgewers
Eerste uitgawe in hierdie vorm in 2021
deur Human & Rousseau,
’n druknaam van NB-Uitgewers,
’n afdeling van Media24 Boeke (Edms.) Bpk.

Alle regte voorbehou.
Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder die skriftelike verlof van die uitgewer gereproduseer of in enige vorm of deur enige elektroniese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, skyf- of bandopname, of deur enige ander stelsel vir inligtingsbewaring of -ontsluiting.

Human & Rousseau
An imprint of NB Publishers

# Inhoud


| | | Bl. |
|---|---|---|
| | **Afdeling A: Pre-lees** | |
| | Inleiding tot die roman | 1 |
| | Die agtergrond van *Somtotaal* | 2 |
| | Biografie van die skrywer | 5 |
| | Die verhaal in ’n neutedop | 6 |
| | Literêre begrippe in *Somtotaal* | |
| 1. | Titel | 8 |
| 2. | Intrige | 9 |
| 3. | Konflik (botsing) | 11 |
| 3.1 | Innerlike konflik | 12 |
| 3.2 | Uiterlike konflik | 13 |
| 4. | Verteltyd en vertelde tyd | 15 |
| 5. | Milieu – tyd en ruimte | 15 |
| 6. | Taalgebruik | 18 |
| 7. | Tema | 19 |
| 8. | Motiewe (leitmotiv) en simboliek | 25 |
| 9. | Karakterisering | 26 |
| 10. | Stemming/atmosfeer | 37 |
| | **Afdeling B: Lees** | 39 |
| | **Afdeling C: Post-lees** | |
| | Voorblad, motto en stamboom | 40 |
| 1. | Opsomming en kontekstuele vrae per hoofstuk | 42 |
| 2. | Opsteltipe vrae | 68 |
| 3. | Konsepvraestel | 74 |
| 4. | Memorandum en nasienriglyne | 77 |
| 5. | Glossarium van literêre terminologie | 118 |
| 6. | Woordverklarings | 130 |
| | Bronnelys | 132 |

## Afdeling A: Pre-lees

## Inleiding tot die roman

’n Roman is ’n langer geskrewe prosastuk wat meestal fiktief is en in hoofstukke verdeel word. Die roman speel af teen ’n bepaalde agtergrond en milieu. Die belangrikste karakter in die roman is die hoofkarakter. Dit staan ook bekend as die protagonis, en die verhaalgebeure fokus op dié karakter.

Die intrige is die plan waarvolgens die verhaal verloop. In die intrige van die verhaal staan konflik sentraal. Die verteller gebruik konflik om spanning te wek en die leser se aandag te behou. Wanneer ’n karakter met ’n sekere gedagte of saak wroeg, word daarna verwys as innerlike konflik. Uiterlike konflik vind plaas in die vorm van woordewisselings tussen twee of meer karakters, wanneer hulle handgemeen raak of mekaar ’n deurborende kyk gee.

Daar moet duidelik onderskei word tussen die skrywer (outeur) en die verteller. Die skrywer (outeur) is die persoon wat die roman skryf, terwyl die verteller die verhaal uit ’n bepaalde perspektief vertel. Indien die verteller een van die karakters is, word dit ’n eerstepersoons- of ek-verteller genoem. Eerstepersoonsvertellers skep geloofwaardigheid en kan hulle emosies die beste weergee. Die nadeel van dié tipe verteller is dat hulle nie weet wat ’n ander persoon dink nie en slegs hulle eie subjektiewe mening kan weergee.

By die derdepersoonsverteller is dit nie een van die karakters in die verhaal wat aan die woord is nie, want die vertelling geskied deur middel van ’n fokalisator. Dit beteken dat die vertelling geskied soos die karakters dit waarneem vanuit hulle perspektief.

In die geval van *Somtotaal* is ’n alomteenwoordige verteller aan die woord. Dié verteller is objektief, want daar word nie kant gekies nie. Daar word van wisselende fokalisators gebruik gemaak. Beide Mila en Ester is fokalisators en hul siening oor gebeure en omstandighede word so aangebied dat lesers hulle eie opinie kan vorm. Lesers kan empatie voel vir ’n sekere karakter en begrip hê vir ’n handeling wat die karakter uitvoer weens die omstandighede waarin die karakter verkeer, of hulle kan dit veroordeel.

Wanneer die gebeure in die verhaal op mekaar volg is die tydsverloop chronologies. Soms is die tydsverloop achronologies of fragmentaries. In *Somtotaal* is die tydsverloop fragmentaries. Die leser verneem van Ester wat wil selfdood pleeg en Nonthando se dood, maar vind mettertyd uit wat die rede vir die selfdoodpoging was en wat die verband tussen Mila, Nonthando en Ester is.

Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB-Uitgewers 

Die skrywer gebruik die uitsteltegniek om die leser nuuskierig te hou om die verhaal enduit te lees terwyl die spanning toeneem.

## Inleiding en agtergrond tot die studie van *Somtotaal*

Die skrywer, Anchien Troskie, het ’n paar jaar gelede haar skoonma gehelp pak toe sy van Bloemfontein na ’n aftreeoord in Jeffreysbaai verhuis het. Met die uitpak van die bokse het Anchien ’n foto gesien van haar skoonma en haar swart maatjie wat op die gras lê en ’n boek deurblaai. Die foto, waarvan haar skoonma nie wou afstand doen nie, het haar geïnspireer om die verhaal van Ester en Nonthando te skryf.

Anchien het met boervroue, wat in hul vormingsjare op ’n plaas gewoon het, gesels as deel van haar navorsing vir *Somtotaal*. Sy wou meer weet oor hulle grootwordjare op die plaas en hul vriendskap met die plaasarbeiders se kinders. Omdat Anchien op ’n plaas buite Humansdorp woon, kan sy identifiseer met die omgewing en sy mense en ’n geloofwaardige verhaal skryf.

### Opgedra aan #ImStaying

*Somtotaal* word opgedra aan #ImStaying. Dit is ’n webtuiste wat Suid-Afrikaners aanmoedig tot positiewe denke oor die land. Jarrete Petzer het in September 2019 die webtuiste geskep. “Be the change you want to see” is die motto van die webtuiste. Enige persoon wat van Suid-Afrika afkomstig is, kan deel wees van dié webtuiste waar landsburgers mekaar deur goeie gedagtes, goeie woorde en goeie dade inspireer.




**Foto: #ImStaying se kenteken**

**https://imstaying.co.za/wp-content/uploads/2020/03/LOGO.jpg**

## Motto (Epigraaf)

’n Motto is ’n kort aanhaling, meestal uit ’n ander literêre teks, wat ’n sekere idee of opvatting beklemtoon. Die motto gee die leser ’n idee waaroor die roman handel en skep ’n bepaalde atmosfeer.

Daar is twee motto’s in *Somtotaal*:

“It is easier to forgive an enemy than to forgive a friend.”
**– William Blake**
“For there to be betrayal, there would have to have been trust first.”
**– Suzanne Collins, *The Hunger Games***

Beide hierdie motto’s suggereer dat die verhaal fokus op ’n vertrouensbreuk tussen vriende. Die leser kan aflei dat die verhaal oor twee vriende gaan wat mekaar eens vertrou het en dat iets gebeur het wat onmin veroorsaak het. Dit is duidelik dat verraad die vertroue van een van die vriende geskend het en dat die persoon nie die ander een wou of kon vergewe nie. Die storie van Ester Labuschagne en Nonthando Majolo vind binne hierdie atmosfeer plaas.

## Familieboom (stamboom)

Die familieboom vergemaklik begrip van die familieverwantskappe. Die families van Ester en Mila, die twee belangrikste karakters in *Somtotaal*, word uitgelê in die grafiese voorstelling. Die leser kan aflei dat Ester ’n uitgebreide familie het, terwyl daar slegs na Mila se ouma en ma verwys word. Daar is dus afwesige vaderfigure in die Majolo’s se familie.

## Tema-indeling van hoofstukke

Vrees, verlies, verandering, vernedering, verdriet, vrede en vreugde is die temas wat vir ’n paar hoofstukke in die roman gebruik word. Dit is insiggewend dat al hierdie temas met die letter V begin. Die letter V is as handsimbool tydens die Viëtnamese Oorlog gebruik om vrede aan te dui. Dit kan ook op ’n oorwinning dui. Vrede sowel as oorwinning word in die verhaal geïmpliseer, want ten spyte van Ester en Mila se moeilike vormingsjare, maak albei

vrede met die verlede en bereik hulle ’n persoonlike oorwinning om vergifnis te vra of om te vergewe en die somtotaal van die lewe te ervaar.




Foto van die V-simbool © deur Tyler Nix/Unsplash.com

**Vertellersperspektief**

Die verteller wat in *Somtotaal* aan die woord is, is alomteenwoordig, met ander woorde teenwoordig in elke plek, ruimte en tyd. Hierdie soort verteller is ook alwetend en kan dus aan die leser die gedagtes en gevoelens van die karakters meedeel. Die gebruik van die alomteenwoordige verteller in hierdie roman is effektief. Hierdie tipe verteller kan buite die verhaal staan en is daarom objektief, omdat hy/sy nie die gebeure self beleef nie, maar dit slegs weergee. In hierdie roman is Ester én Mila fokalisators uit wie se perspektief die verhaal vertel word.

Die tipe verteller skep geloofwaardigheid oor verskillende rasse én oor persone van dieselfde ras se ervaring in die apartheidsera sowel as in post-apartheid. Vanweë die emosionele belewing van die protagonis en die antagonis se ervaring van dieselfde gebeure in *Somtotaal* kry lesers ’n geleentheid om sonder vooroordeel hulle eie opinie te vorm.

Dit dra by tot die ontsluiting van die geheim waarmee Ester so lankal saamleef en die tragiese gevolge daarvan. Die verteller slaag daarin om die leser ’n idee te gee hoe moeilik dit is om traumatiese gebeure te verwerk en dat vergifnis vir verraad van ’n vriend nie so maklik is nie.

## Biografie van die skrywer: Anchien Troskie

*Somtotaal* is Anchien Troskie se sesde publikasie. Sy het bekendheid verwerf vir haar boek *Dis ek, Anna* wat sy onder die skuilnaam Elbie Lötter geskryf het. Hierdie boek is gebaseer op haar eie traumatiese kinderjare. *Dis ek, Anna* verower in 2005 die Nielsen Book Data Sellers Choice-prys. Dit is in Engels vertaal en vir die verhoog verwerk.

*Die staat teen Anna Bruwer* is die opvolg van *Dis ek, Anna.* Die twee boeke is later saam uitgegee en daar is ’n rolprent daarvan gemaak. Die rolprent wen in 2015 drie toekennings by die KykNET-Silwerskermfees. Ander publikasies van Anchien sluit in: *Nooit is ’n lang tyd*, *Die besoeker* en *Vermis op Allesverloren.*



**Foto van Anchien Troskie geneem deur Rieghard van Rensburg**

kopiereg © NB Uitgewers

Anchien Troskie is op 11 Julie 1968 in Virginia in die Vrystaat gebore. Sy matrikuleer in 1986 aan Hoërskool Edenburg. Sy studeer na skool aan die UOVS vir ’n BA-graad in Kommunikasiekunde, maar staak haar studies na twee jaar om in 1989 met haar jeugliefde, Lafras, te trou.

Twee kinders word uit die huwelik gebore. Anchien en haar gesin woon vir vyftien jaar naby Oesterbaai waar haar man op die melkplaas, Milagro, ’n plaasbestuurder was. In 2018 verhuis hulle na ’n plaas buite Humansdorp toe haar man ’n pos by Grasslands Agri as melkerybestuurder aanvaar.

Juliana Coetzer skryf in ’n resensie in *Rapport* van 17 Mei 2020: “Troskie skryf eerlik en op die man af. Sonder fieterjasies, maar met warmte.”

## Opsomming van *Somtotaal*

Ester Maree en Nonthando Majolo is van kleins af boesemvriendinne. Hulle woon op die plaas Dassiepoort in die Oos-Kaap. Nomsa, Nonthando se ma, werk in die huis van Hannes en Magdaleen Maree. Magdaleen kon nooit aanpas op die plaas nie en verkies om eerder veldplante te teken of die werkers se kinders van kuns te leer.

Ester se broer, Hansie, sterf in ’n trekkerongeluk toe hy tien jaar oud was en kort daarna ontdek Magdaleen haar babadogtertjie, Annabelle, se lyk in die vroeë oggendure in haar kot. Magdaleen is ontroosbaar na die dood van haar twee kinders en lê byna daagliks in haar kamer, terwyl Nomsa die huishouding oorneem. Magdaleen skeep vir Ester af en onttrek haar aan die samelewing. Sy verval in depressie en pleeg selfdood.

Na Magdaleen se dood trek Hannes na ’n ander kamer en sluit die hoofslaapkamer se deur. Hy en Nomsa knoop ’n verhouding aan, maar probeer om dit weg te steek, want dit is tydens die apartheidsjare en wit en swart veroordeel hulle samesyn.

In haar matriekjaar, na die matriekafskeid, gaan Ester na die “after party”, maar omdat sy nie gemaklik voel in daardie omgewing nie, besluit sy om eerder huis toe te gaan. Sy vind haar pa en Nomsa in die enkelbed waar hulle saam slaap. Ester is verheug oor die verhouding, want vir die eerste keer in jare voel dit vir haar of sy deel is van ’n volledige gesin.

Nonthando, wat twee jaar ouer as Ester is, studeer op Hannes se aandrang onderwys. Ester raak smoorverlief op die aantreklike Spanjaard, Mateo Sanchez, en glo dat hy haar gaan saamvat Spanje toe en met haar gaan trou. Sy is skrikkerig om vir Mateo aan haar pa voor te stel, want hy hou nie van uitlanders nie.

Op Nuwejaarsdag skraap sy genoeg moed by mekaar en sy en Mateo gaan vroegoggend na Dassiepoort. Sy kry egter nie die geleentheid om hom aan haar pa voor te stel nie, want Hannes Maree is daardie nag in sy slaap oorlede.

’n Ongelukkige voorval op Dassiepoort, twee weke na Hannes se dood, veroorsaak dat Mateo sak en pak terugkeer na Spanje. Boonop is Nonthando en Ester nie meer vriende nie. Ester is jaloers op Nonthando en gun haar geen geluk nie. Sy besluit om met Wouter Labuschagne, die bure se seun, te trou. Op die aand van hul troue skenk Nonthando geboorte aan Mila. Ester staan vir Nomsa by met die geboorte.

Na Nomsa se dood jaag Ester vir Nonthando en Mila van die plaas af weg. Sy lewer ’n jaar later elke maand vir 25 jaar lank ’n pakkie by Nonthando se huis af. Eendag vat Ester

vir Nonthando ’n geraamde foto van hulle twee as kinders as geskenk saam met die koevert en blou boksie wat sy elke maand vir haar gee. Ester het ’n replika van dieselfde foto wat tussen ander foto’s teen die muur van haar slaapkamer hang.

Ester het ’n groot geheim waarmee sy al jare wroeg. Haar skuldgevoelens knaag so aan haar dat sy besluit om haar hand aan haar eie lewe te slaan. Die poging is egter onsuksesvol. Haar kinders, Elanie en Dewald, pas haar op toe sy uit die hospitaal ontslaan word.

Nonthando sterf op dieselfde aand wat Ester probeer selfdood pleeg. Mila, wat van skooldae af verlief was op Dewald, keer terug na Humansdorp om haar ma se begrafnisreëlings te tref. Ester het jare gelede ’n wig tussen Mila en Dewald ingedryf, maar hierdie keer slaag sy nie daarin om die twee van mekaar af weg te hou nie.

Die dag van Nonthando se begrafnis ry Ester na Dassiepoort. Die gesprek wat sy met Mila het na die begrafnis is die eerste stap na genesing vir Ester. Ten spyte van al die hartseer van die verlede vind Mila en Ester geluk aan die einde van die verhaal.

**Kort opsomming van die struktuur van *Somtotaal*:**

**VREES (eksposisie en verwikkelingsfase)**

- Ester probeer selfdood pleeg.
- Nonthando is oorlede.
- Mila reis van Johannesburg na haar tuisdorp en tref begrafnisreëlings.

**VERLIES (ontwikkeling)**

- <u>Ester se verlies</u>: Hansie (broer), Annabelle (babasussie), verwerping deur haar ma, Magdaleen se selfdood, Nomsa (die huishulp wat vir haar soos ’n ma was), vertrouensbreuk tussen haar en Nonthando, Mateo en Wouter.
- <u>Mila se verlies</u>: Nonthando, Dewald en Nomsa.
- <u>Nonthando se verlies</u>: Ester, Mateo, Dassiepoort en Nomsa.

**VERANDERING (ontwikkeling)**

- Demokratiese verkiesing van 1994.
- Nomsa en Hannes Maree se verhouding.

**VERNEDERING (krisis)**

- Mateo se keuse.
- Nonthando se swangerskap.
- Vernietiging van die briewe.
- Mila glo dat haar pa hulle verwerp het.

**VERDRIET (klimaks)**

- Ester besluit om die seer in die verlede agter haar te sit.
- Nonthando se begrafnis.
- Ester se ontboeseming.
- Mila keer terug na Johannesburg.

**VREDE (afloop)**

- Ester maak vrede met haar verlede.
- Mila en Dewald is getroud en het twee kinders.

**VREUGDE**

- Mila en Dewald woon op Dassiepoort.
- Ouma Ester is lief vir haar kleinkinders. Daar word geïmpliseer dat Mila en Ester mekaar vergewe het.

## Literêre begrippe in *Somtotaal*:

## 1. Titel

Die titel van die roman gee vir die leser ’n idee waaroor die verhaal gaan. Die titel en die temas waarin die roman opgedeel word, vorm ’n geheel. Dit is byna soos ’n wiskundige berekening:

vrees + verlies + verandering + vernedering + verdriet + vrede + vreugde (vergifnis) = **somtotaal**

Die titel bind die temas, naamlik vrees, verlies, verandering, vernedering, verdriet, vrede en vreugde, saam. Al hierdie temas, wat as subtitels vir ’n aantal hoofstukke gebruik word, is inderwaarheid die somtotaal van Ester, die protagonis, en Mila, die antagonis, se lewens.

Die titel is universeel, want elke mens op aarde ervaar een of ander tyd soortgelyke gevoelens. Die leser kan identifiseer met die temas in die roman.

Die droom van Ester en Nonthando in hoofstuk 1 dryf Ester tot ’n selfdoodpoging omdat sy besluit dat die somtotaal van haar lewe nie die moeite werd is nie. Ester se grootste verdriet is gesetel in skuldgevoelens. Op die dag van Nonthando se begrafnis vertel sy vir Mila die waarheid om vry te raak van die verlede wat aanleiding gegee het tot haar depressie. Sy maak uiteindelik vrede met haar verlede en ervaar vreugde wanneer sy haar kleinkinders kan vertroetel.

“Ester Labuschagne het vrede gemaak met haar verlede, met haar verliese, met haar vrese, met haar vernederings.” (Hoofstuk 60)

Mila, die antagonis, is angsbevange toe sy van die dood van haar ma, Nonthando, hoor. Sy voel skuldig omdat sy en haar ma ongeveer ’n jaar gelede ’n meningsverskil gehad het en hulle nooit heeltemal vrede gemaak het voordat sy gesterf het nie.

Die dood van Nonthando veroorsaak dat Mila terugdink aan hoe Ester Labuschagne haar as kind verneder het. Ester se houding teenoor Mila het baie hartseer veroorsaak en daartoe bygedra dat Dewald en Mila uitmekaargedryf het. Na Nonthando se dood word hulle weer verenig.

Mila vind uiteindelik die geluk waarna sy gesmag het.

“Sy het die somtotaal van haar lewe verstaan. Vrees, verlies, verandering, vernedering, verdriet en vreugde.” (Hoofstuk 61)

## 2. Intrige

Intrige is die raamwerk van die verhaalgebeure in die roman. Dit word ook die plot genoem. Die intrige word deur ’n reeks gebeure in ’n verhoogde spanningslyn aan te bied.

In *Somtotaal* word die verhaal vertel deur ’n aantal hoofstukke per tema saam te vat. Die verhaal van Ester Labuschagne en Mila Majolo word afwisselend in hoofstukke aangebied. Die verteller in die roman is objektief. Beide Mila en Ester se perspektief oor hulle eie lewe en hulle siening oor die samelewing word weerspieël.

**Die struktuur van die verhaal sien soos volg daar uit:**

- Vrees: Hoofstuk 1-13
- Verlies: Hoofstuk 14-33
- Verandering: Hoofstuk 34-36
- Vernedering: Hoofstuk 37-51
- Verdriet: Hoofstuk 52-59
- Vrede: Hoofstuk 60
- Vreugde: Hoofstuk 61

Die **eksposisie** is die begin van die roman. In hierdie gedeelte leer die leser vir Ester en Mila ken. Die leser raak bewus van die agtergrond, ruimte en tyd waarteen die verhaal afspeel.

Die **motoriese moment** in *Somtotaal* is die selfdoodpoging van Ester Labuschagne. Die droom wat Ester oor Nonthando gehad het voor haar selfdoodpoging en die dood van Nonthando dieselfde aand, sit die handeling aan die gang en wek die leser se belangstelling.

Die reaksie van Ester se kinders op haar selfdoodpoging en Mila se reaksie op haar ma se dood is deel van die **verwikkeling** van die roman. Elanie en Dewald pas vir Ester om die beurt op en moedig haar aan om vir terapie te gaan. Ester is onwillig om hulp te kry en dit maak vir Dewald kwaad.

Nadat Mila die tyding van haar ma se dood ontvang het, reis sy na Humansdorp. Dit is vir haar vreemd in haar ma se piepklein woning, want sy is gewoond aan luukshede en mis haar ma. Sy weet dat haar ma graag op haar geboorteplek, Dassiepoort, begrawe wil word en moet noodgedwonge vir Dewald kontak.

In die **ontwikkeling** maak die leser kennis met die konflik tussen karakters en botsende standpunte. Die leser verneem in die ontwikkeling van Mila en Ester se haat vir mekaar en die konflik tussen Mila en haar ma. Die redes vir die konflik word nie dadelik bekend gemaak nie, want die uitsteltegniek moedig die leser aan om die verhaal enduit te lees.

Ester se denkbeeldige gesprekke met ’n sielkundige is terugflitse na Ester se ongelukkige kinderdae weens die doodsengel wat telkens besoek by die Marees se huishouding afgelê het. Die verlies wat Ester ervaar het, word in hoofstuk 14 tot 33 beskryf. Deur die denkbeeldige gesprekke met die sielkundige word die kern van Ester se hartseer geopenbaar.

Ester voel verneder toe haar kêrel op Nonthando verlief raak. Toe Nonthando boonop swanger raak en Ester die brief van Mateo kry waarin hy vir Nonthando geld stuur sodat sy by hom in Spanje moet aansluit, is Ester woedend. Sy verbrand die briewe en geld en vertel nooit vir Nonthando die waarheid nie. Hierdie handeling van Ester openbaar haar jaloesie. Dit sal ’n sweer word waarmee sy die res van haar lewe moet saamleef. Dit gee aanleiding tot selfverwyt en skuldgevoelens wat lei tot haar selfdoodpoging.

Mila en Dewald se vriendskapsverhouding, wat later oorgaan in ’n intieme verhouding, en die begrafnisreëlings vir Nonthando is deel van die ontwikkeling in die roman. Die leser kom agter dat Ester verantwoordelik was vir die verwydering tussen Dewald en Mila terwyl hulle nog op skool was. As gevolg van die verskille tussen die strydende party in die verhaal verhoog die spanning.

Die **krisis** in die roman is in hoofstuk 51. In Ester se laaste denkbeeldige gesprek met ’n sielkunde word die waarheid aangaande Ester en Nonthando se vertrouensbreuk

Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB-Uitgewers 

bekend gemaak. Ester se besluit om eers Nonthando en later Mateo se brief en inhoud te vernietig, het die lewe van Ester Labuschagne en Nonthando Majolo onherroeplik verander en terselfdertyd ook bygedra tot Mila se haat vir Ester.

In hoofstuk 52 is daar ’n ironiese wending in die verhaal. Ester wat aanvanklik onversetlik geweier het om vir berading te gaan, besluit om na Hunterscraig te gaan en voortaan haar eie besluite te neem. Sy is gereed om die sweer wat haar figuurlik siek gemaak het, oop te maak en afskeid te neem van die seer van die verlede. Daarom ry sy na Dassiepoort vir Nonthando se begrafnis.

Die **klimaks** speel af na Nonthando se teraardebestelling. Ester vertel vir Mila in hoofstuk 56 van Mateo se brief wat sy vernietig het, en in hoofstuk 58 vra sy vergifnis. Mila is baie kwaad omdat Ester haar en haar ma se geluk “gesteel” het en keer terug na Johannesburg.

Daar is ’n groot tydsprong tussen hoofstuk 59 en 60. Die laaste deel van die roman handel oor vrede en vreugde. Hoofstuk 60 en 61 vorm saam die **afloop** van die verhaal. Ester en Mila het ’n “versigtige vrede” (hoofstuk 60) en Ester is baie lief vir Dewald en Mila se kinders. Mila ervaar die vreugde waarna sy haar hele lewe lank smag op Dassiepoort.

## 3. Botsing/konflik

Konflik is ’n integrale deel van die intrige in die roman. Dit is belangrik om die oorsake en aard van die konflik te verstaan. Die manier hoe ’n karakter konflik hanteer, vertel jou meer van die karaktereienskappe van ’n karakter. Konflik kan innerlik of uiterlik wees. ’n Mens kan ook in konflik wees met die omgewing waarin hy hom bevind. Konflik tussen die mens en sy omgewing vind plaas wanneer sosio-maatskaplike probleme ontstaan soos ’n egskeiding, drankmisbruik of mishandeling. Konflik kan tussen die mens en die natuur ontstaan byvoorbeeld wanneer ’n jagter ’n leeu wond en die leeu die jagter verskeur.

Uiterlike konflik vind tussen karakters plaas wanneer hulle van mening verskil en het meestal ’n woordewisseling tot gevolg. ’n Fisiese bakleiery kan ook ontstaan as die woordewisseling lei tot woedebuie. Die karakters kan handgemeen raak of wapens gebruik om mekaar seer te maak.

Wanneer ’n karakter wroeg met ’n sekere saak of nie kan vrede maak met iets nie, ontstaan innerlike konflik. Innerlike konflik is waarneembaar deur die veranderde emosies wat ’n karakter ervaar weens die stryd wat sy in haar gedagtes ervaar.

Enige tipe konflik het gewoonlik sekere gevolge. Uiterlike konflik kan aanleiding gee tot innerlike konflik soos in die geval van Ester wat uiterlike konflik ervaar weens Nonthando se verraad. Dit lei daartoe dat sy jaloers raak en Nonthando straf uit weerwraak. Hierdie handeling van haar veroorsaak innerlike konflik omdat sy met ’n pynlike geheim moet saamleef wat haar, Nonthando en Mila se lewe in ’n ander rigting stuur.

### 3.1 Innerlike konflik

**Ester**

Ester is op ’n jong ouderdom in **konflik met die omgewing** waarin sy haar bevind. Na haar broer se dood begin haar ma haar afskeep. Sy word emosioneel mishandel omdat sy ’n gebrek aan liefde van haar ma ervaar. Sy sien hoe haar ma net aan Annabelle aandag gee. Sy hoor dat haar ma sê dat Ester haar nie nodig het nie en ervaar hoe haar ma haar verantwoordelikheid as ’n moeder op haar pa en Nomsa afskuif. Dit lei daartoe dat sy jaloers raak op Annabelle. Toe Annabelle sterf, voel dit vir Ester asof dit haar skuld is omdat sy jaloers was op haar babasussie.

Magdaleen se emosionele ineenstoring laat Ester aan die lot van die buurvrou oor wat haar skool toe en terug vervoer. Terwyl hulle eendag vir die groter kinders by die hoërskool wag, luister Ester na ’n gesprek tussen Maryna en ’n ander vrou. Sy voel verontreg omdat hulle so skinder van haar ouers en boonop die polisie na Dassiepoort wil stuur. Selfs na haar troue met Wouter onthou sy haar skoonma se woorde en dit lei tot ’n ongemaklike verhouding tussen haar en haar skoonma.

Die konflik tussen Ester, Mateo en Nonthando lei tot ’n lewenslange wrok. Dit ontneem vir Mila van ’n pa, vernietig die lewe waaraan Nonthando gewoond was en lei daartoe dat sy nooit wil trou nie. Ester se impulsiewe vernietiging van die briewe is die oorsaak van haar innerlike konflik. Sy leef met ’n geheim wat later depressie veroorsaak.

As gevolg van die uiterlike konflik het sy die persone vir wie sy die liefste was verloor. Om die verlede te ontglip wat haar soos ’n skaduwee volg, slaan sy haar hand aan haar eie lewe. Die poging misluk en veroorsaak verdere konflik tussen haar en Dewald.

Die dag van Nonthando se begrafnis kry Ester dit reg om haar innerlike konflik te ontlont deur die waarheid te praat. Die waarheid lei tot vreugde, vrede en vergifnis in die Labuschagne-gesin.

**Mila**

Mila en Nonthando was ongeveer ’n jaar voor haar ma se dood in ’n hewige woordewisseling. Die oorsaak van hierdie konflik was omdat Mila haar ma wou oorreed om saam met haar na Spanje te reis om haar pa te gaan soek, maar Nonthando het geweier om saam te gaan. Nonthando was bang dat sy die lewe van Mateo en sy gesin sal deurmekaar krap omdat sy geglo het dat hy lankal aanbeweeg het. Sy wou nie meer hartseer veroorsaak nie.

Mila was woedend en het besluit om self ondersoek in te stel. Haar innerlike konflik is nie ontlont deur die oorsese besoek nie, want sy het besef sy het ’n fout gemaak toe sy vir Mateo met twee kinders sien. Sy was met haar terugkeer steeds vies vir haar ma en het selde vir haar in KwaNomzamo gekuier. Die wrywing tussen Mila en Nonthando is verder aangevuur deur haar ma se sagmoedige geaardheid, want sy het altyd geglo dat Ester na haar toe sal terugkom en was steeds lief vir haar ten spyte van wat sy aan haar en aan Mila gedoen het.

Toe Nonthando onverwags sterf, veroorsaak dit dat Mila haarself verwyt omdat sy toegelaat het dat ’n simpel woordewisseling daartoe gelei het dat sy haar ma afskeep. By Kaap St Francis kry Mila berusting en vra haar ma in haar gedagtes om verskoning.

Ester se belydenis by die begrafnis maak vir Mila kwaad en sy gaan terug na Johannesburg. Tog oorwin die liefde alle dinge, sy leer om in vrede met haar skoonma saam te leef en vind vreugde saam met Dewald en haar kinders.

Ander innerlike konflik in *Somtotaal* is: Magdaleen Maree se konflik as gevolg van haar kinders se dood, Nonthando se wroeging oor Mateo wat haar verlaat het, en Dewald en Elanie se skuldgevoelens oor hulle ma se selfdoodpoging.

## 3.2 Uiterlike konflik

**Hannes Maree**

Hannes Maree is eintlik ’n besadigde persoon wat nie konflik uitlok nie en probeer om die vrede te bewaar. In die uiterlike konflik tussen hom en sy vrou, Magdaleen, probeer hy aan haar verduidelik dat hy bekommerd is oor haar omdat sy nie oor Hansie rou nie. Sy begin hom verwyt oor Hansie se dood terwyl hy aan haar probeer verduidelik dat dit net ’n ongeluk was, maar sy wil nie na hom luister nie. Sy gee ook nie om dat sy vir Ester afskeep nie en

plaas alle toekomstige verantwoordelikheid op Hannes se skouers. Hy is die een wat vir Ester probeer troos toe Nomsa vir hom sê dat Ester alles gehoor het wat haar ma sê.

Hannes gee baie om vir Nomsa en Nonthando en word baie kwaad as iemand hulle te na kom. Hy is woedend toe die polisie nie laat weet dat Nonthando in ’n ongeluk was nie. Hy berispe die polisieman in die polisiekantoor omdat hulle nie genoeg moeite gedoen het om ’n oproep na Dassiepoort te maak nie. Dieselfde polisieman loop weer deur toe ’n lid van die gemeenskap hom na Dassiepoort stuur om ondersoek in te stel of Hannes ’n verhouding met Nomsa het. Jans Labuschagne en die dominee is ook voorheen deur Hannes van die plaas af weggejaag.

**Ester, Mateo en Nonthando**

Die belangrikste konflik in die roman is die uiterlike konflik tussen Ester, Mateo en Nonthando. Ester is gebroke toe die man wat sy vir haarself toegeëien het ’n vals beeld voorhou en verlief raak op Nonthando. Ester storm vervaard weg toe sy vir Mateo en Nonthando in die middel van die nag betrap tydens ’n intieme oomblik by die vuur.

Ester is so geskok dat sy nie in ’n woordewisseling betrokke raak nie, maar net ’n gesmoorde kreet uiter, weghardloop en haar in haar kamer toesluit. Sy weier om met Nonthando te praat, maak snedige opmerkings na Mateo weg is en sê dat hy net vir Nonthando gebruik het. Sy pos nie die brief wat Nonthando vir Mateo geskryf het om hom in te lig van haar swangerskap nie en vernietig later ook Mateo se brief.

Daar is geen poging van Ester se kant af om die vertrouensbreuk te herstel nie. Ester se onvergewensgesindheid dwing haar om alles in die verlede te probeer uitwis deur vir Nonthando en haar dogter, ná Nomsa se dood, van die plaas af weg te jaag.

As sy maar net die waarheid gepraat en om verskoning gepraat het, sou Nonthando en Mila ’n beter lewe gehad het. Sy sou nie met die ewige skuldige gewete gesit het nie. Sy sou ook nie Mila se lewe hel gemaak het met haar geniepsige aanmerkings nie. Maar sy het nie; daarom probeer sy haar eie lewe neem.

Die verraad van Nonthando en Ester se onvergewensgesindheid sluit aan by die motto’s van die roman.

Ander belangrike uiterlike konflik is byvoorbeeld die woordewisselings tussen Ester en Dewald en die konflik tussen Mila en Ester.

## 4. Verteltyd en vertelde tyd

**Verteltyd** is die tydperk waarin die gebeure in die verhaal afspeel. Die verteltyd sluit nie terugflitse in nie. Die verhaal speel af in vier dae, van die Woensdagoggend toe Ester probeer selfdood pleeg het tot die Saterdag van Nonthando se begrafnis.

Hoofstuk 60 en 61 is die afloop van die roman en speel af in ’n onbepaalde tyd ’n paar jaar later. Dit verwys na Dewald en Mila wat getroud is, die kinders wat uit die huwelik gebore is en Ester wat vrede gemaak het met die verlede en op die toekoms fokus. Die verhaal speel ongeveer in Maart 2020 af.

**Terugflitse**

Ester se herinneringe word deur middel van gedagtegang en denkbeeldige gesprekke met ’n sielkundige weergegee. Hierdie terugflitse dek haar grootwordjare op Dassiepoort, die dood van Hansie, Annabelle en haar ma; haar vriendskap met Nonthando; die verhouding met Mateo in Desember 1988; haar pa en Nomsa se dood en kort grepe uit haar huwelik met Wouter, asook sy dood.

Mila dink terug aan die aand wat Ester vir haar en haar ma van Dassiepoort af weggejaag het. Ander terugflitse sluit in haar grootwordjare in KwaNomzamo, haar kuiers op Paardenkraal terwyl sy en Dewald op skool was, en herontmoetings met Dewald op Humansdorp.

Die tyd wat dit neem om die verhaal te vertel, word in die geskrewe teks aan die hoeveelheid bladsye gemeet. Dit word die **vertelde tyd** genoem. Die vertelde tyd in *Somtotaal* is 244 bladsye.

## 5. Milieu – tyd en ruimte

Milieu verwys na die ruimte en die tyd waarin die karakters in ’n verhaal hulle bevind, maar sluit ook die plekke en tydperk waaraan die karakters dink in. Ester dink terug aan haar kinderdae op Dassiepoort. Sy het grootgeword op Dassiepoort in die **apartheidsjare** waar daar ’n duidelike skeiding tussen swart en wit mense was. Ester het egter nie kleur raakgesien nie en kon nie verstaan waarom Nonthando nie saam met hulle kon see toe gaan nie.

Ook Hannes Maree, Ester se pa, het hom nie gesteur aan die ongeskrewe reël dat swart en wit nie mag meng nie en het ’n verhouding met sy Xhosa-huishulp, Nomsa, aangeknoop. Die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike (1949) is wel in 1991 opgehef,

Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB-Uitgewers 

maar enige persoon wat met ’n ander ras ’n verhouding gehad het, is anders behandel en veroordeel. Dit is die rede waarom Hannes verkies het om hom aan die gemeenskap te onttrek sodat Ester die gemeenskap se oordeel gespaar moes wees.

Die skeiding wat apartheid in Suid-Afrika gebring het, is duidelik te bespeur in die roman. Alhoewel Nomsa en Hannes mekaar lief het, slaap hulle in die geheim saam. Die bure keur nie die verhouding goed nie en stuur die polisie na Dassiepoort om ondersoek in te stel. Selfs die ander plaasarbeiders, Aphiwe en Sipho, is vasgevang in rassehaat. Sipho wil skade berokken aan die plaas en veroordeel Nomsa se verhouding met Hannes.

“Nie net hy nie, Aphiwe ook. Eintlik almal wat weet. Hulle sê sy kruip in by die vyand.” (Hoofstuk 39)

Nonthando het ’n heldeverering vir die Marees. Sy het ten spyte van die feit dat Ester haar van die plaas af weggejaag het nooit sleg gepraat van haar of haar ouers nie. Vir Mila was die manier waarop haar ma verneder is onaanvaarbaar. Sy kry op skool te doen met Ester Labuschagne se skerp tong en haat haar met ’n passie. Vir haar is Dassiepoort slegs ’n plaas in wit besit.

Alhoewel Ester alles in haar vermoë gedoen het om Mila en Dewald van mekaar weg te hou, is sy nie rassisties nie. Dit was omstandighede buite haar beheer wat veroorsaak het dat sy Mila verneder het tydens haar kuiers op die plaas.

**Dassiepoort** is geleë langs die Indiese Oseaan in die omgewing van Jeffreysbaai. Dit is die Marees se familieplaas wat van geslag tot geslag aan die oudste seun bemaak word. Die enigste twee uitsonderings was Hannes, wat die tweede oudste seun was, want sy broer het nie belanggestel om te boer nie, en Ester wat die enigste oorlewende Maree was. Dassiepoort is ’n spogplaas waar daar met skaap en bees geboer word.

In Ester se vroeë kinderjare was Dassiepoort ’n gelukkige plek. Hansie en Ester het graag saam met Nonthando en Sipho gespeel en saam kattekwaad aangevang. Die gesin was gelukkig en het daarvan gehou om bordspeletjies te speel en daar was baie lig in die huis. Nomsa het gesorg dat daar altyd varsgebakte brood, konfyt en vol koekieblikke was, want Magdaleen was nie veel van ’n bakster nie en het eerder in die veld rondgeloop en veldplante met houtskool geteken.

Hansie se dood het die vrede in Dassiepoort versteur. Magdaleen het in die huis gedwaal, terwyl Hannes in ’n bondeltjie op die bed gelê het. Rusies het tussen Ester se ouers ontstaan omdat Magdaleen vir Hannes verwyt het dat hy agterlosig was om vir Hansie te leer om trekker te bestuur en nie goed genoeg na hom gekyk het nie.

Na Hansie se dood het Magdaleen begin om vir Ester af te skeep en al haar aandag aan Annabelle geskenk. Toe Annabelle kort na Hansie oorlede is, het die lig uit die huis verdwyn, want die gordyne was meestal toegetrek. Magdaleen het selfdood gepleeg omdat sy nooit oor die dood van haar kinders kon kom nie. Hannes het na ’n ander kamer getrek waar hy en Nomsa in die geheim saam op ’n enkelbed geslaap het.

Na Hannes se dood het Nomsa verblyfreg op die plaas gekry en het daar gewoon tot haar dood. Nonthando is ook op Dassiepoort begrawe.

**Paardenkraal** was die plaas van Jans en Magda Labuschagne. Hulle was sterk gekant teen Hannes en Nomsa se verhouding. Na Hannes se dood het hulle seun, Wouter, Dassiepoort bestuur. Toe Ester swanger raak met Elanie, is sy en Wouter getroud en het aanvanklik op Dassiepoort gewoon. Ester se skoonouers het haar nooit heeltemal aanvaar nie.

Wouter en Ester het ná sy ouers se afsterwe na Paardenkraal getrek. Elanie was matriek en Dewald was sestien toe Wouter skielik aan ’n hartaanval oorlede is. Ester het ’n plaasbestuurder aangestel en op die plaas aangebly. Nadat Dewald sy graad voltooi het, het hy by Ester op Paardenkraal gewoon en die boerdery oorgeneem.

Ester het ’n jaar later ’n huis in Humansdorp gekoop en alleen daar gaan woon. **Ester se huis op Humansdorp** het nooit soos haar eie gevoel nie. Sy het verseg om ’n ander dubbelbed te koop omdat sy die nabyheid van Wouter kon voel op die kant van die bed waar hy geslaap het. Ester was eensaam op die dorp, met net die televisie en radio as geselskap. Haar buurvrou, Nattie, is ’n goeie mens, maar soms irriteer sy vir Ester.

In Ester se kamer is rye fotorame teen die muur. Sy heg besondere waarde aan die een in die middel van haar en Nonthando as kinders en kyk soms met heimwee en hartseer daarna. Sy onthou die goeie tye voor 1989, maar raak hartseer wanneer sy dink aan hoe hulle vriendskap geëindig het.

Ná Ester se ontslag uit die hospitaal pas Elanie en Dewald haar om die beurt op, want hulle vrees dat sy weer sal probeer selfdood pleeg. Sy dwaal saans deur die huis wanneer sy nie kan slaap nie en kruip weg as Nattie onaangekondig by haar huis opdaag.

**Humansdorp** is ongeveer een en twintig kilometer vanaf Jeffreysbaai. **KwaNomzamo** is die swart woonbuurt waar antie Sofie en umalume uThemba woon. Nonthando het in ’n klein woonstelletjie in hulle erf gebly. Daar is ’n groentetuin op die erf wat Nonthando en umalume uThemba saam aangeplant het. Nonthando het ’n nederige woning. Daar is slegs ’n stort met beperkte watertoevoer.

Mila het as kind niks gehou van die arm woonbuurt met die dronk oompies, blaffende honde en skellende anties nie. Tog het sy gou aangepas. Toe Mila in Johannesburg

begin werk, het sy vir haar ma ’n huis in die gegoede woonbuurt Boskloof gekoop, maar Nonthando het verkies om in KwaNomzamo te bly.

Daar is ’n groot kontras tussen Mila se nederige afkoms en haar luukse spreekkamer in **Sandton, Johannesburg.** Sy is ’n suksesvolle kliniese sielkundige en is in ’n vennootskap met ses ander spesialiste. Haar huis in Johannesburg is keurig gemeubileer. Die kleurskema is wit en grys met spatsels pienk (hoofstuk 15). Haar woning is baie privaat en daar is nie gedurig bure of vriende wat inbreuk maak op haar privaatheid nie.

## 6. Taalgebruik

Die taalgebruik in *Somtotaal* is ryk aan **beeldspraak**. Die skrywer gebruik byvoorbeeld ’n **eufemisme** om Hansie se dood in hoofstuk 20 te beskryf: “Twee bene in ’n vaal langbroek, twee voete, een met ’n kous aan, het daaronder uitgestrek” (p. 112). Die atmosfeer word ook treffend beskryf deur **metafore** en **vergelykings**: “. . . dit was asof ’n donker wolk op ’n blouhemeldag voor die son ingeskuif het” (p. 118).

Die dood word **gepersonifieer** deur die verwysing na die doodsengel in hoofstuk 22 wat Ester se vrees vir die dood beklemtoon. “Hy het blykbaar van Dassiepoort gehou, want daar het hy kamp opgeslaan” (p.123). Ester droom van ’n rooi Massey Ferguson-trekker met haaikake wat aan haar hakskene hap-hap.

“Dassiepoort het geween” (p. 125). Hier word **sinekdogee** aangewend sowel as personifikasie. “Dassiepoort” is ’n gedeeltelike aanduiding van al die bewoners op die plaas. ’n Plaas is leweloos en kan tog nie huil nie, maar die mense wel. Daar word selfs na die trekker verwys as ’n “moordtrekker” (p. 126) asof dit die trekker is wat moord gepleeg het alhoewel dit net ’n ongeluk was.

Daar is heelwat dialoog in **Xhosa**. Dit skep ’n gevoel van geloofwaardigheid omdat die inwoners van die Oos-Kaap meestal Xhosa praat. Die korrekte aanspreekvorm vir antie Sofie se man, “umalume uThemba”, word gebruik. Eiesoortige beskrywings word ingespan soos die “skorra-skorra” van umalume uThemba.

Antie Sofie is ’n Afrikaans-onderwyseres, maar leer ook die wit kinders en selfs grootmense om Xhosa te praat. Aangesien die swart bewoners vir jare in die tuislande Transkei en Ciskei gewoon het, was Xhosa die enigste taal wat hulle gepraat het. Hulle het later werk gesoek in die Republiek en die wit werkgewers moes leer om Xhosa te praat om met die werkers te kommunikeer.

Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB-Uitgewers 

Die Xhosas gee graag byname wat by sekere persone pas. Dit verander ook na gelang van hoe die persoon se eienskappe en omstandighede verander. Ester was aanvanklik ’n gelukkige dogtertjie, daarom het die arbeiders op die plaas haar Mivuyo genoem wat “vol vreugde” beteken. Na die dood van Hansie en Annabelle was sy die enigste oorblywende nasaat van die Marees, daarom het sy die naam Sindile, die een wat oorleef, gekry.

Dit is logies dat Mateo nie Afrikaans kan praat nie, want hy is ’n Spanjaard. In die roman is sy dialoog in Engels of in Spaans. Die Spaanse woorde gee geloofwaardigheid aan die verhaal. Hy word deur sy dialoog uitgebeeld as ’n romantiese siel: “Por favor, mi amor.”

In die korporatiewe omgewing, veral in Johannesburg, is die voertaal Engels. Dit is die rede waarom die gesprek tussen Mila en die sekretaresse in hoofstuk 2 in Engels gevoer word.

## 7. Tema

’n Tema is gewoonlik universeel. Dit is dus nie tyd-, plek- of karaktergebonde nie. Die sentrale tema van vergifnis sluit aan by die titel en is ’n samebindende faktor wat die ander temas tot ’n eenheid bind. Omdat *Somtotaal* tematies verdeel is, beteken dit nie dat die temas soos vrees en verlies slegs in daardie betrokke onderafdeling van toepassing is nie, want die temas loop soos ’n goue draad dwarsdeur die verhaal.

Die **boodskap** in ’n roman is meer spesifiek as die tema. Dit dui op ’n mededeling aan die leser en behels dikwels ’n les of morele gedagte. In *Somtotaal* is die boodskap dat ’n mens nie met ’n wrok moet saamleef nie, want dit kan jou eie lewe en die mense vir wie jy die liefste is, vernietig.

### Bespreking van enkele temas

#### Vrees

Ester het van kleins af ’n vrees vir die dood nadat sy haar broer, suster en ma op ’n jong ouderdom aan die dood afgestaan het. Die vrees vir die dood word aangewakker deur die gesprek tussen Nomsa en Nombi, ná Hansie se dood. Hul gesprek verwys na die doodsengel wat op Dassiepoort besoek aflê en ongelukke wat altyd in drieë kom. Dit is waarom Ester daardie aand stilletjies uitglip en by Nomsa gaan slaap, want sy is bang dat die doodsengel haar ook gaan kom haal.

In hoofstuk 29 kan die leser op grond van Mila se gedagtes aflei dat beide Ester en Nonthando ’n vrees vir die dood gehad het: “Haar ma en Ester was bang vir die dood. Hulle

het dit so gepersonifieer dat hulle die grootste gedeelte van hulle vormingsjare oor hulle skouers bly kyk het. Geen wonder Ester het pille gesluk nie."

Toe Ester ná skool die aantreklike Spanjaard, Mateo Sanchez ontmoet, is sy bevrees dat haar pa nie van die uitlander sal hou nie. Sy wil graag met Mateo trou en in Spanje gaan woon, maar is bang vir verandering en die vreemde.

Ná haar pa se dood en die mislukte verhouding met Mateo is Ester bang om alleen te wees, daarom spits sy haar toe op Wouter en trou met hom toe sy swanger raak. Sy het egter huweliksvoorwaardes: Sy wil op Dassiepoort bly en die plaas moet in haar naam bly. Dit is asof sy bang is dat Wouter net agter haar plaas aan is.

Die aand toe Wouter inmekaar sak in die eetkamer was Ester bevrees dat hy sal doodgaan. Sy en Dewald het haastig hospitaal toe gejaag, maar dit was te laat. Selfs die dubbelbed wat sy nie wil vervang nie, is weens haar vrees om alleen te wees. Dit voel vir haar asof haar man nog by haar is as sy aan sy kant van die bed raak.

Die droom wat Ester oor Nonthando het, maak haar so beangs dat sy na die bottel slaappille gryp en 'n einde aan haar lewe probeer maak. Haar diepste vrees is gewortel in haar vrees vir die waarheid. Sy leef al jare saam met die wete dat sy Nonthando en Mila se lewe vernietig het. Sy is bang om vir Mila die waarheid te vertel, maar skraap tog moed bymekaar om dit te doen. Dit is eers toe Ester haar vrese besweer dat sy daarin slaag om van die spoke van die verlede ontslae te raak en 'n volwaardige lewe te lei.

Mila word getraumatiseer deur haar ma se dood. Dit maak haar bang, daarom wil sy nie glo dat haar ma dood is nie. Sy is ook bang om in haar ma se woning in te gaan of in haar bed te slaap.

In KwaNomzamo was die vyfjarige Mila bang vir die lawaaierige inwoners van die township. Tog het sy later vrede gemaak met haar omstandighede. Op dertien was sy op haarself aangewese toe haar ma vir vier jaar in Port Elizabeth studeer het en sy vir haarself moes sorg. Op hoërskool was Mila bang vir Ester omdat sy haar altyd verkleineer en verneder het voor ander mense. Hierdie vrees het later in haat verander.

Elanie en Dewald is bang dat hulle ma weer sal probeer selfdood pleeg. Dit is waarom hulle beurte maak om haar op te pas. Hannes Maree het dieselfde vrees ervaar toe sy vrou twee maal probeer selfdood pleeg het. Hy kon egter nie die derde poging verhoed nie.

Hannes was bang dat die gemeenskap vir Ester sal kruisig as hulle hoor van sy verhouding met Nomsa, daarom vermy hy mense en probeer die verhouding geheim hou. Uit vrees dat iemand van sy verhouding met Nomsa moet uitvind, sluip sy saans in die donker na sy huis toe.

Dewald is bang dat hy Mila vir altyd sal verloor as sy teruggaan na Johannesburg, daarom smeek hy haar om te bly. Hy is selfs bereid om saam met haar te gaan. Mila en Dewald se troue laat die vrees van Ester, Mila en Dewald verdwyn en hulle ervaar vrede en vreugde.

**Verlies en verdriet**

Ester het voor die einde van 1989 toe sy ongeveer agtien was haar hele gesin aan die dood afgestaan. Met die dood van Hansie en Annabelle verloor Ester nie net haar broer en babasussie nie, sy verloor ook die liefde van haar ma en ’n gelukkige gesinslewe. Haar ma gee net aandag aan Annabelle ná Hansie se dood en skeep Ester af.

Ester luister eendag ’n gesprek tussen haar ouers af en hoor haar ma sê: “Sy het my nie nodig nie” en: “Ek het nie nou tyd vir haar nie, doen jy vir ’n verandering iets” (albei voorbeelde op p. 129, hoofstuk 2). Ester vertel nie vir haar kinders dat haar ma haar hand aan haar eie lewe geslaan het nie en sê dat haar ma dood is aan haar hart.

Ná haar pa se dood en Nonthando se verraad twee weke later, voel Ester alleen in die wêreld. Sy verloor haar boesemvriendin se vriendskap en koester wraakgedagtes oor Nonthando omdat sy jaloers is op haar. Met die vernietiging van die briewe en die geld wat Mateo gestuur het, probeer Ester die waarheid vernietig, maar dit raak ’n skaduwee wat haar haar hele lewe volg.

Toe Nomsa oorlede is, jaag sy vir Nonthando en Mila van die plaas af weg, want sy dink sy kan so van die lewende bewyse van die waarheid ontslae raak. Tog voel sy skuldig oor haar dade en dra by tot Nonthando en Mila se opleiding en welsyn.

Wouter se dood was vir Ester ’n groot skok. Die verlies van haar lewensmaat laat Ester alleen en hartseer agter. Sy besef eers na sy dood hoeveel Wouter vir haar beteken het. Die foto’s teen haar muur herinner haar aan die goeie tye voor 1989 en alles wat sy verloor het.

Mila moet sonder ’n pa grootword weens Ester se selfsugtige daad. As dertienjarige dogtertjie moet sy vir haarself sorg toe haar ma in Port Elizabeth studeer. Sy verloor haar onskuldige jeug deur soos ’n volwassene vir haarself huis te hou.

Ester se snedige opmerkings en afjakke in haar hoërskooljare veroorsaak dat Mila haar geloof in die goeie verloor. Sy kan nie verstaan waarom haar ma steeds lief is vir Ester nie.

Mila se verlies van haar ma laat haar met skuldgevoelens. Sy en haar ma het voor haar dood ’n uitval gehad omdat Nonthando nie saam met Mila na Mateo wou gaan soek nie.

Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB-Uitgewers 

Mila besef dat sy kosbare tyd verspil het omdat sy nie genoeg vir haar ma gaan kuier het toe sy nog gelewe het nie.

Weens Ester se negatiewe houding teenoor Mila verloor Mila vir Dewald. Die besef dat Ester haar nooit as Dewald se meisie sal aanvaar nie, veroorsaak dat Mila ná haar studies Johannesburg toe verhuis sonder om vir Dewald in te lig waar sy haar bevind. Sy kan egter nooit van hom vergeet nie, daarom het al haar ander verhoudings skipbreuk gely. Dewald wou ook nooit ’n ander verhouding aanknoop nie, want hy was lief vir Mila. Hulle word na die dood van Nonthando verenig.

Nonthando het die liefde van haar lewe verloor toe Mateo weg is. Sy het geglo dat hy werklik lief was vir haar en kon nie glo dat hy nie haar brief beantwoord het nie. Afgesien van Mateo, verloor Nonthando haar boesemvriendin se vriendskap. Vir jare lank wag sy dat Ester na haar toe moet kom sodat hulle kan vrede maak.

Ná Nomsa se begrafnis jaag Ester vir Nonthando en haar vyfjarige dogtertjie van Dassiepoort af weg. Omdat Nonthando op Dassiepoort gebore en grootgeword het, was sy baie lief vir die plaas en het sy in moeilike omstandighede in KwaNomzamo gewoon en gewerk.

Nonthando sterf as ’n gebroke vrou. Sy het nooit weer kontak gehad met Mateo nie, haar dogter is kwaad vir haar en Ester het nooit kom vrede maak nie. Al vrede wat daar vir Nonthando is, is die ewige rus op Dassiepoort, die plaas waar sy gebore is en haar eerste en enigste liefde ervaar het.

**Verandering en vernedering**

Ester het van ’n jong onskuldige kind verander in ’n jaloerse, verontregte kind. Sy was altyd vol vreugde, want die huis was vol lig, liefde en lag, maar ná die dood van haar broer het die donker gekom.

Dit was asof die huis verander het. Die televisie is nooit meer aangeskakel nie en Nomsa se sagte geneurie is nie meer gehoor nie. Nonthando het minder kom kuier. Sipho het die skool gelos en op die plaas begin werk. Haar pa het langer en harder gewerk, maar selfs wanneer hy daar was, was sy kop nie daar nie, net sy lyf. Haar ma het al haar aandag aan die skreeuende baba gegee. Haar ma en pa, wat voorheen gelukkig was, het skielik begin rusie maak en verwyte rondgeslinger.

Ná Annabelle se dood het die verandering intens geraak. Ester het skuldig gevoel omdat sy jaloers was op Annabelle en het gedink dat haar babasussie se dood haar skuld was. Haar ma het nie meer in die veld gestap en geteken nie. Sy het die meeste van die tyd agter

Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB-Uitgewers 

toegetrekte gordyne in haar slaapkamer gelê en geen aandag aan Ester gegee nie. Wanneer Ester ná skool deur die buurvrou by die huis afgelaai word, het sy eers gekyk of die gordyne oop of toe was. As dit oop was, het sy opgewonde na die voordeur gehardloop, want dan het sy geweet dat haar ma in 'n goeie bui is.

Die dood van Annabelle het 'n geskinder in die gemeenskap veroorsaak. Die arbeiders op die plaas het onder mekaar gepraat en dit het aan die lig gekom dat Ester soms by Nomsa oornag. Jans Labuschagne het glo ook gesien hoe Hannes vir Nomsa omhels.

Die dood van Magdaleen Maree het nog 'n groter omwenteling in die Maree-huishouding veroorsaak. Hannes het die hoofslaapkamer se deur toegesluit en in 'n ander kamer met 'n enkelbed ingetrek. Hy het ook sy verhouding met Nomsa na 'n ander vlak gevat en hulle het 'n bed gedeel. Ester het hierdie verandering verwelkom, want sy was vir die eerste keer in jare gelukkig.

Mateo het Ester se lewe verander. Sy het gedroom van 'n gelukkige lewe in Spanje. Die droom was egter van korte duur, want 'n sameloop van omstandighede het dit vernietig. Haar pa se dood, Nonthando se verraad en die vertrouensbreuk tussen hulle het van Ester 'n ongevoelige mens gemaak. Ester het vernederd en verwerp gevoel. Sy het Nonthando gehaat en haar in weerwraak gestraf deur belangrike inligting van haar te weerhou en vir haar te sê dat Mateo haar net gebruik het.

Ester het Nonthando jare na die ongelukkige voorval van 1989 steeds verneder. In April 1994 het Suid-Afrika 'n demokrasie geword. In Februarie 1994 is Nomsa oorlede. Sy kry dus nooit die geleentheid om haar stemreg te gebruik en 'n verandering in Suid-Afrika te maak nie. Ná die begrafnis het Ester vir Nonthando verneder deur vir haar te sê dat sy haar nooit nodig gehad het nie. In haar dronkenskap het sy vir Nonthando allerhande venynige skeldname genoem en haar weggejaag in die middel van die nag.

Mila het ook deurgeloop onder Ester se weerwraak. Deur Mila voor haar maats te verneder toe sy op die plaas saam met Dewald kom kuier het, het sy probeer walgooi teen Dewald en Mila se vriendskap.

Die rede vir Ester se poging om haarself om die lewe te bring was weens die onreg wat sy in die verlede aan Nonthando gedoen het. Haar skuldige gewete het aan haar gevreet, maar sy het vir jare 'n skans voorgehou en gemaak asof sy gelukkig is – tot die dag toe alles vir haar te veel geraak het.

Ester se kinders voel vernederd en verward omdat sy probeer selfdood pleeg het. Dewald is woedend en wil by haar weet hoe sy dit aan hulle kon doen, maar sy weier om met hom of Elanie die rede vir haar daad te deel.

Albei haar kinders gaan uit hulle pad om haar by te staan en op te pas. Ester is nie ten gunste daarvan dat Elanie verlof by haar werk moet vat om na haar om te sien nie. Sy besluit die dag van Nonthando se begrafnis om op haar spore terug te loop in die verlede en ’n belydenis te doen. Sy is ook bereid om te verander en vir terapie na Hunterscraig te gaan.

**Jaloesie, selfsug en leuens**

Ester is van kleins af jaloers op Nonthando se pragtige blink vel, veral as Nomsa haar met Vaseline insmeer. Toe Hansie oorlede is, het Ester se ma meer aandag aan die baba gegee en vir Ester afgeskeep. Sy raak jaloers op ’n onskuldige baba. Toe Annabelle sterf, voel Ester skuldig oor haar jaloesie en wonder of sy nie weens haar jaloesie skuld het aan Annabelle se dood nie.

Ester was baie selfsugtig wanneer sy en Nonthando as kinders gespeel het. Nonthando kon nooit kies wat hulle moes speel nie, want sy moes altyd doen wat Ester wou hê hulle moes doen.

Toe Ester vir Mateo en Nonthando by die vuur betrap, is sy geskok. Die skok verander egter in jaloesie toe Nonthando swanger raak. Ester kraak Nonthando af en sê dat Mateo haar net gebruik het. Sy voel verneder en is groen van jaloesie, want sy voel dit moes sý wees wat swanger geraak het en nie Nonthando nie.

Ester pos nie Nonthando se brief nie, maar skeur dit op en gooi dit weg. Die brief en geld wat Mateo ’n paar maande later vir Nonthando via Ester stuur, beland in die Aga se vuur weens Ester se verterende jaloesie. Toe sy swanger raak met Elanie besef sy vir die eerste keer dat ’n kind ’n vader nodig het, maar sy weier om die waarheid te vertel of vir Nonthando te vergewe vir haar verraad.

Eers na haar mislukte selfdoodpoging en Nonthando se dood besef Ester dat sy nie langer aan ’n leuen kan vashou nie en dat haar jaloesie baie skade veroorsaak het. Sy vertel uiteindelik die waarheid en is bereid om na Hunterscraig te gaan vir terapie.

Ander temas in die roman is onder andere verraad, skuldgevoelens, woede, wraak, rou, die dood, depressie, straf, die invloed van apartheid, verhoudings, vriendskap, onreg, gebrek aan vergifnis, verwerping, vrede en vreugde.

## 8. Motiewe (leitmotiv) en simboliek

’n Deurlopende of herhalende motief is ’n sekere voorwerp, gedagte, karakter, gebeurtenis of ’n abstrakte idee wat deur die loop van die verhaal voortdurend voorkom. Die deurlopende motief hou verband met temas wat in die verhaal na vore kom. Die funksie van die deurlopende motief in *Somtotaal* is om sekere gedagtes te beklemtoon. So word Ester en Mila se wroeging met dinge wat hulle pla aan die leser oorgedra.

Die **geraamde foto’s van Nonthando en Ester as kinders** kom telkens deur die loop van die verhaal na vore. Ester word vervul met heimwee wanneer sy na die foto kyk wat in die middel, tussen ander foto’s, teen haar slaapkamermuur hang. Dit herinner haar aan die gelukkige jare op Dassiepoort toe sy en Nonthando nog boesemvriende was. Dit laat haar ook dink aan hoe anders die lewe sou gewees het as Nonthando haar nie verraai het nie.

Ester het ’n vergroting van die foto geraam en ’n ruk gelede vir Nonthando gegee. Die foto het ’n ereplek teen Nonthando se slaapkamermuur gekry. Nonthando het waarskynlik ook met heimwee na die foto gekyk, want sy het altyd gewag dat Ester na haar toe moes terugkom en dat hulle weer soos voorheen kan vriende wees.

Vir Mila het die foto ’n heel ander betekenis. In hoofstuk 15 is dit duidelik dat die foto haar met weersin vervul, want sy haat Ester Labuschagne as gevolg van dit wat sy aan haar en haar ma gedoen het. Mila kan nie verstaan waarom haar ma die foto van die persoon wat haar die seerste gemaak het, gehou het nie.

Die **Baboesjka-poppies** wat Ester by Dewald ná sy reis na Rusland gekry het, is ’n deurlopende motief. Die poppies is delikate handewerk wat ’n Russiese egpaar self uit berkehout gekerf en geverf het. In hoofstuk 8 dink Ester aan die poppies wat ’n geheim, binne ’n geheim, binne ’n geheim openbaar. Die poppies is ’n simbool van moederskap en die uitbreiding van die nageslag. Dit simboliseer ook die mens se drome en stories, verhoudings en ervarings. Die kleinste poppie is ’n simbool van die mens se siel.



**Foto: Baboesjka-poppies** © Didssph/Unsplash.com

Nadat sy uit die hospitaal ontslaan is, kyk Ester na die poppies wat op haar laaikas in haar slaapkamer uitgestal is. Toe die geskenk nuut was, het sy dit gedurig op verskillende maniere uitgepak. Dit staan nou in ’n skewe ry, ’n bewys dat Ester nie deur selfdood kon ontvlug en die geheim saam met haar graf toe kon vat nie.

Ester het ’n sielewroeging oor dit wat sy in die verlede gedoen het en die hartseer wat sy daardeur veroorsaak het. Met Nonthando wat dood is, weet sy nie wie haar kan kwytskeld van die foute wat sy in die verlede gemaak het nie. Tensy sy die geheim vir Mila vertel . . .

**Skoene en klere**

Mila doen gereeld inkopies in Hyde Park en Sandton City waar sy die duurste ontwerperskoene, handsakke en sonbrille koop. Die Christian Louboutins en die Jimmys laat haar beter voel, en simboliseer dat sy weggebreek het van die swaarkry van die verlede en die armoedige buurt waar sy grootgeword het. Die prys van Christian Louboutin-skoene in Suid-Afrika is gemiddeld R10 000.

Mila is gesteld op haar voorkoms. Sy het haar ma probeer oortuig om afstand te doen van die kopdoek wat sy altyd dra omdat die kopdoek haar herinner aan die onderdrukking van die apartheidsregime. Die kontras tussen ma en dogter word deur hulle voorkeur vir skoene en klere beklemtoon. Nonthando het ’n voorliefde gehad vir “no name brands” (p. 80) en het eerder haar salaris spandeer om die lewe van die minderbevoorregtes te vergemaklik, waar Mila ydel is en net aan haarself dink en die meeste van haar geld aan duur artikels bestee.

Toe Mila na Humansdorp stap om haar ma se begrafnis te reël, trek sy haar ma se tekkies aan, maar sit die Steve Madden-skoene in haar sak sodat sy dit kan aantrek as sy in die dorp kom.

Ander belangrike deurlopende motiewe in die roman is: selfdood, lig en donker, die kontras tussen welvaart en swaarkry (rykdom en armoede), die see, briewe en leuens.

## 9. Karakterisering

Die karaktereienskappe van die karakters in ’n roman word op verskillende maniere aan die leser openbaar. Karakters kan gekarakteriseer word op grond van hulle voorkoms, dialoog,

Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB-Uitgewers 

gedagtegang (dit wat die karakter dink), handeling (dit wat die karakter doen), hoe hulle in ’n sekere omgewing optree of die manier hoe hulle konflik hanteer. Dit word implisiete karakterbeelding genoem. Eksplisiete karakterbeelding word geopenbaar deur dit wat die verteller aan die leser meedeel en dit wat ander karakters oor die karakter sê of dink.

As gevolg van insidente in ’n karakter se lewe kan die karakter anders optree as wat die leser haar leer ken het. Daar is gewoonlik karakterontwikkeling te bespeur by die hoofkarakter (protagonis), daarom is die hoofkarakter ’n ronde karakter. Die hoofkarakter staan sentraal in die verhaal en die meeste gebeure draai om haar lewe.

Newekarakters is ander belangrike karakters in die verhaal wat die lewe van die protagonis beïnvloed en die hoofkarakter se eienskappe belig. Buiten die antagonis word die ander karakters nie so deeglik in die verhaal uitgebeeld nie. Newekarakters ondergaan selde karakterontwikkeling en bly deur die loop van die verhaal dieselfde, daarom word hulle plat of vlak karakters genoem. Karakters wat geen noemenswaardige rol in die verhaal vertolk nie is randkarakters.

## Die Marees

### Hannes

Hannes Maree bly sy hele lewe lank op Dassiepoort. Hy was die tweede oudste seun en het die plaas by sy ouers geërf. Tradisioneel is die plaas van geslag tot geslag aan die oudste seun bemaak, maar Hannes se oudste broer was ’n suksesvolle sakeman en het nie belanggestel in die boerdery nie.

Hannes is ’n eiewillige mens wat hom nie laat voorskryf nie. Toe sy vrou hom wou leer om slegs een keer per dag rooivleis te eet, het hy botweg geweier en vir Nomsa, die huishoudster, voorgesê watter tipe kos om voor te berei omdat hy daarvan hou om lekker te eet.

Hannes is ’n hardwerkende skaap- en beesboer, wat soms in die see gaan hengel. Hy is baie lief vir sy vrou en kinders en is verslae toe sy seun Hansie in ’n trekkerongeluk sterf. Hy spreek sy vrou aan omdat sy vir Ester afskeep en probeer Ester troos toe hy besef dat sy die rusie tussen hom en Magdaleen afgeluister het. Na Hansie se dood het hy vir dae in die fetusposisie op die bed gelê en waarskynlik homself verwyt. Daarna het hy langer en harder as tevore gewerk en belangeloos voorgekom.

Hannes word nie maklik kwaad nie, maar die dag as hy sy humeur verloor, is hy vurig. Hy vaar uit teen die polisieman by die stasie omdat hulle nie genoeg moeite gedoen het

om plaas toe te bel na Nonthando se ongeluk nie. Hannes jaag vir Jans en die dominee weg van die plaas af omdat hulle sy verhouding met Nomsa veroordeel. Die polisieman wat uitgestuur word om ondersoek in te stel, moet ook vinnig die hasepad kies.

Hannes se liberale uitkyk in die apartheidsjare word deur die gemeenskap en die plaasarbeiders verafsku, maar hy steur hom nie daaraan nie. Uit respek vir sy oorlede vrou se nagedagtenis en ter wille van Ester sluit hy die kamer wat hy met sy vrou gedeel het en slaap in ’n ander kamer.

Dit is ironies dat Ester bang is dat haar pa haar keuse van ’n geliefde nie sal aanvaar nie omdat hy van ’n ander land of ras is terwyl haar pa self oor die kleurgrens vry. Ester se vrees dat haar pa nie vir Mateo sal aanvaar nie, blyk onnodig te wees, want hy sterf voordat hy hom kon ontmoet. Hannes is regverdig en sorg dat Nomsa na sy dood versorg is. Hy bepaal in sy testament dat Nomsa lewenslange verblyfreg op Dassiepoort moet hê en belê ’n kontantbedrag vir haar.

**Magdaleen**

Magdaleen was ’n stadsmeisie en kon nooit aan die plaas gewoond raak nie. Sy het aanvanklik ’n poging aangewend om te leer kosmaak, maar dit later aan Nomsa oorgelaat. Sy het uit die staanspoor die vlieë op die plaas verpes en was geïrriteerd met die branders van die see.

Magdaleen was passievol oor teken. Sy het daarvan gehou om in die veld te stap en die veldplante te skets. Haar voorliefde vir kuns het sy ook aan die arbeiders op die plaas se kinders probeer oordra deur hulle te leer teken.

Magdaleen was lief vir haar kinders, maar sy het die verantwoordelikheid van kinders grootmaak op Nomsa se skouers afgeskuif. Nomsa was die een wat moes pleisters plak en troos as een van die kinders seergekry het. Sy verontskuldig haarself aangaande Hansie se dood en glo dat die dood van haar seun slegs Hannes se skuld is.

Magdaleen het baie gelag voor haar kinders se afsterwe, maar dit was asof die doodsengel haar nie net van haar kinders beroof het nie, maar ook van haar vreugde. Nomsa het geglo dat Annabelle dood is omdat daar te veel trane in haar melk was. Magdaleen het haar enigste oorlewende kind afgeskeep al het Ester haar ma se liefde so nodig gehad.

Ester het vir almal vertel dat haar ma dood is aan haar hart. In ’n mate was dit seker die waarheid, want Magdaleen was gebroke en wou niks anders doen as om te treur nie. Na twee onsuksesvolle pogings slaag sy die derde keer daarin om haarself om die lewe te bring. Sy was agt en dertig toe sy dood is.

**Ester (protagonis)**

Die protagonis (hoofkarakter) in *Somtotaal* is Ester Labuschagne. Die hele verhaal draai om haar en die meeste verteltyd word aan haar afgestaan. Deur middel van terugflitse word haar lewensverhaal vertel. Die leser neem kennis van haar traumatiese vormingsjare, die verliese en vernedering wat sy as kind en jong meisie ervaar het.

Ester was as kind baasspelerig wanneer sy en Nonthando saamgespeel het. Sy het baie gelag toe sy klein was en is Mivuyo genoem. Na die dood van haar broer en suster word sy Sindile, die een wat oorgebly het.

Ester is nuuskierig en luister graag haar ouers se gesprekke af. Sy raak jaloers op Annabelle toe haar ma haar begin afskeep. Sy neem haar toevlug tot Nomsa omdat sy afgeskeep voel. Sy deel haar vrese en geluk met Nomsa, maar is eiewillig en luister nie altyd na haar raad nie.

As matriekmeisie was Ester ’n verantwoordelike persoon met sober gewoontes, daarom het die drinkery van die ander matrikulante haar nie aangestaan by die partytjie na die matriekafskeid nie. Toe sy vroeër as beplan by die huis kom, sien sy haar pa en Nomsa in een bed. Sy is gelukkig toe sy besef dat haar pa en Nomsa ’n verhouding het.

’n Beeldskone Spanjaard, Mateo Sanchez, slaan Ester se voete onder haar uit. Sy raak mal verlief en vir die eerste keer in haar lewe raak sy onverantwoordelik. Sy hou saam partytjies en slaap by hom oor. Ester is meegevoer deur Mateo se sjarme en droom van ’n lewe saam met hom in Spanje.

Sy was nog altyd jaloers op Nonthando omdat sy mooier en slanker as sy is. Dit is dieselfde groenoogmonster wat veroorsaak dat sy vir Nonthando begin haat na die ongelukkige voorval tussen haar, haar geliefde, Mateo, en Nonthando in 1989. Sy neem vyf maande later wraak op Nonthando omdat sy vernederd voel en Nonthando wil straf oor haar verraad. Haar impulsiewe handeling in Mei 1989 word vir haar ’n selfopgelegde straf – ’n leuen waarmee sy die res van haar lewe moet saamleef.

Ester trou met Wouter toe sy swanger raak met Elanie. Sy is voorskriftelik en stel voorwaardes oor Dassiepoort. Sy en haar skoonma het nie ’n goeie verhouding nie. Na haar skoonouers se dood trek die Labuschagnes na Paardenkraal.

Ester se lewe bestaan uit voorgee, want sy vertel nooit vir Wouter haar diepste en donkerste geheim nie. Sy glo dat sy die verlede kan uitwis deur vir Nonthando en Mila weg te jaag, maar haar skuldige gewete en die feit dat sy onvergewensgesind is, volg haar soos ’n skaduwee.

Ester tree buite haar karakter op toe sy vir Mila verneder en snedige aanmerkings maak tydens haar kuiertjies op die plaas. Sy is intimiderend en probeer alles in haar vermoë om Dewald en Mila van mekaar af weg te hou, want Milagro herinner haar aan haar pynlike verlede en die verkeerde besluite wat sy geneem het.

Na Wouter se dood stel sy ’n plaasbestuurder aan vir die boerdery op Dassiepoort en Paardenkraal. ’n Jaar nadat Dewald die bestuur van die boerdery oorgeneem het, verhuis sy na Humansdorp, waar sy al hoe meer vereensaam en aan depressie ly. Dit gee aanleiding tot haar selfdoodpoging.

Ester is ’n onvergenoegde mens en is woedend omdat Nattie haar gered het. Sy het jare beplan om haar eie lewe te neem. Elanie en Dewald neem haar kwalik dat sy so selfsugtig kon wees. Elanie is baie ondersteunend en wil alles vir haar ma doen, terwyl Dewald kwaad is en lelike aanmerkings oor haar selfdoodpoging maak.

Ester se besluit om Nonthando se begrafnis by te woon, is die eerste stap na genesing om haar lewenskring te voltooi. Sy stem in om na Hunterscraig te gaan vir behandeling. Met haar kinders se ondersteuning en haar liefde vir haar kleinkinders ervaar Ester weer vrede in haar hart.

Dit is die somtotaal van Ester Labuschagne se lewe.

### Hansie en Annabelle

Hansie was ’n gelukkige seuntjie wat graag saam met sy pa op die plaas doenig was. Hy was ses jaar oud toe hy geleer het om trekker te bestuur. Sy swart maatjie, Sipho, het altyd saam met hom gespeel. Hansie was tien jaar oud toe hy vir Sipho wou beïndruk deur te wys hoe goed hy trekker kon ry. Hy het hom misgis en teen ’n afdraand afgery. Die trekker het bo-op hom beland en hy is op slag dood.

Annabelle was ’n koliekbaba en het die meeste van die tyd gehuil. Nomsa het vir Magdaleen gesê dat die baba nie genoeg borsvoeding kry nie en eerder poeiermelk moet drink. Daar is bottels en Nan-melkpoeier gekoop, maar drie en twintig dae na Hansie se dood sterf Annabelle in haar slaap.

## Die Majolo’s

### Nomsa

Nomsa Majolo was swanger met Nonthando toe sy uit Transkei gevlug het om weg te kom van ’n gewelddadige man. Sy het op Dassiepoort ’n heenkome gevind en die Marees was

goed vir haar. Omdat Magdaleen Maree nie juis ’n huisvrou was nie, het Nomsa meestal die kos in die huis gemaak. Nomsa was soos ’n ma vir Hannes en Magdaleen se kinders, veral vir Ester. Nomsa was eintlik almal se ma. Sy is die een wat getroos het en vir die kinders opgekom het as hulle hartseer was. Nomsa en Nonthando leer vir Ester om Xhosa te praat.

Na Hansie se dood was Nomsa die moederfiguur in Ester se lewe, want haar ma het net aandag gegee aan Annabelle. Soms het Ester in die nag weggesluip na Nomsa se huis omdat sy veilig gevoel het daar.

Toe Magdaleen emosioneel in duie stort na haar kinders se dood was Nomsa die behoudende faktor in die huishouding. Sy en Hannes het nader aan mekaar beweeg. Na sy vrou se dood het Hannes ’n bed met Nomsa gedeel. Ester was baie bly toe sy uitvind van haar pa se verhouding met Nomsa, want sy het geborge gevoel in haar nuwe gesin.

Die oggend van Hannes se dood het Nomsa voorgegee dat sy nie daar geslaap het nie sodat daar nie bewyse is vir die skinderstories van die gemeenskap nie. Hannes bepaal in sy testament dat Nomsa lewenslange verblyfreg op Dassiepoort het en sien toe dat sy selfversorgend kan wees en op Dassiepoort kan aftree. Nomsa is op Dassiepoort begrawe.

**Nonthando (tritagonis)**

Nonthando, wat liefde beteken, word op Dassiepoort gebore. Sy is twee jaar ouer as Ester en van kleins af is dié twee baie groot maats. Soggens eet hulle saam pap aan die kombuistafel. Hulle speel saam, klim in die moerbeiboom en kry saam pak as hulle klere vol moerbei is. Hulle jaag ook saam kattekwaad aan en is byna dood toe hulle ’n vuur naby die bale maak en dit aan die brand slaan.

As klein dogtertjie het Nonthando altyd na Ester se pype gedans. Weens apartheid moes Nonthando na die skool in die lokasie gaan en kon nie dieselfde skool as Ester bywoon nie. Sy was eenmaal in ’n ongeluk op pad terug huis toe en het haar enkel gebreek en ’n sny op haar gesig gehad.

Nonthando en Ester het daarvan gehou om in die hoofslaapkamer te speel en Ester se oorlede ma se klere aan te trek. Hulle gebruik albei Youth Dew-parfuum omdat hulle gepinkiesweer het dat hulle dit altyd sal gebruik.

Nonthando is baie mooi, sy het ’n blink vel en ’n slanke lyf waarop Ester jaloers is. Ná skool studeer sy onderwys in Port Elizabeth en werk as kelner om haar sakgeld aan te vul. Die Desember-vakansie ná Nonthando se tweedejaar op universiteit vind daar ’n voorval op Dassiepoort plaas wat veroorsaak dat Ester en Nonthando se vriendskapsbande verbreek word.

Ná Nomsa se dood, vyf jaar later, jaag Ester vir Nonthando en die vyfjarige Mila van die plaas af weg. Dit het al drie se lewens onherroeplik verander. Nonthando kry verblyf in KwaNomzamo waar sy vir sewe jaar as ’n huiswerker werk. Ester Labuschagne het elke maand ’n koevert met geld en ’n bottel Youth Dew vir Nonthando afgelewer. Toe Mila dertien jaar oud is, studeer Nonthando verpleging en kry ná haar studies werk by Humansdorp se hospitaal.

Voor haar dood was Nonthando ’n suster by die hospitaal. Sy het haar eie salaris gebruik om minderbevoorregtes finansieel te ondersteun. Nonthando was geliefd in die gemeenskap. Sy het geglo aan tradisies en het ’n kopdoek en goedkoop skoene gedra. Nonthando het ten spyte van Ester se ongenaakbare optrede altyd ’n tipe heldeverering vir die Marees gehad en steeds na Dassiepoort verlang.

Sy is ’n nederige vrou en stel nie belang in die huis in Boskloof wat Mila vir haar gekoop het nie. Sy verkies om in die eenvoudige woonstel in antie Sofie-hulle se erf te woon en haar PEP Stores-tekkies te dra. Ester het nooit geweet dat Mila se pa regtig vir haar lief was en nie geweet het van haar swangerskap nie – daarvoor het Ester gesorg.

Nonthando was blakend gesond en fiks toe sy op twee en vyftig aan ’n hartaanval sterf. Sy het haar eie begrafnis haarfyn beplan en word op Dassiepoort begrawe. Sy was ’n trotse en wyse vrou wat nooit kwaad met kwaad vergeld het nie. Sy het al die jare gewag dat Sindile na haar moes kom om vrede te maak, maar dit het nooit gebeur nie. Nonthando kan as die tritagonis gesien word omdat sy tussen die protagonis en die antagonis staan. In die konflik tussen Ester en Mila besef Mila dat Nonthando vir Ester sou vergewe het.

**Mila (antagonis)**

Mila is die antagonis omdat sy en Ester twee strydende partye is wat mekaar haat. In hoofstuk 2 leer die leser vir Milagro Majolo ken as ’n suksesvolle kliniese sielkundige. Sy is ydel en hou daarvan om haar geld op duur artikels soos haar nuwe Christian Louboutin-skoene te spandeer. Sy is welvarend en leef ’n luukse lewe in Sandton. Haar woning getuig van goeie smaak en dit is duidelik dat sy welaf is. Sy het vir haar ma ’n huis en ’n motor gekoop. Sy ry in ’n duur Volkswagen Bug en het ’n Tumi-reistas.

Mila is ’n verkorte vorm van die naam, Milagro, wat "wonderwerk" beteken. Sy en haar ma het op Dassiepoort gewoon tot sy vyf jaar oud was. Hulle het by antie Sofie in KwaNomzamo naby Humansdorp gaan bly ná Ester hulle van die plaas af weggejaag het. Sy het die verandering na die woonbuurt waar armoede en drankmisbruik aan die orde van die

dag was, gehaat, maar het later saam met die kinders gelag vir die dronk mans en die vrouens wat skel.

Vanweë haar ligter vel is sy deur die ander swart kinders ’n “whitey” of ’n “coconut” genoem. Sy het nie omgegee oor die skeldname nie, want sy wou wit wees. Sy was gewild in die “wit” hoërskool. Haar afwesige pa, die vernedering van haar ma en haar armoedige omstandighede was alles vanweë Ester Labuschagne, daarom het sy haar gehaat. Ester se onsmaaklike aanmerkings en ongenaakbare houding teenoor haar wanneer sy op Dassiepoort gekuier het, was vir Mila ’n baie hartseer saak. Boonop het Ester verhoed dat sy saam met die liefde van haar lewe, Dewald, kan wees.

Sy het haar meestersgraad in sielkunde in Johannesburg gaan doen sonder om vir Dewald oor haar besluit in te lig. Op een en dertig het Mila alles wat sy in die lewe wil hê, behalwe Dewald.

Haar ma se dood is vir Mila ’n groot skok. Sy wil dit ontken, maar besef dat sy na haar tuisdorp moet terugkeer om haar ma te laat begrawe. Mila kyk neer op haar ma se nederige woning en die armoede van die mense in KwaNomzamo.

Anders as haar ma wat baie lief was vir Ester, haat sy Ester. Mila is onvergenoegd en kan nie verstaan waarom haar ma nie die onreg van apartheid kon raaksien nie. Op dertienjarige ouderdom moes Mila na haarself omsien terwyl haar ma in Port Elizabeth studeer het.

Sy verwyt haarself omdat sy en haar ma ongeveer ’n jaar voor haar dood in konflik was as gevolg van Mila se soektog na haar pa. Sy voel skuldig omdat sy nie genoeg tyd saam met haar ma deurgebring het nie. Toe sy in haar gedagtes van haar ma afskeid neem op die rotse van Kaap St Francis “praat” Mila met haar ma en vra om verskoning oor hulle rusie.

Dewald troos en ondersteun vir Mila. Die brandende passie wat hulle vir mekaar voel, veroorsaak dat hulle intiem is en weer hulle ou liefde vir mekaar vind. Daar staan egter een ding tussen hulle: Ester, Dewald se ma. Mila weier om vir Ester van sielkundige hulp te wees omdat sy haar nie kan vergewe vir die seerkry wat sy veroorsaak het nie.

Ester se belydenis op Nonthando se begrafnis maak nie die wonde heel nie. Mila is woedend omdat Ester vir jare met die geheim saamgeleef het en haar ma mislei het. Sy vlug ná die begrafnis terug na Johannesburg, maar verruil aan die einde van die verhaal haar welvarende leefstyl vir ’n eenvoudige plaaslewe op Dassiepoort. Sy ervaar die grootste vreugde van haar lewe saam met Dewald en haar twee kinders.

Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB-Uitgewers

## Die Labuschagnes

### Jans en Maryna

Jans en Maryna Labuschagne woon op Paardenkraal, wat aan Dassiepoort grens. Die Marees en Labuschagnes het graag oor en weer gekuier toe die kinders klein was en het soms saam met vakansie gegaan. Ester en Hansie het met die jonger dogters van Maryna en Jans gespeel. Wouter was altyd op die agtergrond omdat hy soveel ouer as hulle was. Wouter was verlief op Ester, maar sy het aan die begin nie veel belangstelling getoon nie.

Jans en Magda is konserwatiewe boere wat ten gunste van apartheid is. Maryna het aangebied om elke dag vir Ester ’n saamrygeleentheid na die skool en terug te gee ná Magdaleen se emosionele ineenstorting. ’n Mens sou dink dat sy ’n goedhartige persoon was wat net wou goed wees vir ander, maar agteraf het sy die Marees beskinder.

Jans het op ’n dag vir Hannes en Nomsa in mekaar se arms betrap en het vermoed dat hulle ’n verhouding het. Dit is juis Maryna se geskinder oor Hannes se verhouding met Nomsa wat veroorsaak het dat Ester en haar skoonma nooit goed oor die weg gekom het nie. Ester en Wouter het eers na sy ouers se dood in die huis op Paardenkraal ingetrek.

### Wouter

Wouter het na die dood van Ester se pa gehelp om Dassiepoort te bestuur. Toe Ester se verhouding met Mateo skipbreuk ly, was Wouter daar vir Ester. Sy het haar oorgegee aan sy liefkosings en het swanger geraak. Wouter het egter nie omgegee vir die gedwonge troue wat vyf maande later gevolg het nie. Hy het ook goedsmoeds ingestem tot Ester se huweliksvoorwaardes, want hy was glad nie agter haar plaas aan nie.

Wouter was ’n goedhartige en ruimhartige persoon wat baie lief was vir sy gesin. Hy sou enige iets vir Ester en die kinders doen en sy kon altyd op hom staatmaak. Ester het egter nooit haar geheim oor dit wat sy aan Nonthando gedoen het met hom gedeel nie. Eers na sy dood het Ester besef dat Wouter haar anker in die lewe was en dat sy hom nie genoeg waardeer het nie.

### Dewald

Dewald het al op sestien vir sy skool se eerste span uitgedraf. Hy het op ’n jong ouderdom leer trekker bestuur en het die aand toe sy pa ’n hartaanval gehad het die motor na die hospitaal bestuur. Hy was bevriend met matrikulante en het van skooldae af ’n spesiale band met Mila gehad. Hy het ook gedurende haar studiejare met haar kontak gehad.

Nadat hy ’n landbougraad behaal het, het hy begin boer. Hy is hardwerkend en behulpsaam. Toe hy eendag terloops vir Mila by die koöperasie sien, het hy haar by hulle huis gaan help om ’n kuikenhok skoon te maak. Hy help ook vir Mila met haar ma se begrafnisreëlings en vertroos haar.

Hy is kwaad vir sy ma oor haar selfdoodpoging. Hy is veglustig, maak sarkastiese aanmerkings en probeer Ester dwing om met hom te praat. Eintlik gee hy baie vir haar om, maar weet nie hoe om die situasie te hanteer nie. Hy vra selfs vir Mila om sy ma te help met haar depressie, maar sy weier.

Dewald is ’n aantreklike nege-en-twintigjarige boer. Hy was al in Rusland tydens ’n oorsese besoek saam met vriende. Hy is baie lief vir die plaas, maar is bereid om alles te verkoop en agter Mila aan te trek.

Hy en Mila trou, woon op Dassiepoort en het twee kinders, Nonthando en Hannes.

### Elanie en Maritz

Elanie is Ester en Wouter se oudste kind. Sy het na skool in Jeffreysbaai gaan woon en is ’n eiendomsagent. Sy is getroud met Maritz wat ’n dokter in Humansdorp is. Elanie is baie lief vir haar ma en kanselleer afsprake met kliënte om na Ester om te sien toe sy uit die hospitaal ontslaan word. Sy is oorbeskermd teenoor haar ma, want sy slaap saam met haar in dieselfde bed, maak vir haar kos, en sorg dat sy haar pille drink en bad.

Elanie is ’n sagmoedige persoon. Alhoewel sy haar ma verwyt oor haar selfsugtige daad doen sy alles in haar vermoë om Ester te laat beter voel. Sy moedig haar ma aan om ’n sielkundige te sien omdat sy nie vir haar of Dewald wil vertel waarom sy wou selfdood pleeg nie. Aan die einde van die verhaal verwag Elanie haar en Maritz se eerste baba.

## Ander karakters

### Mateo Sanchez

Mateo is ’n aantreklike, romantiese Spanjaard wat hou van branderplankry. Hy is groot gebou en het bruin oë. Hy is afkomstig van Málaga waar sy ouers ’n suksesvolle meubelvervaardigingsbesigheid besit. Sy pa het vir hom ’n jaar kans gegee om branders oor die wêreld te jaag voordat hy saam met sy pa en ouer broer deel raak van die besigheid.

Dit kom aanvanklik voor asof Mateo ’n opperste rokjagter is wat romantiese woorde in Ester se ore fluister en die tweede keer wat hulle mekaar sien met haar slaap. Hy is

Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB-Uitgewers 

avontuurlustig en bly ’n paar dae op Dassiepoort om die boerdery te verken. Toe Ester een aand op soek is na Mateo vind sy hom en Nonthando besig om intiem te verkeer by die vuur.

Mateo is die oorsaak van die tweespalt tussen Nonthando en Ester. Hy skryf ’n brief aan Ester en vra vir Ester om ’n brief en geld vir Nonthando te gee. Dit dui daarop dat Mateo nie die losbol is wat Ester gedink het hy is nie, want hy was nie eens bewus van Nonthando se swangerskap nie.

**Ou Nattie**

Nattie is ’n weduwee, alhoewel sy jonger as vyftig is. Sy woon alleen met haar Yorkie, Angel, langs Ester en het getroude kinders. Sy het ’n ronde lyf en is kromgetrek van osteoporose. Ou Nattie is ’n dierbare persoon wat omgee vir haar medemens. Ester sê dat sy eng en outyds is.

Nattie het Ester gered toe sy probeer selfdood pleeg het. Sy is baie nuuskierig en bemoeisiek. Sy verlaat nie dadelik die sitkamer toe dominee met Ester gesels nie. Sy is spaarsamig, want sy bring net genoeg eetgoed vir die tee. Tog is sy hulpvaardig en mededeelsaam. Sy het boontjiesop vir Ester gebring en maak ook haar kombuis aan die kant toe die dominee vertrek.

**Antie Sophie en umalume uThemba**

Umalume uThemba was ’n plaasarbeider toe hy vir Sofie ontmoet het. Hulle het aanvanklik op die plaas gewoon toe hulle getroud is, maar het later dorp toe getrek omdat Sofie nie kon aanpas op die plaas nie. Antie Sofie het vir hom ’n bakkie gekoop en hy het aanvanklik los werkies op die dorp gedoen. Hy het self die huis waarin hulle steeds woon, gebou. Hy het later nog bakkies gekoop en dit uitgebrei tot ’n suksesvolle taxi-besigheid.

Sofie het ’n pos as Afrikaans-onderwyser by die wit skool in Humansdorp. Een maal per week leer sy die wit kinders en volwassenes Xhosa praat. Antie Sofie en umalume uThemba is nederige mense. Hulle woon in KwaNomzamo – al kan hulle dit bekostig om in die vooraanstaande woonbuurt in die dorp te woon. Umalume uThemba is lief vir sy skorra-skorra wat al byna uitmekaarval en ry eerder in dié voertuig na Port Elizabeth al het hy baie ander beter voertuie. Hy en Nonthando het saam ’n groentetuin aangeplant.

Umalume uThemba is stil van geaardheid en praat nie baie nie, terwyl antie Sofie daarvan hou om te praat. Antie Sofie en umalume uThemba is gasvry en gaan uit hul pad uit om vir Nonthando by te staan ná haar ma se dood.

**Randkarakters:** Die begrafnisondernemer, ’n verpleegster in die hospitaal, Agnes, Maritz, dominee Steyn, Aphiwe, Nombi en Sipho almal randkarakters.

## 10. Stemming of atmosfeer

Die stemming in *Somtotaal* verander na gelang van hoe die omstandighede in die karakters se lewe verander. Ester onthou haar vroeë jeugjare as ’n opwindende tyd toe haar ma nog baie gelag het en sy en Nonthando hope pret gehad het. Hansie se dood veroorsaak ’n somber atmosfeer. Haar ma lag nie meer nie, haar pa is in homself gekeer, Nomsa sing nie meer in die huis nie en Annabelle skreeu net heeltyd.

Na Annabelle se dood raak die atmosfeer meer neerdrukkend. Dit is asof haar ouers van haar bestaan vergeet het en nie besef hulle het nog ’n kind waarvoor hulle moet leef nie. Na haar ma se dood word haar ouers se kamer toegesluit, maar dit keer nie vir Ester en Nonthando om die sleutel van die hakie af te haal en pret met haar ma se klere en skoene te hê nie.

Die verhouding tussen Nomsa en Ester se pa bring nuwe lewe in die huishouding. Daar is ’n ligter atmosfeer en Ester voel asof hulle ’n gelukkige familie is ten spyte van die gemeenskap se veroordeling en verwerping.

Die ontmoeting met Mateo is ’n hoogtepunt in Ester se lewe. Sy voel gevlei omdat hy liefdeswoorde in haar oor fluister en haar beskou as sy wonderwerk. Tog kom daar ’n einde aan die wolk van vreugde waarop sy loop toe sy uitvind dat Mateo nie werklik vir haar lief is nie en iemand anders verkies.

Die skeuring tussen Nonthando en Ester belig ’n onheilspellende atmosfeer, veral toe Ester die briewe vernietig. Die donker wolk wat oor hulle vriendskap hang, maak Ester se lewe ondraaglik. Sy kan haarself nie vergewe vir haar onverantwoordelike daad nie. Dit lei tot depressie en haar selfdoodpoging.

Daar heers ’n ongemaklike atmosfeer tussen Ester en haar kinders na haar mislukte selfdoodpoging. Hulle neem haar kwalik omdat sy haar eie lewe wou neem en hulle met onbeantwoorde vrae wou los. Sy weier om met hulle te praat. Dit maak Dewald baie kwaad en hy is ongevoelig oor sy ma se argeloosheid en stilswye.

Mila is ontroosbaar toe sy van haar ma se dood verneem. Die laventelreuk en die geur van Youth Dew in haar ma se woonstel herinner haar aan haar ma. Sy ween oor haar ma en voel skaam omdat sy nooit volkome haar ma om vergifnis gevra het oor hulle rusie nie.

Mila is dankbaar omdat Dewald haar ondersteun en toegooi met sy liefde, maar sy onthou die gespanne atmosfeer wat daar altyd tussen haar en Ester was. Dit is eers by Kaap St Francis met die geluid van die see in haar ore wat Mila kalmte in haar gemoed kry.

Ester se gesprek met Mila na haar ma se begrafnis is die klimaks van die verhaal en die spanning bereik ’n hoogtepunt. Dit veroorsaak dat Mila heeltemal oorstuur is en wil wegkom van die plek waar sy soveel hartseer gesien en beleef het.

In die twee laaste hoofstukke van die roman heers ’n ontspanne atmosfeer wanneer Mila en Ester die vreugde en vrede ervaar waarna albei gesmag het.


## Afdeling B: Lees

• Toon aktiewe begrip van die teks.
• Bepaal die betekenis van onbekende woorde en beelde deur woordaanpakvaardighede en kontekstuele leidrade te gebruik.
• Gebruik leesbegripstrategieë.
• Maak aantekeninge of som hoof- en ondersteunende gedagtes op.

| **WENK** |
|---|
| Moenie te veel klem plaas op die skriftelike beantwoording van vrae tydens die leesfase nie. Dit mag leerders ontmoedig om die verhaal sowel as die leesproses te geniet. Die verhaal moet eers waardeer word voordat daar tydens die post-leesfase enige vorm van assessering plaasvind. Vermy ook om vrae gebaseer op die roman vir "tuiswerk" te gee. Staan tyd tydens die les af vir leerders om vrae in die klas te beantwoord om sodoende kritiese denke en besprekings oor die roman aan te moedig. |

## Afdeling C: Post-lees

## Voorblad, motto en stamboom




Voorblad van *Somtotaal* ontwerp deur Hanneke Bentz© Human & Rousseau

**(10 punte)**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Watter emosie word deur die kinders op die voorblad uitgebeeld? | (1) [3] |
| 2. | Waarom dink jy is die wit dogtertjie op die voorgrond? | (1) [4] |
| 3. | Wie is die skrywer (outeur) van *Somtotaal*? | (1) [1] |
| 4. | | |
| 4.1 | Haal die motto aan wat met die frase boaan die voorblad skakel. | (1) [2] |
| 4.2 | Verduidelik in jou eie woorde die betekenis van die motto. | (1) [3] |
| 4.3 | Stem jy saam met die motto? Motiveer jou antwoord. | (1) [5] |
| 5. | Bestudeer die stamboom. | |
| 5.1 | Wie is Dewald en Elanie se oupa? | (1) [1] |
| 5.2 | Watter verskil is daar tussen Ester en haar broer en suster? | (1) [3] |
| 5.3 | Watter kontras is daar tussen die Majolo-gesin en die Marees/ Labuschagnes? | (1) [3] |
| 6. | Dink jy die stamboom is funksioneel vir begrip in die roman? Motiveer jou antwoord. | (1) [4] |

**(10 punte)**

## Kontekstuele vrae per hoofstuk

### Riglyne vir die beantwoording van kontekstuele vrae

Die volgende vrae berus op die inhoud van die roman. Dit is uiters noodsaaklik om seker te maak dat jy alle literêre begrippe onder die knie het voordat jy die vrae beantwoord. Indien jy twyfel oor ’n term raadpleeg die glossarium aan die einde van die leesgids.

Aan die einde van elke vraag word die puntetoekenning tussen ronde hakies (. . .) aangedui. Stapelvrae (waar ’n paar vrae onder een nommer gevra word) moet in die volgorde soos dit gevra is, beantwoord word.

Vrae dek alle kognitiewe vlakke. Kognitiewe vlakke word tussen vierkantige hakies [. . .] aangedui. Vlak 1 en 2-vrae is letterlike vrae wat jy maklik sal kan beantwoord indien jy die inhoud van die roman ken. Vlak 3-vrae is effens moeiliker en jy sal afleidings moet maak en bietjie harder moet dink oor situasies en karakters. By vlak 4 en 5 sal daar van jou verwag word om krities en evaluerend te antwoord. Sommige vrae vereis dat jy jou persoonlike opinie moet uitspreek. Dit is belangrik dat jy die inhoud van die roman in gedagte hou in jou antwoord en so volledig as moontlik antwoord.

## 1. Opsomming en kontekstuele vrae per hoofstuk

By elke hoofstuk is die ruimte waarteen die gedeelte afspeel tussen hakies geplaas en waar moontlik is die tyd ook aangedui.

# VREES:

### Hoofstuk 1-13

Woensdagoggend

**Hoofstuk 1 – Ester**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Van wie het Ester gedroom? | (1) [1] |
| 2. | Wat dink jy is die konnotatiewe betekenis van Nonthando se glimlag wat verdwyn? | (1) [3] |
| 3. | Verduidelik waarom Ester wil selfdood pleeg. Gee TWEE moontlike redes. | (2) [3] |
| 4. | Noem ’n karaktereienskap van Ester wat na vore kom in hoofstuk 1. Gee ’n rede vir jou antwoord. | (2) [3] |
| 5. | Hoe oud is Ester? | (1) [1] |
| 6. | Watter tipe skuld is op Ester van toepassing in hierdie hoofstuk? | (1) [2] |
| 7.1 | “*. . . sodat sy salig die ewigheid kon in.*” (p. 12) Lug jou mening oor die ironie in die aanhaling. | (1) [5] |

**(9 punte)**

**Hoofstuk 2 – Mila**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | In watter spesifieke ruimte bevind Mila Majolo haar? Watter tipe werk doen sy? | (2) [2] |
| 2. | Wat kan jy aflei uit die tipe skoene wat Mila dra? Noem die karaktereienskap van Mila wat deur haar voorkeur van skoene beklemtoon word. | (2) [3] |
| 3. | Hoe verskil die skuldgevoelens wat Mila het aangaande die geld wat sy op duur skoene spandeer teenoor die skuldgevoelens wat Ester in hoofstuk 1 openbaar? | (1) [3] |
| 4. | “*. . . dat sy met elke aankoop in die gesig van haar verlede spuug . . . – daardie armoede.*” (p. 14) Dink jy Mila se houding teenoor haar verlede is aanvaarbaar? Motiveer jou antwoord. | (1) [4] |
| 5. | Hoe kontrasteer Mila se siening oor geld met haar ma se siening? | (1) [3] |

6. Hoe oud is Mila? (1) [1]
7. Watter ontstellende nuus verneem Mila van antie Sofie? Wat is haar onmiddellike reaksie op die nuus? (2) [2]
8. Verduidelik waarom die nuus vir Mila moeilik is om te aanvaar? (1) [2]

**(11 punte)**

**Hoofstuk 3 – Ester**

1. Wie is Ester se buurvrou? (1) [1]
2. Gee ’n kort beskrywing van ou Nattie se voorkoms en persoonlikheid. (2) [2]
3. Watter tyd van die dag is dit? Verklaar waarom Nattie daardie tyd van die dag buite haar huis was. (2) [2]
4. Waarom was Nattie genoodsaak om haar buurvrou wakker te maak? (2) [2]
5. "*. . . ’n bleek arm wat langs die bed hang.*" (p. 22)
   Wat word geïmpliseer deur die aanhaling? (1) [3]
6. Op watter wyse kry ou Nattie toegang tot Ester se huis? (1) [2]
7. Hoe weet ou Nattie dat Ester probeer selfdood pleeg het? (1) [3]

**(10 punte)**

**Hoofstuk 4 – Mila**

1. " *’n Refrein soos die irriterende drup van ’n kraan*." (p. 23)
   Benoem die beeldspraak in die aanhaling. Dink jy hierdie beeldspraak is effektief? Motiveer jou antwoord binne die konteks van Mila se ervaring in hoofstuk 2 en 4. (2) [2, 4]
2. Waar woon Mila se ma? (1) [1]
3. "*Kanselleer. Verwys hulle. Doen jou werk*." (p. 23)
   Wie is die "hulle" na wie Mila verwys? Dink jy Mila tree regverdig teenoor Agnes op met haar laaste opmerking? Motiveer jou antwoord. (2) [2, 4]
4. Noem twee persoonlike besittings in hierdie hoofstuk wat daarop dui dat Mila welaf is. (2) [2]
5. Probeer verklaar waarom Mila sonder ’n verduideliking uit die kantoorgebou gestap het. (1) [3]
6. Waarom dink jy ry Mila nie met haar eie motor na haar ma se huis toe nie? (1) [4]

**(9 punte)**

Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB-Uitgewers

**Hoofstuk 5 – Ester**

1. Waar dink Ester is sy toe sy wakker word? In watter ruimte bevind sy haar en waarom is sy daar? (3) [3]
2. Wat is die name van Ester se kinders? (2) [1]
3. Huil Ester en haar kinders oor dieselfde rede? Motiveer jou antwoord. (2) [3]
4. Dink jy Ester se woede teenoor ou Nattie is regverdig? Motiveer jou antwoord. (1) [4]

**(8 punte)**

<u>Woensdagaand</u>

**Hoofstuk 6 – Ester**

1. Verklaar waarom Ester dink dat haar familie ’n vloek dra. (1) [2]
2. Waarom het Ester se ma nie daarin geslaag om haar man te oortuig om minder rooivleis te eet nie? Waarom dink Ester sou haar pa van die “banting-leefstyl” gehou het? (2) [2, 3]
3. Waar is die plaas Dassiepoort geleë? Waarmee het haar pa geboer? (2) [1]
4. Waaroor was Magdaleen Maree passievol? Noem TWEE dinge waarvan sy nie gehou het nie. (3) [1]
5. “*Omdat sy moeg is om die <u>skaduwee</u> wat aan haar voete vas is, te probeer losmaak.*” (p. 32)
   Benoem en verduidelik die beeldspraak wat voorkom in die onderstreepte woord. (2) [3]
6. Dink jy die trane wat Ester stort toe haar kinders haar na Hunterscraig wil stuur is opreg? Motiveer jou antwoord. (2) [4]
7. Haal ’n sin uit die laaste gedeelte van die hoofstuk aan wat aandui dat Ester moontlik weer sal poog om selfdood te pleeg. (1) [3]

**(13 punte)**

**Hoofstuk 7 – Mila**

1. “*Onder Mila se linkervoet het roes ’n oorwinning behaal.*” (p. 36)
   Benoem die stylfiguur. Hoe kontrasteer die voorkoms van die bakkie met Mila se voorkoms? (2) [3]
2. Watter ooreenkoms is daar tussen antie Sofie en Magdaleen Maree? (1) [3]

3. Hoe verskil antie Sofie en umalume uThemba wat hul werk en persoonlikheid betref? (2) [3]
4. "*Hoe lank Mila na die <u>bekende vreemdeling</u> gestaar het, weet sy nie.*" Verduidelik waarom die onderstreepte woorde op bladsy 39 ’n voorbeeld van ’n oksimoron is. (1) [3]
5. Wat word geïmpliseer deur die volgende woorde: "*Nie aan tafel waar elke happie van die kos* ***souter en souter*** *gesmaak het nie*"? (p. 40) (1) [3]

**(7 punte)**

**Hoofstuk 8 – Ester**

1. Waarom is Ester verbaas dat Nonthando oorlede is? Hoe weet jy dat Nonthando iets met Ester se skuldgevoelens te doen het? (2) [2, 3]
2. By wie het Ester die Baboesjka-poppies gekry? (1) [1]
3. Gee twee simboliese betekenisse van die Baboesjka-poppies. Waarom is albei betekenisse van toepassing op Ester Labuschagne? (4) [2, 3]
4. Wat is die funksie van die denkbeeldige gesprek wat Ester met die sielkundige het? (1) [3]
5. "*Wat is die beste? Om ’n leuen te bly glo, of om toe te laat dat die waarheid jou lewe soos jy dit geken het vir altyd verander?*" (p. 43)

5.1 Wat word hierdie tipe vrae genoem? Dink jy die gebruik van hierdie tipe vrae is funksioneel? Motiveer jou antwoord. (2) [2, 3]

5.2 Watter raad sal jy vir Ester gee as jy die sielkundige in dié denkbeeldige gesprek was? (1) [5]

**(11 punte)**

**Hoofstuk 9 – Mila**

1. Waarom dink antie Sofie wou Nonthando nie in die huis in Boskloof bly nie? (1) [1]
2. Watter gevoel word gesuggereer wanneer Mila aan KwaNomzamo as "die plek" (p. 44) dink? Gee twee moontlike redes waarom sy dit "die plek" noem. (3) [3, 2]
3. Waarom het die ander kinders na Mila as ’n "whitey" of ’n "coconut" verwys? (p. 45) Verduidelik waarom die ligter vel haar gepla het. (2) [2, 3]

4. Mila dink telkens aan Dewald. Wat kan jy daaruit aflei? (1) [3]
5. Waarom besluit Mila om vir Dewald te bel? Verduidelik waarom die oproep vir haar ’n antiklimaks is. (2) [2, 3]
6. “*Sy is dóód, terwyl sy ma, daai vrou, daai* . . .” (p. 47)
   Wat is die funksie van die ellips in bogenoemde aanhaling? (1) [ 3]

**(10 punte)**

**Hoofstuk 10 – Ester**

1. “*Sy voel . . . hoe die skaduwee wat aan haar voete vas was, in haar bene opklim* . . .” (p. 45)
   Benoem die beeldspraak wat in die aanhaling voorkom. Is die beeldspraak effektief? Motiveer jou antwoord. (2) [3, 5]
2. Hoe het Ester se besoek aan Nonthando, die dag voor haar dood, verskil van vorige besoeke? (1) [3]
3. Wat was die doel van Ester se maandelikse besoek aan KwaNomzamo? (1) [2]
4. Hoeveel jaar het sy elke maand besoek by Nonthando afgelê? (1) [1]
5. Waarom was Ester geskok toe Mila die deur oopmaak toe sy die pakkie by Nonthando se huis afgelewer het? In watter rigting het Nonthando by NMMU studeer? Motiveer jou antwoord. (3) [3]

**(8 punte)**

**Hoofstuk 11 – Mila**

1. Verduidelik waarom Nomsa dankbaar was vir die heenkome wat hulle by Dassiepoort gevind het. Gee TWEE redes. (2) [3]
2. Waarom was Mila sinies aangaande haar ma en ouma se dankbaarheid? (1) [3]
3. Daar is soms dialoog wat in Xhosa is. Lug jou mening oor die funksionaliteit van ’n ander taal in hierdie Afrikaanse roman. (1) [5]
4. Waarom het Nomsa haar dogter “Nonthando” genoem? (1) [2]
5. Benoem die stylfiguur in die volgende aanhaling: “*Haar ma is vir altyd stil*.” (p. 52) (1) [3]
6. Mila is gevul met woede (einde van hoofstuk 11). Noem drie dinge waaroor Mila woedend is. (3) [2]

7. Bestudeer die laaste sin in die tweede laaste paragraaf van hoofstuk 11. Noem ’n karaktereienskap van Mila wat deur hierdie paragraaf beklemtoon word. (1) [3]

**(10 punte)**

**Hoofstuk 12 – Ester**

1. “*soos ’n seekat sy tentakels uitstrek, nuwe vastrapplek gekry*.” (p. 54) Benoem die beeldspraak en verduidelik wat met die beeldspraak geïmpliseer word. (2) [3]
2. Watter jaar was die keerpunt in Nonthando en Ester se vriendskap? (1) [1]
3. 

3.1 Watter twee Xhosa-name het Ester op Dassiepoort gekry? Wat is die betekenis van hierdie name? (4) [2]

3.2 Verduidelik die kontras en ooreenkoms van hierdie name met Ester se huidige omstandighede. (2) [3]

4. Dink jy Ester se vrees vir die toekoms is geloofwaardig? Motiveer jou antwoord. (1) [4]

**(10 punte)**

**Hoofstuk 13 – Mila**

1. Stem jy saam met Mila dat haar ma dit makliker gehad het as ander mense van dieselfde ras gedurende die apartheidsjare? Motiveer jou antwoord. (1) [5]
2. Waarom het Nonthando haar studies gestaak? (1) [1]
3. Verduidelik waarom die omstandighede tydens Nonthando se studiejare in Port Elizabeth vir Nonthando en Mila onderskeidelik moeilik was. Met watter karakter het jy die meeste simpatie? Motiveer jou antwoord. (4) [3, 5]
4. Wat het Nonthando met die geld gedoen wat Mila se pa vir haar gestuur het? Wat kan jy hieruit aflei? (2) [2, 3]
5. Verduidelik die woordspeling in die volgende aanhaling: “*Sy het haar ma verloor. Sy is verlore sonder haar ma*.” (p. 58) (2) [3]
6. Wat is die verband tussen Mila en Ester se vrees vir die toekoms? (1) [3]

**(11 punte)**

Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB-Uitgewers 

# VERLIES: Hoofstuk 14-33

<u>Donderdagoggend</u>

**Hoofstuk 14 – Ester**

1. Watter beroepe volg Dewald en Elanie onderskeidelik? (2) [1]
2. "*. . . en trek rukkerig weg soos daardie aand dertien jaar gelede*." (p. 64)
   Na watter aand word verwys? Hoe oud was Dewald daardie aand? Wat is onderskeidelik die redes waarom Dewald daardie aand en nou rukkerig wegtrek? (4) [2]
3. "*<u>Om vorentoe te beweeg, moet sy eers agteruit gaan</u>. Sy wil nie*." (p. 64)
   Wat word deur hierdie woorde aangaande Ester geïmpliseer? Stem jy saam met die onderstreepte woorde in die aanhaling? (2) [3, 5]
4. Waarom was Ester jaloers op Nonthando? Op watter ander karakter was sy ook jaloers? Waarom was sy jaloers op dié karakter? (3) [2, 3]
5. Watter beserings het Nonthando in die ongeluk opgedoen? Verduidelik waarom niemand op Dassiepoort geweet het van die ongeluk nie. (3) [2]
6. Noem TWEE geleenthede waar Ester trane as wapen gebruik het om haar sin te kry. (2) [2]
7. Nonthando moes as kind altyd speletjies speel waarvoor Ester lus was. Noem die karaktereienskap wat Ester daardeur openbaar. (1) [3]
8. Verklaar waarom Dewald op sestien gewild was onder die matrikulante. (1) [2]

**(18 punte)**

**Hoofstuk 15 – Mila**

1. Wat beteken die naam Milagro? (1) [1]
2. Gee TWEE redes waarom Mila ongemaklik is in haar ma se woonstel. (2) [3]
3. Waarom moet Mila dorp toe stap? Hoekom trek sy nie haar duur skoene aan toe sy na Humansdorp toe stap nie? (3) [2, 3]
4. Verduidelik waarom Nonthando se begrafnis nie op die tradisionele Xhosa-manier gehou kan word nie. (1) [2]
5. Noem die karaktereienskap wat aanleiding gegee het tot die uiterlike konflik tussen Mila en haar ma. Wat was die direkte gevolg van die konflik. (2) [3]
6. Gee TWEE redes waarom Mila nie van Ester hou nie. (2) [2]

7. Verduidelik die ironie in Mila se botsende emosies wanneer sy aan Dewald dink. (einde van hoofstuk 15) (1) [3]

**(12 punte)**

**Hoofstuk 16 – Ester**

1. Waarom dink jy het Ester aangedring daarop dat sy en Wouter in die huis op Dassiepoort woon en het sy geweier om enige iets in die huis te verander? Wanneer het hulle na Paardenkraal getrek? (2) [4, 2]
2. Noem TWEE redes waarom Ester ná Wouter se dood nie teruggetrek het na Dassiepoort toe nie. (2) [2]
3. Verduidelik waarom Wouter vir Ester ’n “anker” was? (1) [3]
4. Dink jy Ester het reg opgetree toe sy nie onmiddellik vir Elanie oor haar pa se dood ingelig het nie? Motiveer jou antwoord. (1) [4]
5. Noem TWEE deurlopende motiewe in hierdie hoofstuk. (2) [3]
6. Verduidelik hoe Dassiepoort en Paardenkraal ná Wouter se dood bestuur is. (2) [2]

**(10 punte)**

**Hoofstuk 17 – Mila**

1. Waarom dink jy het Nonthando die foto van haar en Ester gehou? Verduidelik waarom dit vir Mila ironies is dat haar ma die foto gehou het. (2) [4, 3]
2. Watter TWEE dinge het Mila eers ongeveer ’n jaar gelede van haar ma gehoor? (2) [2]
3. Hoe verskil Nonthando en Mila se opinies oor apartheid? (1) [3]
4. Dink jy Mila het genoeg kennis oor die Marees gehad om ’n ingeligte waarneming oor hulle te maak? Motiveer jou antwoord. (1) [4]
5. Aan die einde van hoofstuk 17 word ’n paar wette van die apartheidsera genoem. Watter wet het Nomsa, Mila se ouma, oortree? (1) [3]
6. Noem TWEE sosio-maatskaplike gevolge van apartheid. (2) [1]

**(9 punte)**

**Hoofstuk 18 – Ester**

1. Wat is Ester se houding oor tydskrifte? (1) [1]
2. Noem TWEE tydverdrywe waarmee Ester haar eensaamheid besweer. (2) [1]
3. Wat was Ester se lewensideaal? Gee twee redes waarom sy nooit hierdie ideaal bereik het nie. (3) [2]
4. Ester het uit wraak haar, Nonthando en Mila se lewens deur leuens vernietig. Watter boodskap kan jy as leser hieruit leer? (1) [3]
5. Noem ’n fisieke en psigiese gevolg van Ester se mislukte selfdoodpoging. (2) [2, 3]
6. Waarheen is Dewald op pad? Verduidelik waarom hy nie sy ma inlig waarheen hy gaan nie. (2) [2, 3]

**(11 punte)**

**Hoofstuk 19 – Mila**

1. Verklaar waarom Mila hoop dat Dewald “bles en vet en lelik” (p. 97) is. (1) [3]
2. Wanneer het Mila en Dewald se verhouding begin? Waarom was hulle verhouding van die begin af gedoem? (2) [3]
3. Dink jy Mila het reg opgetree toe sy ná universiteit Johannesburg toe is om haar MA-graad te doen sonder om vir Dewald in te lig? Motiveer jou antwoord. Watter langtermyngevolge het die gebroke verhouding op Mila en Dewald gehad? (2) [4, 3]
4. “Dit was soos om ’n ledemaat te verloor” (p. 98). Evalueer krities die gepastheid van hierdie vergelyking. (1) [5]
5. Waar en wanneer het Mila vir Dewald, ná haar vertrek na Johannesburg, gesien? (2) [2]
6. Wat kan jy aflei uit die huidige ontmoeting tussen Mila en Dewald? (1) [3]
7. Watter versoek rig Mila aan Dewald om die gesprek oor Ester in ’n ander rigting te stuur? (1) [1]

**(10 punte)**

Donderdagmiddag

**Hoofstuk 20 – Ester**

1. Ou Nattie daag ongenooid saam met dominee by Ester se huis op. Noem die karaktereienskap wat sy openbaar deur hierdie handeling. Lewer kritiese kommentaar oor hierdie handeling. (2) [3, 5]
2. "*Ironies dat sy soos 'n uitgebrande vuurhoutjie lyk, maar dat haar lig so helder skyn.*" (p. 106)

2.1 Benoem en verduidelik die beeldspraak in die onderstreepte gedeelte. (2) [2, 3]

2.2 Watter deurlopende motief word in hierdie aanhaling beklemtoon? Motiveer jou antwoord. (2) [3]

3. "*Sy verberg eers die onooglike vlek met die teepot, skuif dit dan weg dat die vlek oop en bloot kan vertoon*." (p. 96-97)
   Wat is die konnotatiewe betekenis van die onderstreepte woorde. (1) [3]
4. Noem twee kenmerke van Dominee Steyn. (2) [2]
5. Waarom het Ester nie net vir Nonthando as vriendin gesien nie, maar as 'n suster? (1) [3]
6. Die doodsengel word sterk gepersonifieer in hierdie hoofstuk. Noem 'n geleentheid waar die doodsengel iemand se lewe gespaar het, maar ook 'n lewe geneem het. (2) [2]
7. Haal 'n voorbeeld van 'n eufemisme uit die laaste gedeelte van die hoofstuk aan. (1) [3]

**(13 punte)**

**Hoofstuk 21 – Mila**

1. Noem TWEE wense wat Nonthando aangaande haar begrafnis gehad het. Wat kan die leser aflei aangaande die brief en begrafnispolis van Nonthando? (3) [2, 3]
2. Wat word deur die volgende aanhaling geïmpliseer: "*Antie Sofie se mondelinge oordrag het groter reikwydte as die koerant*" (p. 114). Benoem die stylfiguur in hierdie aanhaling. (2) [3]
3. Aan watter kerk het Nonthando behoort? (1) [2]
4. Hoe het Nonthando reageer na Ester se maandelikse besoeke? (1) [2]

5. Dink jy Dewald voel dieselfde oor Mila as wat sy oor hom voel? Motiveer jou antwoord met TWEE bewyse. (2) [4]

**(9 punte)**

**Hoofstuk 22 – Ester**

1. Haal ’n voorbeeld van kontras uit die eerste paragraaf van Ester se denkbeeldige gesprek met die sielkundige aan. (1) [3]
2. Gee ’n rede waarom Ester beangs was dat die doodsengel ’n ander lid van die familie sal kom haal. Op watter wyse probeer sy die doodsengel ontglip? (2) [3]
3. Wat was Ester se ouers se reaksies na die dood van hul seun? (2) [2]
4. Hoekom dink jy het Sipho gevlug ná die trekkerongeluk? (1) [4]
5. Wat is die datum van Hansie se dood? (1) [2]
6. Noem DRIE gevolge van Hansie se dood. (3) [2]
7. “*Nou staan die TV se swart oog na die donker vertrek en staar*.” (p. 127) Benoem die beeldspraak in die aanhaling. Hoe sluit die beeldspraak by die atmosfeer in die huis aan? (2) [3]
8. Dink jy Magdaleen tree regverdig op wanneer sy haar man verwyt oor Hansie se dood? Aan watter emosionele mishandeling is Magdaleen skuldig? (2) [4, 3]
9. Wat dink Nomsa is die rede waarom Annabelle aanmekaar huil? Wat doen Nomsa om die probleem te probeer oplos? (2) [2]

**(16 punte)**

**Hoofstuk 23 – Mila**

1. Watter guns vra Dewald vir Mila? Waarom weier sy om dit te doen? (2) [2, 3]
2. Mila stem in om Dewald se ma se voertuig tydelik gebruik. Waarom is dit ironies? (1) [3]
3. Watter tipe motor ry Ester? (1) [1]
4. Verduidelik waarom Mila skrik toe sy die geur van Youth Dew in Ester se motor ruik? (1) [3]

**(5 punte)**

**Hoofstuk 24 – Ester**

1. Waarom het Ester ingestem om haar motor aan Mila te leen, al het sy nooit van haar gehou nie? (1) [2]
2. Waarom dink jy het Ester nie met Mila gaan simpatiseer nie? (1) [4]
3. Wat is die funksie van die retoriese vrae aan die einde van die hoofstuk? (1) [3]

**(3 punte)**

**Hoofstuk 25 – Mila**

1. Watter verskil was daar tussen Nonthando en Mila se skoolloopbane? (2) [2]
2. Verduidelik waarom die mense gefrons het oor Mila se pa se velkleur? Watter feit van haar pa het vir Mila die meeste ontstel? (2) [3]
3. Noem die drie groepe in hierdie hoofstuk se siening oor apartheid en kleurgrense. Stem jy saam met hierdie sienings? Motiveer jou antwoord. (4) [2, 5]
4. Mila hou nie van wrokke nie en glo daaraan om te vergewe en te vergeet. Gee TWEE bewyse wat hierdie stelling weerspreek. (2) [3]
5. Gee ’n moontlike verklaring waarom die huiswerkers op Paardenkraal ongemaklik was met Mila se teenwoordigheid tydens haar kuier. Stem die houding van die huiswerkers ooreen met Ester Labuschagne se houding? Motiveer jou antwoord. (2) [3]
6. Noem DRIE maniere waarop Ester vir Mila verneder het. (3) [2]
7. Waarom het Ester nie daarin geslaag om te verhoed dat Mila weer kom kuier het nie? Noem die karaktereienskap van Mila wat daardeur beklemtoon word. (2) [3]

**(17 punte)**

<u>Donderdagaand</u>

**Hoofstuk 26 – Ester**

1. Watter tipe atmosfeer heers die Donderdagaand in Ester se huis? (1) [3]
2. Verduidelik waarom Ester skuldig voel dat Elanie haar moet oppas. (1) [2]
3. Hoe het Ester geweet dat Dewald by Mila was? (1) [2]
4. Waarom het Ester en Nonthando dieselfde parfuum gebruik? (1) [1]
5. Is Ester kwaad omdat Dewald vir Mila met haar ma se begrafnisreëlings help? Motiveer jou antwoord. (1) [3]

6. Waarom dink jy het Ester se ingesteldheid teenoor Mila verander? (1) [4]

**(6 punte)**

**Hoofstuk 27 – Mila**

1. Hoe word Nonthando deur haar predikant gekarakteriseer? (1) [2]
2. Wie sou sorg vir die kos en die vervoer by Nonthando se begrafnis? (2) [1]
3. Wat is die rede waarom Mila haar ma nie meer so goed geken het nie? (1) [3]
4. Gee ’n moontlike rede waarom Mila dit verafsku het as haar ma ’n kopdoek gedra het. (1) [4]
5. Stem jy saam dat Dewald se aanmerking oor vroueklere onvanpas is? Motiveer jou antwoord. (1) [5]

**(6 punte)**

**Hoofstuk 28 – Elanie**

1. Waarom is dit Elanie se verantwoordelikheid om haar ma se pille vir haar te gee en haar badwater in te tap? (1) [3]
2. Noem TWEE dinge wat Ester vir Elanie vertel waarvan sy nie vroeër geweet het nie. Waarom dink jy het Ester nooit hierdie inligting met haar kinders gedeel nie? (3) [2, 4]
3. Watter invloed het Hansie se dood op Magdaleen gehad? (2) [2]
4. Noem TWEE plekke wat Ester saans besoek het. (2) [1]
5. Waarom het Annabelle soos een van Ester se slaappoppe gelyk? (1) [3]

**(9 punte)**

**Hoofstuk 29 – Mila**

1. In watter klere sal Nonthando begrawe word? Dink jy dit is ’n gepaste uitrusting? Motiveer jou antwoord. (2) [1, 4]
2. Hoe verskil Dewald en Mila se mening oor die rede vir Ester se selfdoodpoging? (1) [3]
3. Stem jy saam met Dewald dat Ester nie rassisties was nie? Gee ’n rede vir jou antwoord. (1) [5]
4. Waarom weet Mila wat die rede is vir Nonthando en Ester se versuurde vriendskap? (1) [3]

**(5 punte)**

**Hoofstuk 30 – Ester**

1. Hoe lank na Hansie is Annabelle oorlede? Wat dink Nomsa was die rede vir Annabelle se dood? (2) [2]
2. Waarom is TV-kyk vir Ester ’n ontvlugting? (1) [3]
3. Evalueer krities Magdaleen se optrede teenoor Ester ná Annabelle se dood. (2) [5]
4. Watter tekens het Magdaleen se gemoedstoestand aangedui wanneer Ester na skool by die huis gekom het? (2) [3]
5. Hoe het Ester se ma tot haar einde gekom? Wat het Hannes gedoen om dit te probeer verhoed? Hoe oud was Magdaleen toe sy dood is? (3) [1]

**(10 punte)**

**Hoofstuk 31 – Mila**

1. Wat sal Mila en Dewald onderskeidelik van hulle ma’s mis? (2) [2]
2. Hoe kan Mila van haar skuldige gewete, oor die uitval wat sy ’n jaar gelede met haar ma gehad het, ontslae raak? (1) [3]
3. Dink Mila dat Ester kan genees van haar depressie? Haal ’n sin in die laaste paragraaf van die hoofstuk aan wat haar opinie ondersteun. (1) [3]

**(4 punte)**

**Hoofstuk 32 – Ester**

1. Waarom hoef Ester nie skuldig te voel dat Elanie haar moet oppas nie? (2) [2]
2. Verduidelik waarom Ester verseg het om ’n nuwe dubbelbed aan te skaf. (1) [2]
3. Wat was die ouderdomsverskil tussen Ester en Wouter? (1) [1]
4. Hoe het die verhouding tussen die Marees en die Labuschagnes ná Hansie en Annabelle se dood verander? (1) [2]
5. Noem DRIE dinge van die Marees waaroor Maryna en haar vriendin geskinder het. Watter invloed het hierdie geskinder jare later op Ester gehad? (4) [2]
6. Waarom kritiseer Elanie haar ma se selfdoodpoging? (2) [3]
7. Wat word gesuggereer deur die ellips in die laaste sin van hierdie hoofstuk? (1) [3]

**(12 punte)**

Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB-Uitgewers 

**Hoofstuk 33 – Mila**

1. "*Ek het ook nie 'n pa nie en sien jy my huil?*" (p. 185) Dink jy hierdie woorde van Nonthando aan Mila is ongevoelig? Motiveer jou antwoord. (1) [4]
2. Sê in jou eie woorde waarom Mila nie vir Dewald ingelig het oor haar besluit van jare gelede om haar in Johannesburg te vestig nie. (2) [3]
3. Wat is die belangrikste rede waarom Mila nie vir Ester wil vergewe en haar bystaan in haar stryd teen depressie nie? (1) [3]

**(4 punte)**

## VERANDERING: Hoofstuk 34-36

**Hoofstuk 34 – Mila**

1. Waarom kon Ester nie inligting oor Mila by Dewald se vriende kry toe sy op skool oor haar navraag gedoen het nie? (1) [3]
2. Hoekom verlang Ester na Nomsa? (2) [2]
3. Waarmee het Magdaleen Maree "effense roem" (p. 193) verwerf? (1) [1]
4. "*Vir hulle was die kamer 'n Aladdin-grot*" (p. 194). Benoem die beeldspraak. Waarom het Ester en Nonthando die kamer as 'n Aladdin-grot beskou? (2) [3]
5. Waarom dink jy het Hannes Maree die slaapkamer, wat hy met sy vrou gedeel het, toegesluit? (1) [4]

**(7 punte)**

**Hoofstuk 35 – Mila**

1. Van watter geskiedkundige verandering is daar sprake in hoofstuk 35? (1) [1]
2. Waarom het Nonthando geglo dat 'n huwelik tussen haar en Mila se pa onmoontlik was? (1) [2]
3. Wat is die funksie van die kort slotsin? (1) [3]

**(3 punte)**

**Hoofstuk 36 – Ester**

1. Waarom wou Ester nie deel wees van die "afterparty" ná haar matriekafskeid nie? Watter karaktereienskap van haar word hierdeur beklemtoon? (2) [2, 3]

2. Wat ontdek Ester die aand toe sy by die huis kom? Hoe het sy daaroor gevoel? (2) [2]

3. Waarom het Ester eers na die duine geloop en later haar koms aangekondig deur die toeter te druk? (2) [3]

4. Stem jy saam dat Hannes hom aan die gemeenskap onttrek het om vir Ester te beskerm? Motiveer jou antwoord. (1) [5]

**(7 punte)**

## VERNEDERING: Hoofstuk 37-51

<u>Vrydagoggend</u>

**Hoofstuk 37 – Ester**

1. Tot watter gevolgtrekking kom Ester toe sy die Vrydagoggend wakker word? (1) [1]

2. Wat is die betekenis van "kiesa"? (1) [2]

3. "*Ma weet, die graf vir iemand wat te vroeg weggeneem is en nie gekies het om te gaan nie*." (p. 202)
   Wat is die toon van Dewald se woorde? Na watter twee persone verwys hy?
   Dink jy Ester verdien dié aanmerkings wat haar seun oor haar selfdoodpoging maak? (4) [3,2,4]

4. Ester hou niks van Elanie se keuse vir ontbyt nie. Waarom aanvaar sy dit gelate en sê nie hoe sy daaroor voel nie? (1) [3]

5. Hoe het Ester vir Mateo Sanchez ontmoet? Waarom bevind die aantreklike Spanjaard hom in Jeffreysbaai, en waar woon hy? (3) [1]

6. Verduidelik waarom Ester verbaas was oor Mateo se toegeneentheid teenoor haar. Gee TWEE redes. (2) [3]

**(12 punte)**

**Hoofstuk 38 – Ester**

1. Wat het Dewald by Mila gaan doen? (1) [1]

2. Waarom dink jy is Mila ongemaklik met Dewald se teenwoordigheid? (1) [4]

3. Verduidelik waarom Dewald nie in 'n goeie bui is nie. Watter raad gee Mila vir hom? (2) [2]

Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB-Uitgewers

4. Waarom was Dewald vir ’n kort rukkie nie elke dag op die plaas nie? Hoe kon hy daarin slaag om vir daardie tyd van die plaas af weg te wees? (2) [2]

**(6 punte)**

**Hoofstuk 39 – Ester**

1. Waarom was Nonthando nie op die plaas aan die begin van die Desember-vakansie nie? (1) [1]
2. Watter invloed het Mateo op Ester se persoonlikheid? (2) [3]
3. Gee TWEE redes waarom Ester glo dat haar pa nie vir Mateo sal aanvaar nie? (2) [2]
4. Waarom bring Nomsa en Nonthando nie Kersdag saam met Ester en Hannes deur nie? (2) [3]
5. Verskaf ’n moontlike verklaring vir Aphiwe en Sipho se veranderde houding teenoor die Marees en Nomsa. (2) [3]
6. Dink jy dit is aanvaarbaar dat Ester so ’n persoonlike gesprek met haar pa oor sy en Nomsa se verhouding het? Motiveer jou antwoord. (1) [4]
7. Lug jou mening oor die egtheid van Nomsa en Hannes se verhouding. (1) [5]

**(11 punte)**

<u>Vrydagmiddag</u>

**Hoofstuk 40 – Mila**

1. Voel Mila skuldig oor haar ydelheid? Motiveer jou antwoord. Watter lewensles kan sy uit haar ma se lewe leer? (2) [3]
2. Waarheen ry Mila toe sy klaar die klere by die begrafnisondernemers afgelaai het? Gee TWEE redes waarom Mila daarheen gaan. (3) [1, 3]

**(5 punte)**

**Hoofstuk 41 – Ester**

1. Waarom is dit die eerste keer dat Ester op ’n Oujaarsdagaand op die strand deurbring? (2) [2]
2. Watter ontstellende nuus wag op Ester toe sy en Mateo op Nuwejaarsdag op die plaas aankom? (1) [1]

3. Waarom het Nomsa seker gemaak dat daar nie ’n teken van haar teenwoordigheid in Hannes se kamer was nie? (1) [3]
4. Lug jou mening oor die aanvaarbaarheid van Mateo se bewonderende kyk na Nonthando. (1) [5]

**(5 punte)**

**Hoofstuk 42 – Mila**

1. Is die “gesprek” wat Mila met haar ma het geloofwaardig? Motiveer jou antwoord. (1) [5]
2. Waarom was Mila kwaad vir haar ma? Het Mila se besoek aan haar pa haar innerlike konflik ontlont? Gee ’n rede vir jou antwoord. (2) [2, 3]
3. Wat het daartoe gelei dat Mila insig verkry het in Nonthando se verlange na Mateo? (1) [3]
4. Waarom het Mila nie daarvan gehou wanneer haar ma roosterkoeke by die kerkbasaar moet maak nie? Hoe het Nonthando se siening van hare verskil? (2) [2]
5. Noem die karaktereienskap wat Mila getoon het toe sy vir Ester gewys het dat sy nie meer bang is vir haar nie? (1) [3]

**(7 punte)**

**Hoofstuk 43 – Ester**

1. Hoekom het Ester vir Mateo afgeskeep tydens sy verblyf op die plaas? (2) [2]
2. Hoe lank het Mateo op die plaas gebly? Waarmee het hy hom bedags besig gehou? (2) [2]
3. Watter vooruitsig het Ester vir haar en Mateo gehad? Met watter tema hou Ester se onsekerheid oor haar voorneme verband? (2) [3]
4. Hoe het Hannes seker gemaak dat Nomsa selfversorgend sal wees na sy afsterwe? (1) [2]
5. Hoe het Ester reageer toe sy vir Nonthando en Mateo by die vuur sien? (2) [2]
6. Lug jou mening oor Nonthando en Mateo se optrede. (2) [5]

**(11 punte)**

**Hoofstuk 44 – Mila**

1. Wie is die man wat vir Nonthando by die kerkbasaar dopgehou het? Waarom kan hy as ’n goeie kandidaat vir ’n huwelik met Nonthando beskou word? (2) [1, 3]
2. Dink jy Nonthando het met opset vir Ester probeer verneder en seermaak? Motiveer jou antwoord. (1) [4]
3. Waarom het Nonthando nie saam met Mateo na sy geboorteland gegaan nie? (1) [2]
4. Verduidelik waarom Nonthando later positiewe sowel as negatiewe emosies gehad het oor die aand wat Ester vir haar en Mateo by die vuur betrap het. (2) [3]
5. Nonthando het lewenslank gewag dat Mateo na haar toe moet terugkeer. Gee TWEE bewyse dat hierdie bewering onwaar is. (2) [3]
6. Wat dink jy beteken die laaste sin in hoofstuk 44 in Afrikaans? (1) [4]

**(9 punte)**

**Hoofstuk 45 – Ester**

1. Stem Elanie saam met Ester dat vrouens van nature kompeterend en jaloers is op mekaar is? Motiveer jou antwoord. Waarom dink jy het Ester haar mening oor die onderwerp gevra? (2) [3, 4]
2. Op watter wyse het apartheid bygedra tot Ester se jaloesie teenoor Nonthando? Watter verband is daar tussen Ester se jaloesie op Annabelle en Nonthando? (2) [3]
3. Hoekom het Ester geweier om Nonthando te vergewe? (1) [2]
4. Waarom dink jy het Ester, ten spyte van die feit dat sy liberaal grootgeword het, nooit by ’n weerstandsbeweging aangesluit nie? (1) [4]

**(6 punte)**

**Hoofstuk 46 – Mila**

1. Verduidelik waarom dit vir Mila maklik was om Mateo op te spoor. (1) [1]
2. Hoe lank was Mila in Spanje? (1) [2]
3. Waarom het Mila die laaste dag van haar besoek ekstra aandag aan haar voorkoms gegee? (1) [3]
4. Waarom was Mila se laaste dag ’n antiklimaks? (1) [4]

5. Evalueer krities Mila se besluit om nie haar pa te ontmoet nie en boonop haar ma kwalik te neem daarvoor. (2) [5]

**(6 punte)**

**Hoofstuk 47 – Ester**

1. Watter TWEE belangrike besluite neem Ester? (2) [2]
2. Waarom wil Ester na Nonthando se begrafnis gaan? (1) [3]
3. Tot watter insig kom Ester? (2) [3]

**(5 punte)**

**Hoofstuk 48 – Mila**

1. "*Moerig vir die* <u>*saadskenker*</u>." (p. 247)
   Benoem die stylfiguur. Wat word geïmpliseer met die woord? (2) [3]
2. Waarom is Mila kwaad vir Mateo? (2) [2]
3. Wat is die betekenis van die slotsin? (1) [3]

**(5 punte)**

**Hoofstuk 49 – Ester**

1. "*Ou Nattie wat soos 'n Chappie aan jou tekkie se sool kan klou.*" (p. 247)
   Is dié vergelyking effektief? Motiveer jou antwoord. (1) [5]
2. Waarom is Ester kwaad dat Nonthando oorlede is? (1) [2]
3. Waarom is dit ironies dat Ester steeds kwaad is oor haar mislukte selfdoodpoging? (1) [3]
4. "*Soos sy gevoel het nadat haar suster haar in die rug gesteek het.*" (p. 248)
   Na watter insident word daar verwys? (1) [2]

**(4 punte)**

**Hoofstuk 50 – Mila**

1. Wie vat vir Mila na die paneelklopper om die motor te gaan haal? (1) [1]
2. Waarom is Mila bly dat Dewald nie na haar toe kom nie? (1) [2]
3. Waarom dink jy sien Mila die eerste keer daarvoor kans om in haar ma se bed te slaap? (1) [4]
4. Verduidelik die ironie in die laaste paragraaf van hierdie hoofstuk. (1) [3]

**(4 punte)**

**Hoofstuk 51 – Ester**

1. Waarom is Ester jaloers en afsydig teenoor Nonthando? (2) [2]
2. Stem jy saam dat Mateo net vir Ester en Nonthando gebruik het? Motiveer jou antwoord. (1) [5]
3. Waarom wil Nomsa hê dat Ester met Nonthando moet praat? (1) [2]
4. Wat behels die inhoud van Mateo se brief? (3) [1]
5. Verduidelik waarom Ester die brief en geld verbrand het. Waarom het hierdie handeling tot innerlike konflik gelei? (2) [2]
6. Dink jy die voorwaardes wat Ester aan Wouter gestel het, is regverdig? Motiveer jou antwoord. (1) [4]
7. Waarom het Ester en Wouter nie in die kerk getrou nie? (1) [3]
8. Verduidelik waarom hierdie hoofstuk die klimaks van die roman is. (1) [3]

**(12 punte)**

## VERDRIET: Hoofstuk 52-59

<u>Saterdag</u>

**Hoofstuk 52 – Ester**

1. Waarom dink jy is Elanie benoud toe sy haar ma roep? (1) [4]
2. Verduidelik kortliks die karakterontwikkeling wat Ester ondergaan. (2) [3]

**(3 punte)**

**Hoofstuk 53 – Mila**

1. Op watter wyse neem die Xhosas afskeid van ’n oorledene? (4) [1]
2. Waarom het Dewald nie saam met Mila na die begrafnisondernemers gegaan nie? (1) [2]
3. Tot watter besef kom Mila toe sy na haar ma in haar kis kyk? (1) [3]

**(6 punte)**

**Hoofstuk 54 – Ester en Mila**

1. Verduidelik waarom Ester nie die begrafnisdiens bygewoon het nie. (1) [2]

2. Waarom dink Ester dat haar lewenskring voltooi is? Hoe sluit dit aan by die titel van die roman? (2) [3]
3. Waarom kan Ester as 'n buitestander gesien word by Nonthando se begrafnis? (1) [3]
4. Waarom is Mila nie verbaas toe Ester vir haar vertel dat jaloesie die dryfveer was agter haar en Nonthando se konflik nie? (1) [2]
5. Mila sê dat sy stukkies van haar lewe op die plaas onthou. Watter deel onthou sy die beste? Waarom onthou sy hierdie deel so goed? (2) [3]

**(7 punte)**

**Hoofstuk 55 – Ester en Mila**

1. Waarom was daar nie baie mense by Nomsa se begrafnis nie, maar talle by Nonthando s'n? (2) [3]
2. "*Vrees werk so. Verlies ook. En vernedering. Al drie dié dinge is daardie dag aan haar en haar ma uitgedeel.*" (p. 264)
   Verduidelik in jou eie woorde wat deur die aanhaling geïmpliseer word. Lug jou mening oor die tipografie in die aangehaalde gedeelte. (4) [3, 5]
3. Verduidelik waarom Ester vir Nonthando en Mila weggejaag het. Wat het haar aangespoor om tot hierdie handeling oor te gaan? (2) [3]
4. Dink jy Nonthando het dit verdien om so sleg behandel te word? Motiveer jou antwoord. (1) [4]

**(9 punte)**

**Hoofstuk 56 – Ester en Mila**

1. "*. . . toe die hemele saam oor Mama gehuil het*." (p. 266)
   Benoem die beeldspraak. (1) [2]
2. Die hoofstuk handel oor verlies. Verduidelik wat Nonthando en Ester op die dag van Nomsa se begrafnis verloor het. (3) [2]
3. Verduidelik waarom Ester gedink het sy doen die regte ding toe sy vir Nonthando-hulle weggejaag het. Waarom het sy nooit berusting oor haar daad gekry nie? (2) [3]

4. Hoe het Nonthando geweet dat die geld wat Ester elke maand vir haar gebring het nie van Mateo af kom nie? Waarop het Nonthando gehoop toe sy vir Ester die dag voor haar dood gesien het? (2) [3]
5. Waarom ken net Ester die waarheid oor Mateo? Wat is die waarheid wat Ester aan Mila meedeel? (2) [2]
6. Dink jy dat die nuus aangaande haar pa Mila se innerlike konflik sal oplos? Motiveer jou antwoord. (1) [4]

**(11 punte)**

**Hoofstuk 57 – Ester en Mila**

1. Hoe reageer Mila oor Ester se belydenis? Waarom huil sy? (2) [2]
2. Waarom kry Mila nie vir Ester jammer nie? (1) [3]
3. Wat dink Mila sou Nonthando doen as sy in dieselfde situasie was? (1) [3]

**(4 punte)**

**Hoofstuk 58 –Ester en Mila**

1. Op watter TWEE maniere het Ester haar gewete probeer sus oor dit wat sy aan Nonthando gedoen het? (2) [2]
2. Waarom dink jy het Ester elke maand vir Nonthando geld gegee? Gee TWEE moontlike redes? (2) [4]
3. Wat probeer Mila bereik toe sy vir Ester sê dat sy lief is vir Dewald? Het dit die gewenste uitwerking? Motiveer jou antwoord. (2) [3]

**(6 punte)**

**Hoofstuk 59 – Mila**

1. Waarom is Mila so haastig om terug te gaan Johannesburg toe? (1) [3]
2. Dink jy dit is reg dat Mila vir Dewald vertel van die gesprek tussen haar en Ester? Motiveer jou antwoord. (1) [4]
3. Wanneer het Dewald die eerste keer vir Mila verloor? (1) [2]
4. Wat is Dewald bereid om te doen om vir Mila te behou? Wat word daardeur geïmpliseer? (2) [2, 3]
5. Evalueer krities Mila se besluit om terug te keer Johannesburg toe. (1) [5]

**(6 punte)**

## VREDE: Hoofstuk 60

<u>'n Paar jaar later</u>

**Hoofstuk 60 – Ester**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Waarom is daar so groot tydsprong tussen hierdie hoofstuk en die vorige een? | (1) [3] |
| 2. | Waarna verwys die skaduwee wat dowwer geword het? | (2) [2] |
| 3. | Verduidelik wat met die "versigtige vrede" tussen Mila en Ester bedoel word. | (2) [3] |
| 4. | Na wie is Mila en Dewald se seun vernoem? | (2) [2] |
| 5. | Wat verskaf vir Ester vreugde? | (1) [1] |

**(7 punte)**

## VREUGDE: Hoofstuk 61

**Hoofstuk 61 – Mila**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Verduidelik die betekenis van die eerste sin van die hoofstuk. | (2) [3] |
| 2. | Waarom verkies Mila om op Dassiepoort te woon? | (1) [2] |
| 3. | Wat dink jy is die somtotaal van Mila se lewe? | (1) [4] |
| 4. | Waarom wil Mila na Spanje gaan? | (1) [3] |
| 5. | Op watter manier versoen Mila haar beroep met die lewe op die plaas? | (1) [2] |
| 6. | Wat beteken die woord "Kwanele"? | (1) [3] |
| 7. | Watter deel van die struktuur van die roman is hoofstuk 60-61? | (1) [2] |
| 8. | Wat is die sentrale tema van die roman? | (1) [3] |
| 9. | Wat dink jy is die boodskap van *Somtotaal?* | (1) [5] |

**(10 punte)**

Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB-Uitgewers

## Verryking

Hoe goed ken jy jou karakters, karakters se ouderdomme, plekke en die tye waarin belangrike gebeure afspeel?

**Tye**

Vul die ontbrekende inligting op die tabel in:

| No. | Tyd | Karakter/Plek | Belangrike gebeure |
|---|---|---|---|
| 1 | ***Bv. 1977*** | ***Nonthando*** | ***Breek haar enkel in 'n motorongeluk*** |
| 2 | Desember 1977 | Hansie | |
| 3 | | Ester | Finale skooljaar / matriek |
| 4 | Desember 1988 | Jeffreysbaai | Ester ontmoet vir _______________ |
| 5 | Januarie 1989 | | Dood aan 'n hartaanval |
| 6 | Middel Januarie 1989 | Ester | |
| 7 | | Ester | Verbrand brief en geld |
| 8 | Oktober 1989 | | Huwelik |
| 9 | Februarie 1994 | Dassiepoort | |
| 10 | Februarie 1994 | Ester | |

**Plekke**

1. Mateo woon in ________________________________________________________
2. Mila se kantoor is in ____________________________________________________
3. Nonthando het by _______________________________________ haar graad behaal.
4. Ester het op _________________________________________________ grootgeword.
5. Dewald het die Baboesjka-poppies in ________________________________ gekoop.

**Ouderdom**

| No. | Karakter | Leidraad | Ouderdom |
|---|---|---|---|
| 1. | Magdaleen | Hoe oud was die karakter toe sy oorlede is? | |
| 2. | Hansie | Hoe oud was die karakter toe hy oorlede is? | |
| 3. | Annabelle | Hoe oud was die karakter toe sy oorlede is? | |
| 4. | Nonthando | Hoe oud was die karakter toe sy oorlede is? | |
| 5. | Dewald | Speel rugby vir die skool se eerstespan | |
| 6. | Mila | Ouderdom toe sy en haar ma hulle op KwaNomzamo gevestig het. | |
| 7. | Ester | Ouderdom toe sy probeer selfdood pleeg het. | |
| 8. | Wouter | Hoeveel jaar was Wouter ouer as Ester? | |
| 9. | Ester | Ouderdom toe haar ma oorlede is. | |
| 10. | Ester | Tydperk wat Ester elke maand die koevert en parfuum na Nonthando geneem het. | |

Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB-Uitgewers 

## 2. Opsteltipe vrae

Die literêre opstel vereis ’n deeglike kennis van:

- die intrige en inhoud van die verhaal
- literêre begrippe soos ruimte, konflik, temas en deurlopende motiewe
- karakters en karaktereienskappe
- temas
- deurlopende motiewe

Die literêre opsteltipe vraag bestaan gewoonlik uit ’n kombinasie van die karakter, literêre begrippe, temas of deurlopende motiewe wat in die KABV aangetoon word. Dit is nie net die oorvertel van die verhaal nie, maar ’n evaluering of ontleding van die vraag. Dit is belangrik dat die kandidaat gestruktureerd skryf en insig toon.

Om ’n suksesvolle opstel te skryf moet jy:

➢ vooraf beplan;
➢ ’n goeie inleiding skryf;
➢ elke paragraaf begin met die hoofgedagte of -stelling;
➢ elke stelling ondersteun met feite of bewyse uit die roman;
➢ ’n goeie slot skryf waarin jy tot ’n gevolgtrekking kom.

**Moontlike opstelvrae:**

1. Lig en donker is ’n deurlopende motief wat Ester se traumatiese grootwordjare en haar innerlik konflik beklemtoon.
   Bespreek hierdie stelling in ’n opstel van 400-450 woorde.

2. Bespreek in ’n opstel van 400-450 woorde hoe die ruimte van KwaNomzamo Mila Majolo se lewe beïnvloed.

3. “Om vorentoe te beweeg moet sy eers agteruitgaan.” (p. 64)
   Verduidelik in ’n opstel van 400-500 woorde waarom hierdie stelling op Ester Labuschagne se lewe van toepassing is.

4. “It is easier to forgive an enemy than to forgive a friend.” – William Blake
“For there to be betrayal, there would have to have been trust first.” – Suzanne Collins, *The Hunger Games*
Bespreek die toepaslikheid van die motto’s in *Somtotaal* in ’n opstel van 400-500 woorde.

5. “Omdat sy moeg is om die skaduwee wat aan haar voete vas is, te probeer losmaak.” (p. 32)
Skryf ’n opstel van 400-450 woorde waarin jy die invloed van depressie op Ester en haar ma, Magdaleen, se lewe bespreek.

6. “Elke maand, vir 25 jaar het Ester die pad na KwaNomzamo gevat, eers vanaf Dassiepoort en Paardenkraal, en later vanaf Humansdorp, aangeklop en die koevert en die poeierblou boksie in Nonthando se hande geplaas.” (p. 48)
Bespreek in ’n opstel van 400-450 waarom Ester die waarheid vir ’n leuen verruil het en watter invloed dit op Nonthando en Mila gehad het.

7. “Hy het blykbaar van Dassiepoort gehou, want daar het hy kamp opgeslaan.” (p. 123)
Bespreek in ’n opstel van 400-450 woorde die deurlopende tema van verlies op die Maree-gesin van Dassiepoort.

8. Hannes Maree se liberale uitkyk in die apartheidsera en sy liefde vir Nomsa het aanleiding gegee tot uiterlike konflik.
Bespreek hierdie stelling in ’n opstel van 400-450 woorde.

9. Bespreek in ’n opstel van 400-450 woorde die kontras tussen Nonthando en Mila Majolo deur te verwys na hulle houding teenoor apartheid en die Marees.

10. Die Spanjaard, Mateo Sanchez, het die lewe van Nonthando Majolo en Ester Labuschagne onherroeplik verander.
Bespreek hierdie stelling in ’n opstel van 400-450 woorde.

11. “Milagro Majolo-Labuschagne het eindelik haar Louboutins uitgeskop en vir ’n gemakliker paar skoene verruil.” (p. 283)

Bespreek Mila se karakterontwikkeling in ’n opstel van 400-450 woorde.

**Voorbeeldopstel**:
Lig en donker is ’n deurlopende motief wat Ester se traumatiese grootwordjare en haar latere innerlik konflik uitbeeld.
Bespreek hierdie stelling in ’n opstel van 400-450 woorde.

**<u>Beplanning</u>**

- Ester se gelukkige gesinslewe
- Die dood van Hansie
- Die atmosfeer in die huis en woordewisselings tussen Ester se ouers.
- Verwerping deur haar ma
- Die dood van Annabelle
- Magdaleen se agteruitgang
- Nomsa en Hannes se verhouding
- Verhouding met Mateo
- Verraad van Nonthando
- Jaloesie van Ester
- Vernietiging van die briewe
- Depressie en selfdoodpoging
- Nonthando se begrafnis
- Belydenis aan Mila
- Vrede en vergifnis

**Opstel**
Die kandidaat gee ’n gepaste inleiding.

- **Dassiepoort was ’n gelukkige plek in Ester se eerste kinderjare.** Sy en Nonthando het baie pret gehad terwyl Hansie en Sipho saamgespeel het. Ester kon nie verstaan waarom Nonthando nie saam kan see toe gaan of dieselfde skool as sy kan bywoon omdat haar vel swart is en Ester s’n wit nie. Ester en Nonthando het eendag per

ongeluk die bale in die stoor aan die brand laat raak. Daar was groot skade, maar hulle is betyds gered uit die brandende stoor.

"*Wanneer sy aan haar vroeë kinderdae terugdink . . . onthou sy lig en liefde en lag in Dassiepoort se opstal*." (p. 30)

- **Ester se ma was 'n joviale vrou wat graag in die veld rondgeloop het en veldplante geskets het, maar met haar seun, Hansie, se dood het alles verander.** Magdaleen het op en af in die donker gang geloop met die skreeuende Annabelle en haar pa het in 'n bondeltjie op die bed gelê. "*. . . dit was asof 'n donker wolk op 'n blouhemeldag voor die son ingeskuif het.*" (p. 118)
- **Ester sluip in die middel van die nag na Nomsa se huis om van die doodsengel af weg te kom.** Ester het 'n vrees vir die dood ontwikkel omdat Nombi en Nomsa oor die doodsengel gepraat het en gesê het dat ongelukke altyd in drieë kom. "*Hy het blykbaar van Dassiepoort gehou, want daar het hy kamp opgeslaan*." (p. 123)
- **Die atmosfeer in die huis het verander, die huis is letterlik en figuurlik donker.** Ester, Nonthando, Hansie en Sipho het altyd ná vyf nog buite rondgehardloop en later televisie gekyk, maar nou word die swaar gordyne vyfuur toegetrek en Nonthando het minder kom speel. "*Nou staan die TV se swart oog na die donker vertrek en staar*" (p. 127). Daar is uiterlike konflik tussen Ester se ma en pa. Magdaleen verwyt vir Hannes en sê dat dit sy skuld is dat Hansie dood is. Hannes neem sy vrou kwalik omdat sy vir Ester afskeep.
- **Magdaleen stort ineen na Annabelle se dood en lê die meeste van die tyd in die donker kamer.** Magdaleen ontdek Annabelle se lyk vroegoggend in haar kot en is ontroosbaar. Sy wil nie meer skilder nie en lê selfs op 'n snikheet dag onder die donskombers in die kamer. Magdaleen se optrede het 'n groot impak op Ester. "*Wanneer die vensters toe is, die gordyne dig, loop Ester doodgewoon voordeur toe. Dan is dit nie haar ma wat haar inwag nie, maar Nomsa . . . wie se glimlag nie die skadu's uit haar oë kan hou nie.*" (p. 168)
- **Magdaleen pleeg selfdood en 'n geheime verhouding ontwikkel tussen Nomsa en Hannes.** Selfs voor Magdaleen se selfdood was daar bespiegelinge dat Nomsa en Hannes 'n verhouding het. Maryna Labuschagne sê dat haar man, Jans, vir Hannes en Nomsa in 'n omhelsing betrap het en dat Ester by Nomsa oorslaap. Toe Ester koshuis toe is, het Nomsa gereeld in die donker na Hannes se huis toe gegaan en by hom gaan slaap, want hulle wou verhoed dat die waarheid oor hulle verhouding aan die lig

kom. "*. . . sal Nomsa die huis binnesluip, op haar tone deur die donker gang na Hannes se kamer*." (p. 222)

- **Nomsa en Hannes se verhouding is vir Ester 'n ligpunt.** Toe Ester vroeër weg is van die "afterparty" na die matriekafskeid kom sy op haar pa en Nomsa af wat in een bed lê. Sy is verheug en beplan om hulle geheim te bewaar, tog veroorsaak dit twyfel by haar, want die apartheidswette soos die wet op afsonderlike geriewe verbied dat hulle in dieselfde restaurant mag eet of in dieselfde ry by die poskantoor kan staan. "*. . . het Ester vir die eerste keer in jare gevoel asof sy tot 'n volledige gesin behoort.*" (p. 198)
- **Ester sien by die lig van die vuur haar boesemvriendin se verraad toe sy vir Mateo en Nonthando betrap.** Ester word verneder deur Nonthando en Mateo se verraad. Sy word jaloers op Nonthando wat swanger is. Dit veroorsaak dat sy 'n donker daad doen. Sy verbrand Mateo se briewe en bly in die donker lewe met 'n skuldgevoel. "*Die bedreiging was in wat langs die vuur gebeur het. Twee sweetblink, wriemelende lywe. Een donker, een lig in die vuur se gloed*." (p. 44)
- **Ester se depressie word gedefinieer as 'n skaduwee wat haar lewe oorheers.** Ester ly aan depressie as gevolg van haar innerlike konflik. Sy kan nie die onreg vergeet wat sy aan Nonthando gedoen het nie. Sy sluk 'n hand vol pille in die vroeë oggendure, maar vergeet om die lig af te sit. Dit veroorsaak dat ou Nattie haar sien en haar lewe red. Sy personifieer haar depressie as 'n skaduwee. "*Omdat sy moeg is om die skaduwee wat aan haar voete vas is, te probeer losmaak*." (p. 32) "*hoe die skaduwee wat aan haar voete vas is, in haar bene opklim, na haar hart toe*." (p. 48)
- **Na haar selfdoodpoging sukkel Ester om die lig te sien.** Ou Nattie ontbied die dominee om met Ester te kom praat. "*Ironies dat sy soos 'n uitgebrande vuurhoutjie lyk, maar dat haar lig so helder skyn.*" (p. 106) Ester vra vir dominee Steyn of hy al iets gedoen het waarvoor hy skaam was. Dit suggereer die onreg wat sy aan Nonthando gedoen het deur die briewe te vernietig. Die skinkbordlap met die vlek simboliseer Ester se donker geheim. Sy sukkel om met die dominee te praat. "*Dit is nie lekker om voor 'n getuie die swart in jou siel te ontbloot nie.*" (p. 112)
- **Ester ervaar skuldgevoelens, maar verkies om in die donker te lewe.** Vroeër het Ester genadiglik aan die slaap geraak, maar sy sukkel die laaste tyd om te slaap en loop in die donker huis rond om te gaan tee maak wanneer Elanie slaap. "*. . . maar sy*

*het gekies om in die donker te leef. Of het die donkerte háár gekies*?" (p. 166) "*Die donkerte is vir Ester 'n welkome vriend.*" (p. 178)

- **Ester besef dat die waarheid aan die lig moet kom sodat sy van die donker bevry kan word.** Ester besluit om die waarheid aan Mila te vertel. Sy woon Nonthando se begrafnis by en vertel vir Mila die waarheid oor haar pa. Die waarheid is vir Ester bevrydend en sy kan uiteindelik deur die donker beur. Sy stem in om na Hunterscraig te gaan om ontslae te raak van haar donker verlede. "*Soos 'n swart rok wat ná jare se was uitgebleik het, is die skaduwee dowwer, maar steeds daar*." (p. 279)

Die kandidaat skryf 'n gepaste slot.

## 3. Konsepvraestel

**Vraag 1:** Opstelvraag – *Somtotaal*

Ester word as kind en later as jongmeisie verwerp, daarom voel sy soos ’n buitestander.

Bespreek hierdie stelling in ’n opstel van 400-450 woorde.

**(25 punte)**

**Vraag 2:** Kontekstuele vrae – *Somtotaal*

Lees die volgende uittreksels en beantwoord die vrae wat volg:

**TEKS A**

Tannie Maryna het uitgeklim en onder die boom gaan staan en kort voor lank het ’n ander vrou by haar aangesluit. Ester het skaamteloos die gesprek afgeluister, in so ’n mate dat sy die boek toegemaak het op presies dieselfde plek as wat sy dit oopgemaak het.

Hulle het eers sag en huiwerig gesels, maar later momentum opgebou, sodat dit nie meer vir Ester nodig was om haar ore te spits nie.

“Ja, wat van die arme kind gaan word, weet ek nie.”

“Ek hoor die ma is die kluts nou helemaal kwyt.”

“So verstaan ek ook. Maar,” het tannie Maryna dramaties gesug, “kan ’n mens haar kwalik neem? Twee kinders. Gits, nee, ek weet nie of ek dit sou maak nie.”

“Maar tog, wat van dié een? Jy sê sy word maar so tussen die volk groot?”

“H’m, slaap blykbaar daar oor, hoor ek.”

“Wie vertel dit vir jou?” vra die ander tannie.

“Ou Siena wat in die kombuis werk. Hulle is mos maar lief vir skinder, jong.”

“Moet ’n mens nie maar die polisie uitstuur nie? Ek bedoel, dis ’n onding, wie weet wat die kind alles by hulle aanleer?”

“Glo my, ek wou. Jans het egter ’n stokkie daarvoor gesteek. Hy sê ons het probeer en hy is nou klaar met Hannes. Want dié het mos vir Jans weggejaag. Soos ’n hond, sê Jans. Soos ’n hond.”

“Nie net vir Jans nie, hoor. Soos ek verstaan is tot dominee weggejaag.”

Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB-Uitgewers 

2.1 Teen watter ruimte en agtergrond vind die gesprek tussen die twee vrouens plaas? (1)

2.2 Waarom het ’n woordewisseling tussen haar ouers, wat Ester afgeluister het, aanleiding gegee tot haar innerlike konflik? (1)

2.3 Herlees reëls 8 tot 10.

Waarom dink die twee vrouens dat Ester se ma die kluts kwyt is? Hoe bepaal Ester wat haar ma se gemoedstoestand is wanneer sy van die skool af kom? (2)

2.4 Wat is die name van die twee kinders van Magdaleen Maree wat oorlede is? Op watter manier het hulle gesterf? (2)

2.5 Van watter “volk” word daar in reël 11 gepraat? Gee ’n rede waarom Ester gereeld by hierdie persoon oorslaap? (2)

2.6 Verduidelik die ironie wat voorkom in reëls 15 tot 17. (1)

2.7 Waarom dink jy wil die vrouens die polisie na Dassiepoort stuur? (1)

2.8 Dink jy Hannes het reg opgetree om vir Jans en die dominee van die plaas af weg te jaag? Motiveer jou antwoord. (1)

2.9 Verduidelik waarom die gesprek in teks A baie jare later steeds ’n invloed gehad het op Ester en Maryna se lewens. (1)

**TEKS B**

“Jou ouma was nie in ’n toestand om alleen gelaat te word of om te reis nie. Die plan was dat ek, en jou ouma hopelik, by hom sou aansluit, sodra die wind weer reg op Dassiepoort waai.”

“Hoekom het Ma nie?”

“Ek het nooit weer van hom gehoor nie.”

“Maar hy het geweet dat Ma swanger was?

“Nee.”

“En Ester? Om lewenslank vir Ma kwaad te wees oor ’n man klink vir my ’n bietjie ekstreem.”

“Sy was maar nog altyd ekstreem.”

“Hy het Ma dus net gebruik. Hoe kan Ma so kalm daaroor praat? Is Ma

nie vir hom kwaad nie?”

“Ek wil dit nie hoor nie. Hy het my my vriendskap met Ester gekos, maar hy het jou vir my gegee. Hoe kan ek vir hom kwaad wees? Hoe kan ek verwag dat Ester my moet vergewe?”

“Dit was ’n holiday fling, Ma. ’n Paar weke se genot. Ma behoort moerig vir hom te wees.”

“Jy is reg, dit was vir hom dalk niks, maar vir my was dit die beste paar weke van my lewe.”

“En my naam?”

2.10 Verduidelik waarom Mila se ouma (reël 1) nie in ’n toestand was om saam met haar dogter na Spanje te reis nie. Wie is die man waarna daar in die gesprek verwys word? (2)

2.11 Wat is die konnotatiewe betekenis van die onderstreepte frase in reël 2-3? (2)

2.12 Verduidelik waarom Nonthando nooit weer van Mila se pa gehoor het nie. (2)

2.13 Watter ekstreme daad voer Ester uit voor haar vyftigste verjaarsdag? Wat dink jy het aanleiding gegee tot haar handeling? (2)

2.14 Het Ester vir Nonthando vergewe? Motiveer jou antwoord. (1)

2.15 Verduidelik waarom die res van die gesprek wat ná teks B volg, gelei het tot uiterlike en innerlike konflik. (2)

2.16 Dink jy die onderstreepte woorde in reël 16 is waar? Motiveer jou antwoord met TWEE bewyse. (2)

**(25 punte)**

Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB-Uitgewers 

## 4. Memorandum en nasienriglyne

**Vooraf**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Vreugde. ✓ | (1) [3] |
| 2. | Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Sy is dalk die hoofkarakter. / Die verhaal fokus op haar lewe. ✓ | (1) [4] |
| 3. | Anchien Troskie ✓ | (1) [1] |
| 4. | | |
| 4.1 | "It is easier to forgive an enemy than to forgive a friend." ✓ | (1) [2] |
| 4.2 | Dit is moeilik om 'n vriend te vergewe. ✓ | (1) [3] |
| 4.3 | Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, 'n mens vertrou jou vriende en vertel vir hulle jou diepste geheime en as hulle jou verraai, kry jy baie seer omdat jy dit nie van hulle verwag nie. ✓ | (1) [5] |
| 5. | | |
| 5.1 | Hannes Maree. ✓ | (1) [1] |
| 5.2 | Ester is getroud en het kinders en hulle nie. ✓ | (1) [3] |
| 5.3 | Daar is geen vaderfiguur by die Majolo's nie, maar die Marees en Labuschagnes het 'n uitgebreide familie. ✓ | (1) [3] |
| 6. | Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, wanneer jy die boek begin lees, weet jy dadelik wie die karakters is en wat hulle familieverband is. ✓ | (1) [4] |

**(10 punte)**

Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB-Uitgewers

## Antwoorde op kontekstuele vrae per hoofstuk

### Hoofstuk 1

1. Nonthando. ✓ (1) [1]
2. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Dit kan daarop dui dat hulle kwaad is vir mekaar. ✓ (1) [3]
3. Sy is nie meer lus om voor te gee nie. / Sy het ’n geheim wat sy met niemand wil deel nie en dit veroorsaak innerlike konflik. / Sy ervaar skuldgevoelens oor iets wat sy in die verlede gedoen het en dit veroorsaak hartseer en pyn. ✓✓ (enige 2) (2) [3]
4. Sy is skynheilig, ✓want die verteller sê dat sy uitstekend is met voorgee. ✓
   Sy is doelgerig, ✓ want sy beplan al jare om selfdood te pleeg en het allerhande metodes nagevors. ✓
   Sy het ’n swak selfbeeld, ✓ want sy raak moedeloos en probeer nie om haar probleme op te los nie en wil eerder selfdood pleeg. ✓ (enige 1) (2) [3]
5. Nege-en-veertig (49) ✓ (1) [1]
6. Emosionele skuldgevoelens. ✓ (1) [2]

7.1 Persoonlike opinie, byvoorbeeld: As iemand salig die ewigheid ingaan, beteken dit dat jy met vrede in jou hart sterf, maar Ester is baie ongelukkig en wil haarself doodmaak om weg te kom van haar probleme. ✓ (1) [5]

**(9 punte)**

### Hoofstuk 2

1. Sy is in haar kantoor in Sandton, Johannesburg. ✓ Sy is ’n kliniese sielkundige. ✓ (2) [2]
2. Sy verdien baie geld/is ryk/spandeer baie aandag aan haar voorkoms/sy hou van duur skoene. ✓ Sy is ydel. ✓ (2) [3]
3. Mila voel skuldig omdat sy meer geld aan skoene spandeer as die geld wat sy vir haar ma stuur. ✓ Ester voel skuldig omdat sy met ’n geheim saamleef wat innerlik konflik veroorsaak. ✓ (1) [3]
4. Nee, sy moet dankbaar wees dat haar ma haar met liefde grootgemaak het. / Dit maak nie saak waar jy vandaan kom of hoeveel geld jy gehad het nie, want daar is nie ’n prys op die liefde van ’n moeder nie.

Ja, sy het hard gewerk om bo haar omstandighede uit te styg en kan haar luukse lewe geniet. ✓ (1) [4]

5. Nonthando gebruik haar geld om minderbevoorregtes finansieel te ondersteun, terwyl Mila haar geld op aardse besittings spandeer. ✓ (1) [3]
6. Een-en-dertig (31) ✓ (1) [1]
7. Haar ma is oorlede. ✓ Sy ontken die dood van haar ma. ✓ (2) [2]
8. Daar was nie waarskuwingstekens dat haar ma siek is nie. / Haar ma was gesond en het ’n gesonde leefstyl gehandhaaf. ✓ (1) [2]

**(11 punte)**

**Hoofstuk 3**

1. Ou Nattie ✓ (1) [1]
2. Ou Nattie is ’n lywige vrou met ’n waggelstappie. ✓ Sy is outyds en het ’n aangename persoonlikheid. / Sy is ’n liewe mens. ✓ (2) [2]
3. Vroeg die oggend tydens sonsopkoms. ✓ Sy het haar hondjie uitgevat om sy besigheid te doen. ✓ (2) [2]
4. Sy het haarself uitgesluit omdat die deur toegegaan het en van binne gesluit is. ✓ Sy het nie haar selfoon by haar nie en weet dat haar buurvrou ’n spaarsleutel vir haar huis het. ✓ (2) [2]
5. Daar word geïmpliseer dat daar iets fout is met Ester. / Dit lyk asof sy dood is. ✓ (1) [3]
6. Sy slaan die badkamervenster stukkend en klim deur die venster. ✓ (1) [2]
7. Sy sien die onnatuurlike posisie van Ester se liggaam en die leë pilleboksie. ✓ (1) [3]

**(10 punte)**

**Hoofstuk 4**

1. Vergelyking. ✓ (1) [2]

   Persoonlike opinie. Ja, die gedrup van ’n kraan is irriterend en maak ’n mens vies, net so is die dood van haar ma ontstellend. ✓ (1) [4]
2. In KwaNomzamo, naby Humansdorp. ✓ (1) [1]
3. Dit is haar pasiënte. / Die persone wat ’n afspraak gemaak het om Mila te besoek vir sielkundige hulp. ✓ (1) [4]

Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Nee, Agnes doen juis haar werk deur vir Mila te herinner aan haar afspraak, dus is haar aanmerking is ongevoelig. / Sy is ongeskik met Agnes en kon eerder aan haar verduidelik het dat haar ma oorlede is. ✓ (1) [4]

4. Mila se Volkswagen bug. ✓ Die Tumi-reistas. ✓ (2) [2]
5. Sy is so geskok oor die dood van haar ma dat sy nie nugter kan dink nie. ✓ (1) [3]
6. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Sy kan vinniger met die vliegtuig haar bestemming bereik. ✓ (1) [4]

**(9 punte)**

**Hoofstuk 5**

1. Sy dink sy is in die hemel / die hiernamaals. ✓ Sy is in die hospitaal, ✓want ou Nattie het haar lewe gered en haar maag moes uitgepomp word. ✓ (3) [3]
2. Elanie ✓ en Dewald. ✓ (2) [1]
3. Nee, haar kinders huil omdat hulle bang was dat hulle ma sal sterf. ✓ Ester huil omdat sy nie dood is nie en aan haar kinders sal moet verduidelik waarom sy probeer selfdood pleeg het. ✓ (2) [3]
4. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Nee, sy moet eerder dankbaar wees dat ou Nattie haar gered het, want nou het sy ’n kans om dit wat sy in die verlede verkeerd gedoen het, te probeer regmaak. ✓ (1) [4]

**(8 punte)**

**Hoofstuk 6**

1. Die meeste van haar naasbestaandes is oorlede voor hulle vyftig jaar oud geword het. ✓ (1) [2]
2. Hy was eiewillig en het die huishoudster opdrag gegee om vleis en styselgeregte te maak. ✓ (1) [2]

   Die “banting-leefstyl” bestaan hoofsaaklik uit proteïene soos die vleis waarvoor hy so lief was. ✓ (1) [3]
3. Dassiepoort is aan die Indiese Oseaan geleë (naby Humansdorp en Jeffreysbaai). ✓ Beeste en skape. ✓ (2) [1]
4. Magdaleen was passievol oor kuns / om die veld te loop en plante te teken. ✓ Sy het niks van die plaas gehou nie. ✓ Sy het vlieë verpes. ✓

(Sy het die see gehaat en het nie gehou van kosmaak en bak nie.) (3) [1]

5. Metafoor. ✓ Haar depressie of innerlike konflik word gelykgestel aan ’n skaduwee. ✓ (2) [3]

6. Nee, Ester is gewoond daaraan om voor te gee. ✓ Sy gebruik van kleins af haar trane as ’n wapen om haar sin te kry. Deur trane te stort, kry haar kinders haar jammer en sal haar nie verplig om na Hunterscraig te gaan nie. ✓ (2) [4]

7. “<u>Volgende keer</u> sal sy haar nie aan pille oorgee nie.” (p. 34) ✓ (1) [3]

**(13 punte)**

**Hoofstuk 7**

1. Eufemisme. ✓ Die motor is oud en in ’n bedenklike toestand, terwyl Mila se voorkoms stylvol is en sy nuwe en duur skoene dra. ✓ (2) [3]

2. Hulle albei hou niks van die plaaslewe nie. ✓ (Albei probeer om die lewens van vreemdelinge te verryk: Magdaleen leer die kinders op die plaas teken en antie Sofie leer die wit kinders Xhosa praat.) (1) [3]

3. Antie Sofie is ’n gekwalifiseerde onderwyseres en sy praat baie. ✓ Umalume uThemba was ’n ongekwalifiseerde plaasarbeider en praat nie baie nie. ✓ (2) [3]

4. Die woorde “bekend” en “vreemdeling” is teenstellend / ’n bekende is iemand wat jy baie goed ken, maar ’n vreemdeling ken jy van geen kant af nie. ✓ (1) [3]

5. Mila huil, dit is haar trane wat souterig proe, nie die kos nie. ✓ (1) [3]

**(7 punte)**

**Hoofstuk 8**

1. Ester het die vorige dag by Nonthando gekuier en toe het sy niks makeer nie. ✓ (1) [2]

   Ester het altyd geglo dat sy op haar sterfbed vir Nonthando om verskoning sal vra en vrede sal vind. ✓ (1) [3]

2. By Dewald na sy besoek aan Rusland. ✓ (1) [1]

3. ’n Geheim wat binne ’n ander geheim weggesteek is. / ’n Simbool van ’n moeder en haar aanwas. / Die simbool van jou siel. ✓ ✓ (2) [2]

Ester het ’n donker geheim wat sy vir jare bewaar en vir niemand vertel nie. / Ester het twee kinders, Elanie en Dewald. / Ester het ’n sielewroeging wat haar gedryf het tot selfdood. ✓✓ (2) [3]

4. Die denkbeeldige gesprek lig die leser geleidelik in oor Ester se agtergrond en wat daartoe gelei het dat sy besluit het om haar hand aan haar eie lewe te slaan. ✓ (1) [3]

5.

5.1 Retoriese vrae. ✓ (1) [2]

Dit beklemtoon Ester se onsekerheid. / Dit betrek die leser om na te dink oor wat hy/sy in dieselfde situasie sou gedoen het. ✓ (1) [3]

5.2 Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Dit is altyd beter om die waarheid te praat, want die waarheid maak jou vry van die skuldlas van die verlede. ✓ (1) [5]

**(11 punte)**

**Hoofstuk 9**

1. Sy dink dat Nonthando nie tuis gevoel het daar nie en dat sy bang was in die groot huis. ✓ (1) [1]

2. Daar word gesuggereer dat sy nie van KwaNomzamo gehou het nie. ✓ (1) [3]

Die plek het haar herinner aan haar nederige afkoms en die armoede wat daar heers. ✓ Sy is hoogmoedig en kyk neer op die mense van KwaNomzamo wat luidrugtig is en drank misbruik. ✓ (2) [2]

3. Haar vel was baie ligter as die ander kinders s’n. / Sy het ’n wit pa gehad, daarom was haar vel lig en die ander kinders was swart. ✓ (1) [2]

Mila wou nie tussenin (bruin) wees nie, sy wou graag wit wees. ✓ (1) [3]

4. Mila is na al die jare steeds verlief op Dewald. ✓ (1) [3]

5. Sy wou hom vra of sy haar ma op Dassiepoort kan laat begrawe. ✓ (1) [2]

Sy kry nie kans om hom te vertel van haar ma se dood nie, want hy praat heeltyd oor sy ma se selfdoodpoging – en Mila haat sy ma. (1) [3]

6. Die ellips skep die suggestie dat Mila met wrewel aan Ester dink. / Dit beklemtoon Mila se haat vir Ester. ✓ (1) [ 3]

**(10 punte)**

**Hoofstuk 10**

1. Metafoor en personifikasie. ✓ (1) [3]

   Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, die metafoor stel haar depressie gelyk aan ’n skaduwee. Die skaduwee/depressie word gepersonifieer en dit beklemtoon Ester se vrees. ✓ (1) [5]

2. Tydens die vorige besoeke het sy net die pakkie afgelewer sonder om te kuier, maar hierdie keer het sy met Nonthando gesels oor die ou dae. (1) [3]

3. Sy het voorgegee dat die geld in die koevert van Mateo afkom en dat hy finansieel bydra. / Sy het geld afgelewer (en ’n bottel parfuum) om Nonthando finansieel te ondersteun. ✓ (1) [2]

4. 25 jaar. ✓ (1) [1]

5. Mila het haar herinner aan die onreg wat sy aan haar en Nonthando gedoen het. / Sy het geskrik toe sy vir Mila sien en het skuldig gevoel oor dit wat sy in Mila se oë gesien het. ✓ Verpleging / ’n mediese rigting, ✓ want Nonthando was ’n gekwalifiseerde suster in Humansdorp-hospitaal. ✓ (3) [3]

**(7 punte)**

**Hoofstuk 11 – Mila**

1. Nomsa het nie ’n pas gehad nie en niemand wou vir haar werk gee nie. ✓ Nomsa was swanger en het gevlug van ’n ongenaakbare man, en mevrou Maree het vir Nomsa bygestaan met Nonthando se geboorte. / Die Marees was goed vir hulle. ✓ (2) [3]

2. Sy dink nie dat ’n dak oor haar kop (Nomsa se eenvertrekwoning en geriewe) iets is om voor dankbaar te wees nie. / Sy sê dat die swart mense onderdruk is in die apartheidsjare en nie menswaardig behandel is nie. ✓ (1) [3]

3. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Dit is funksioneel, want dit gee geloofwaardigheid aan die verhaal. Dit beklemtoon Nomsa se herkoms van die Transkei. ✓ (1) [5]

4. “Nonthando” beteken liefde en dit is wat sy op Dassiepoort ervaar het. ✓ (1) [2]

5. Eufemisme. ✓ (1) [3]

6. Sy is kwaad vir Ester wat probeer selfdood pleeg het, vir haar ma wat haar alleen gelos het, vir God omdat Hy haar ma van haar weggeneem het, vir

haarself omdat sy kortaf was met Agnes / omdat sy haarself jammer kry oor haar pasiënte wat verwys moes word. ✓✓✓ (enige 3) (3) [2]

7. Sy is onafhanklik. / Sy is ’n alleenloper. ✓ (1) [3]

**(10 punte)**

**Hoofstuk 12**

1. Vergelyking. ✓
   Dit impliseer dat Mila iets te doen het met haar seerkry. / Dit beklemtoon haar innerlike konflik. Dit beklemtoon dat Ester skuldig voel oor dit wat sy aan Nonthando en Mila gedoen het. ✓ (2) [3]
2. 1989. ✓ (1) [1]
3.

3.1 Mivuyo ✓ – altyd vol vreugde. ✓
Sindile ✓ – die een wat oorleef. ✓ (4) [2]

3.2 Kontras (Mivuyo) – Ester is glad nie meer vol vreugde nie, sy is ’n diep ongelukkige mens. ✓
Ooreenkoms (Sindile) – Sy het haar poging om selfdood te pleeg oorleef omdat Nattie haar gered het. ✓ (2) [3]

4. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, dit is dieselfde vrees wat daartoe gelei het dat sy selfdood wou pleeg wat haar bang maak vir die toekoms, want sy kan nie van die verlede en haar skuldige gewete ontslae raak nie. ✓ (1) [4]

**(10 punte)**

**Hoofstuk 13**

1. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, sy het gematrikuleer en kon verder gaan studeer. ✓ (1) [5]
2. Sy het swanger geraak met Mila. ✓ (1) [1]
3. Dit was vir Nonthando moeilik om ver van die huis te wees en sy was bekommerd oor Mila. / Nonthando moes as kelner werk om finansieel te oorleef. ✓ Mila moes alleen in die woonstel woon en selfversorgend wees op dertienjarige ouderdom. ✓ (2) [3]

Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Mila, ✓ wanneer jy dertien word, is dit jou eerste jaar in die hoërskool wat baie uitdagings aan jou stel. Daarom is dit belangrik om jou ma by jou te hê vir ondersteuning en advies. ✓ (2) [5]

4. Sy het dit vir ander mense wat dit nodiger gehad het, gegee. ✓ (1) [2]

   Nonthando is goedhartig. / Geld is nie vir haar belangrik nie. / Sy stel ander mense se belange bo haar eie. ✓ (1) [3]

5. Sy het haar ma verloor: aan die dood afgestaan. ✓

   Sy voel verlore: dit voel vir haar asof sy nie kan aangaan sonder haar ma nie. / Verloor dui op ’n verlies, maar verlore beteken om alleen en sonder hoop te voel. ✓ (2) [3]

6. Albei se vrees het iets te doen met Nonthando. / Mila is bang vir die toekoms omdat sy alleen voel; Ester voel ook eensaam. (Ester vrees die toekoms omdat sy nie kwytskelding van Nonthando kan kry nie. Mila voel skuldig omdat sy en haar ma ’n jaar gelede ’n woordewisseling gehad het en hulle nog nie vrede gemaak het nie.) ✓ (1) [3]

**(11 punte)**

**Hoofstuk 14**

1. Dewald is ’n boer ✓ en Elanie is ’n eiendomsagent. ✓ (2) [1]

2. Die aand toe Wouter dood is. ✓ 16. ✓ Daardie aand het hy rukkerig weggetrek omdat hy gespanne was oor sy pa wat ’n hartaanval gehad het. / Hy was nie gewoond daaraan om die motor te bestuur op die grondpad nie. ✓ Hy trek nou rukkerig weg omdat hy kwaad is vir sy ma wat probeer het om selfdood te pleeg en wat hy nou moet oppas. ✓ (4) [2]

3. “<u>*Om vorentoe te beweeg, moet sy eers agteruitgaan*</u>. *Sy wil nie*.” (p. 64)

   Ester moet haar innerlike konflik oor die gebeure in die verlede oplos voordat sy op haar toekoms kan fokus. ✓ (1) [3]

   Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, ’n mens kan nie vir altyd met ’n wrok rondloop nie, want dit veroorsaak dat jy jouself ongelukkig maak en nie kan aanbeweeg nie. ✓ (1) [5]

4. Nonthando se swart vel het mooi geblink en Ester se vel was deursigtig en wit. ✓ Annabelle. ✓ (2) [2]

Sy was jaloers op Annabelle omdat haar ma al haar aandag aan Annabelle gegee het en haar afgeskeep het. ✓ (1) [3]

5. Nonthando se enkel was gebreek en sy het 'n sny op haar regterwang gehad. ✓ Die polisie het gebel in die tyd wat Nomsa en Ester langs die pad gewag het. ✓ Niemand het die foon geantwoord nie en hulle het nie weer probeer bel nie. ✓ (3) [2]
6. Sy het gehuil omdat haar pa nie wou hê sy moes saam dorp toe ry nie. ✓ Sy het in die hospitaal gehuil omdat sy op haar kinders se gevoel wou speel sodat hulle haar nie na Hunterscraig stuur nie. ✓ (2) [2]
7. Baasspelerigheid / sy is manipulerend / selfgesentreerd. ✓ (1) [3]
8. Hy het vir die eerste rugbyspan van die skool gespeel en was vriende met die matrikulante. ✓ (1) [2]

**(18 punte)**

**Hoofstuk 15**

1. Wonderwerk. ✓ (1) [1]
2. Mila is gewoond aan die ruimte van haar woonstel en ander voordele soos sterk lopende water. / Sy is gewoond daaraan om nie gesteur te word nie en nou kom kuier antie Sofie ongenooid. / Die teenwoordigheid van haar ma se persoonlike items en die geure soos haar ma se parfuum herinner haar aan Nonthando en dit maak haar hartseer. / Sy haat dit om na die foto van haar ma en Ester te kyk. ✓✓ (enige 2) (2) [3]
3. Haar ma se motor is by die paneelklopper. / Sy het nie haar eie vervoer nie en wil nie weer in die skorra-skorra ry nie. ✓ (2) [2]

   Sy is bang haar skoene verniel in die stowwerige strate van KwaNomzamo. ✓ (1) [3]
4. Mila kan nie vir twee weke daar bly nie, want sy moet terug werk toe gaan. ✓ (1) [2]
5. Sy is eiewillig/koppig / gewoond daaraan om haar eie kop te volg. / Sy luister nie na ander se opinie nie. ✓ Die konflik het veroorsaak dat hulle mekaar nie gereeld gesien het nie. ✓ (2) [3]

6. Ester het vir haar en haar ma van Dassiepoort af weggejaag. / Dit is Ester se skuld dat hulle in KwaNomzamo moes gaan bly. ✓ Ester het ’n wig tussen haar en Dewald ingedryf. ✓ (2) [2]
7. Sy wil vir Dewald vermy, maar het ’n begeerte om hom weer te sien. ✓ (1) [3]

**(12 punte)**

**Hoofstuk 16**

1. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ester is bang vir verandering en wou nie weggaan van haar bekende omgewing waar Nomsa kan huis hou nie. / Sy het nie van haar skoonma gehou nie omdat sy oor haar ma en pa geskinder het. / Ester het dalk gevoel dat sy nader aan haar oorlede ouers is as alles onveranderd bly, daarom wou sy niks verander het nie. / Sy het meer tuis gevoel in haar grootwordhuis. ✓ (enige 1) (1) [4]
   Hulle het na Paardenkraal getrek toe haar skoonouers oorlede is. ✓ (1) [2]
2. Sy wou nie die kinders ontwrig nie. / Sy en Nonthando het rusie gehad en sy het haar probeer vermy. / Die nuwe plaasbestuurder moes op Dassiepoort woon. ✓✓ (enige 2) (2) [2]
3. Hy was ’n bestendige persoon, ’n goeie man en pa vir haar kinders. / Hy was goedhartig/ruimhartig en was altyd daar vir haar. ✓ (1) [3]
4. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, matriekafskeid is die hoogtepunt van jou skoolloopbaan en sy het haar die geleentheid gegee om dit te geniet. Nee, as dit my pa was, sou ek dadelik wou weet. ’n Funksie is nie so belangrik soos jou geliefdes nie. ✓ (1) [4]
5. Die Baboesjka-poppies ✓ en die foto van Ester en Nonthando as kinders. ✓ (2) [3]
6. Ester het ’n plaasbestuurder aangestel, maar toe Dewald klaar was met sy studies het hy die bestuur van die plase oorgeneem. ✓✓ (2) [2]

**(10 punte)**

**Hoofstuk 17**

1. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Sy en Ester was soos susters en sy was baie lief vir haar. ✓ (1) [4]
   Ester en Nonthando was nie meer vriende nie. Ester het geweier om vir Nonthando te vergewe omdat sy haar kêrel afgevry het. ✓ (1) [3]

2. Haar ma het haar vertel waarom sy en Ester nie meer vriende is nie. ✓ Nonthando het haar vertel wie haar pa is en waar hy woon. ✓ (2) [2]
3. Mila glo haar ma is naïef en dat al die swart mense in Suid-Afrika onderdruk is, in armoede geleef het en nie geleenthede gegun is om iets te bereik nie, terwyl Nonthando 'n heldeverering vir die Marees gehad het en nooit sleg van hulle gepraat nie, want sy was dankbaar vir die geleenthede wat sy gekry het. ✓ (1) [3]
4. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Nee, Mila was maar vyf in 1994 en onthou net die insident toe Ester hulle van die plaas afgejaag het, Ester se ouers was reeds oorlede toe sy gebore is. ✓ (1) [4]
5. Die paswet. Nomsa het nie 'n pas gehad toe sy van Transkei na Suid-Afrika gevlug het nie. ✓ (1) [3]
6. Armoede ✓ werkloosheid ✓ (2) [1]

**(9 punte)**

**Hoofstuk 18**

1. Sy hou nie van tydskrifte nie, want sy vind die artikels absurd, voorskriftelik en ydel. ✓ (1) [1]
2. Sy luister radio ✓ en kyk televisie. ✓ (2) [1]
3. Sy wou graag reis. ✓ Wouter het nie daarin belanggestel om te reis en sy horisonne te verbreed nie, hy wou net boer. ✓ Ester wou nie alleen reis nie. ✓ (3) [2]
4. Dit is nie die moeite werd om wraak te neem nie, want in die proses kan jyself seerkry. ✓ (1) [3]
5. Fisiek: Sy het 'n erge branderigheid in haar neus, slukderm en keel. ✓ (1) [2]
   Psigies: Sy voel soos 'n gevangene in haar eie huis omdat haar kinders haar oppas. ✓ (1) [3]
6. Hy is op pad na Mila toe. / Hy gaan Mila ontmoet by die Grill en Company. ✓ (1) [2]
   Sy ma hou nie van Mila nie en het haar in die verlede sleg behandel sodat Dewald en Mila se verhouding misluk het. ✓ (1) [3]

**(11 punte)**

**Hoofstuk 19**

1. Sy hoop dat hy onaantreklik is sodat sy nie meer aangetrokke tot hom voel nie, want sy wil nie weer in ’n toksiese verhouding vasgevang wees soos destyds toe sy ’n jong meisie was nie. ✓ (1) [3]
2. Toe sy in graad 10 en hy graad 8 was. ✓ Dewald se ma het haar verkleineer toe sy op die plaas gekuier het en alles in haar vermoë gedoen om hulle uitmekaar te dryf. ✓ (2) [3]
3. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Nee, sy kon hom ingelig het van haar besluit en aan hom verduidelik het waarom sy dit doen. ✓ (1) [4]
   Geeneen van hulle kon oor die gebroke verhouding kom nie, want al Mila se verhoudings het skipbreuk gely en nie sy of Dewald is getroud nie. ✓ (1) [3]
4. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Dit is gepas, want Mila is lief vir Dewald en hy voel soos ’n deel van haar waarsonder sy nie kan of wil klaarkom nie. ✓ (1) [5]
5. Vyf jaar gelede in die koöperasie ✓ en ’n jaar gelede by die kerkbasaar. ✓ (2) [2]
6. Hulle is gemaklik in mekaar se geselskap en dit lyk asof hulle vir mekaar bedoel is. ✓ (1) [3]
7. Sy vra toestemming om haar ma op Dassiepoort langs haar ouma te begrawe. ✓ (1) [1]

**(10 punte)**

**Hoofstuk 20**

1. Sy is bemoeisiek/inmengerig. ✓ (1) [3]
   Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ek dink sy het die regte ding gedoen, want die dominee het meer kennis om vir Ester te help met haar probleme. ✓ (1) [5]
2.

2.1 Vergelyking. ✓ (1) [2]

’n Uitgebrande vuurhoutjie is gewoonlik krom, net soos ou Nattie wat kromgetrek is deur osteoporose. ✓ (1) [3]

2.2 Lig en donker. ✓

’n Vuurhoutjie maak lig en verdryf die donker, net so is Nattie iemand wat figuurlik lig probeer bring in Ester se donker lewe. ✓ (2) [3]

3. Deur haar handeling wys sy dat haar skuldgevoelens net soos ’n vlek is wat nie weggesteek kan word nie. ✓ (1) [3]
4. Dominee Steyn is simpatiek ✓ en nederig. ✓ / Hy is geduldig en luister na ou Nattie se stories. ✓ Hy het begrip vir Ester se ongemak en sit nie druk op haar om met hom te praat nie. ✓ (enige twee) (2) [2]
5. Sy en Nonthando het alles saam gedoen, saam pak gekry en sy kon al haar geheime met haar deel. ✓ (1) [3]
6. Nonthando en Ester se lewe is gespaar toe hulle die bale voer per ongeluk aan die brand gesteek het en uit die brandende gebou gered is. ✓ Hansie het sy lewe verloor toe hy met die trekker by die afgrond af is en die trekker bo-op hom geval het. ✓ (2) [2]
7. “Twee bene in ’n vaal langbroek, twee voete, een met net ’n kous aan, het daaronder uitgesteek.” (p. 112) / “Haar pa het die stukkende Hansie onder die trekker uitgekry.” (p. 113) ✓ (1) [3]

**(13 punte)**

**Hoofstuk 21 – Mila**

1. Nonthando wou in die goedkoopste kis ✓ op Dassiepoort begrawe word. ✓ (2) [2]
   Nonthando was iemand wat vooruitbeplan het deur voorsiening te maak vir die toekoms. / Nonthando was nie iemand wat onnodig geld sou spandeer aan iets soos ’n kis wat in elk geval sal vergaan nie. / Nonthando het by die Xhosa-tradisies gehou. / Sy het self gesorg vir haar begrafnis sodat dit nie vir Mila ekstra geld sou kos nie. ✓ (enige 1) (1) [3]
2. Antie Sofie ken baie mense. ✓ Hiperbool/oordrywing. ✓ (2) [3]
3. Apostoliese Kerk van Zion. ✓ (1) [2]
4. Sy was stil en teruggetrokke na ’n besoek. ✓ (1) [2]
5. Ja, hy gaan uit sy pad uit om Mila met haar ma se begrafnisreëlings by te staan. ✓ Hy huiwer nie toe Mila hom in die woonstel innooi nie en is liefdevol teenoor haar. ✓ (2) [4]

**(9 punte)**

**Hoofstuk 22 – Ester**

1. "... dit was asof 'n donker wolk op 'n blouhemeldag voor die son ingeskuif het." (p. 118) ✓ (1) [3]
2. Sy het vir Nombi en Nomsa hoor praat van die doodsengel en dat ongelukke altyd in drieë kom. ✓ Sy het in die donker geloop na Nomsa se huis toe en daar gaan slaap. ✓ (2) [3]
3. Haar ma het op en af in die huis geloop. ✓ Haar pa het in 'n bondeltjie op die bed opgekrul gelê. ✓ (2) [2]
4. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Hy was bang dat hy blameer sou word vir die ongeluk omdat hy en Hansie altyd alles saam gedoen het. ✓ (1) [4]
5. 20 Desember 1977. ✓ (1) [2]
6. Magdaleen het net aandag gegee aan Annabelle. / Hannes het langer en harder gewerk. / Nomsa het soos 'n skadu deur die huis beweeg en nie meer gesing nie. / Nonthando het minder kom kuier. / Sipho het die skool gelos en op die plaas kom werk. / Die atmosfeer in die huis was somber en niemand het meer gelag of TV gekyk nie. / Hannes en Magdaleen het woordewisselings gehad. / Magdaleen het Ester afgeskeep en haar verantwoordelikhede op Nomsa afgeskuif. ✓✓✓ (enige 3) (3) [2]
7. Personifikasie. ✓ Die televisie wat altyd vir pret gesorg het, is nie meer aangeskakel nie, niemand wou meer lag nie, almal het getreur. / Die kleur swart hou verband met die dood en met rou. ✓ (2) [3]
8. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, hy moes toesien dat die trekkers se sleutels gebêre is sodat Hansie nie sonder toestemming daarmee kon ry nie. Nee, Hansie kon goed trekker bestuur, hoewel altyd onder toesig. Hy het onverantwoordelik opgetree en dit was net 'n ongeluk. ✓ (2) [4, 3]
9. Sy jak vir Ester af en skeep haar af. Sy gee net aandag aan Annabelle en sien nie meer toe dat Ester bad en eet nie. ✓
   Nomsa sê sy kry nie genoeg melk nie. ✓ Sy stuur vir Aphiwe dorp toe om bottels, tiete en Nan-melkpoeier te koop. ✓ (2) [2]

**(16 punte)**

**Hoofstuk 23 – Mila**

1. Hy wil hê dat Mila sy ma van sielkundige hulp moet wees. ✓ (1) [2]
   Sy hou nie van Ester nie omdat sy hulle weggejaag het van Dassiepoort en omdat sy haar sleg behandel het toe sy op die plaas gekuier het. ✓ (1) [3]
2. Dit is ironies dat sy nie vir sy ma wil help nie, maar Ester moet haar met vervoer help. ✓ (1) [3]
3. ’n Mercedes-Benz. ✓ (1) [1]
4. Sy besef dat haar ma dieselfde parfuum gebruik en weet nie wat die konneksie tussen hulle is nie. ✓ (1) [3]

**(5 punte)**

**Hoofstuk 24 – Ester**

1. Sy het dit gedoen ter wille van Nonthando. ✓ (1) [2]
2. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Sy is te skaam om met haar te praat as gevolg van die onreg wat sy in die verlede aan haar en haar ma gedoen het. ✓ (1) [4]
3. Die retoriese vrae beklemtoon Ester se onsekerheid. ✓ (1) [3]

**(3 punte)**

**Hoofstuk 25 – Mila**

1. Nonthando moes agterop ’n bakkie skool toe ry en het gebrekkige skoolopleiding ontvang. ✓ Mila het goeie opvoeding by die wit skole ontvang. ✓ (2) [2]
2. Hulle het gefrons omdat sy in die apartheidsera gebore is en het gewonder wie haar pa was. / Die swart mense het die wit mense gehaat as gevolg van apartheid en kon nie glo dat ’n swart vrou met die vyand kon heul nie. ✓ Sy was ontsteld omdat hy ’n afwesige pa was en geen deel aan haar grootwordjare gehad het nie. ✓ (3) [2]
   Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Nee, dit hang af in watter tipe huis jy grootgeword het en jou eie ingesteldheid. Die liberale Suid-Afrikaners is meer verdraagsaam teenoor kleurverskille, terwyl die konserwatiewe mense steeds iemand van ’n ander ras haat en oordeel. ✓ (1) [5]
3. Die ouer garde het ’n groter bewustheid van kleur omdat hulle grootgeword het in die tyd van apartheid. ✓ Mila se geslag het nie veel van apartheid

geweet nie en was minder bewus van kleurverskille, ✓ terwyl die jonger geslag nie gesteld is op kleurverskille nie, mekaar mense respekteer en as gelykes behandel. ✓ (3) [2]

4. Sy het nie vir Ester vergewe omdat sy hulle van die plaas af weggejaag het en haar voor haar vriende verneder het nie. ✓ Mila het haar ma kwalik geneem omdat sy nie saam met haar na Spanje toe wou gaan om haar pa te gaan soek nie. Hulle het die jaar voor haar ma se dood mekaar selde gesien. ✓ (2) [3]
5. Die Labuschagnes, veral Wouter se ouers, het geglo dat daar grense is tussen wit en swart. / Daar is nooit voorheen swart gaste in die huishouding onthaal nie. ✓

   Nee, Ester is nie rassisties nie, want haar pa het 'n verhouding met Nomsa, hulle swart huishoudster, gehad en sy het dit goedgekeur.

   Ja, Ester het vir Mila sleg behandel en haar voor haar vriende verneder en as minderwaardige behandel. ✓ (2) [3]
6. Sy het gesê dat Mila se ma 'n "kombuismeid" was en haar ouma 'n "huismeid" (p. 141, 142). / Sy het gesê dat Mila byna dieselfde pad geloop het (om in wit mense se huise te werk). / Sy het haar soos 'n bediende behandel en 'n skinkbord laat kombuis toe dra. / Sy het gesê dat Mila Dewald se gekreukelde hemp moet stryk. / Sy het gesê dat sy pap moet maak, want sy weet mos hoe. ✓✓✓ (enige 3) (3) [2]
7. Mila het haar nie deur Ester se houding laat afskrik nie, sy het van Dewald gehou en het elke keer as hy haar genooi het, saam plaas toe gegaan. ✓ Mila was vasberade/uitdagend. ✓ (2) [3]

**(17 punte)**

<u>Donderdagaand</u>

**Hoofstuk 26 – Ester**

1. Daar is 'n gesellige atmosfeer tussen Elanie en haar ma, maar Dewald is afgetrokke en beskuldig later vir Ester omdat sy vir Mila sleg behandel het toe hulle nog op skool was. ✓ (1) [3]
2. Elanie verdien kommissie op die huise wat sy verkoop, maar nou moet sy voornemende kliënte verwys na haar kollegas en die inkomste verbeur. ✓ (1) [2]
3. Sy het duur parfuum aan hom geruik en vermoed dat hy by Mila was. ✓ (1) [2]

4. As kinders het hulle mekaar belowe dat hulle altyd dieselfde parfuum sal gebruik. ✓ (1) [1]
5. Nee, sy sou hom kwalik geneem het as hy haar nie gehelp het nie. ✓ (1) [3]
6. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Die dood van Nonthando het haar beïnvloed om introspeksie te doen / terug te kyk op haar lewe en sy dink daaraan om vir Mila te vertel wat werklik jare gelede gebeur het om kwytskelding te kry vir die onreg wat sy aan Nonthando en Mila gedoen het. ✓ (1) [4]

**(6 punte)**

**Hoofstuk 27 – Mila**

1. Nonthando se predikant sê sy was ’n wonderlike, sagmoedige Christen. ✓ (1) [2]
2. Antie Sofie, die susters van die kerk en haar ma se vriendinne sal vir die kos sorg. ✓ Umalume uThemba sal sy taxi’s beskikbaar stel vir die begrafnisgangers. ✓ (2) [1]
3. Mila was te selfgesentreerd en het te min vir haar ma gaan kuier na hulle woordewisseling ongeveer ’n jaar gelede. ✓ (1) [3]
4. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Mila is ydel en gesteld op ’n moderne voorkoms. / Om ’n kopdoek te dra is vir haar tekenend van die apartheidsera toe swart mense onderdruk is. ✓ (1) [4]
5. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, Mila is ernstig en benodig sy hulp om vir haar ma ’n uitrusting te kies waarin sy begrawe kan word en Dewald is ligsinnig. ✓ (1) [5]

**(6 punte)**

**Hoofstuk 28 – Elanie**

1. Elanie en Dewald is bang dat hulle ma weer sal probeer om selfdood te pleeg en wil haar beskerm. ✓ (1) [3]
2. Sy het haar vertel van Annabelle, haar babasussie op wie sy jaloers was en wat as baba oorlede is. ✓ Sy vertel vir Elanie dat haar ma selfdood gepleeg het. ✓ (2) [2]

Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ester is ’n privaat mens wat nie sommer haar gevoelens met iemand deel nie. / Sy was dalk skaam daaroor. / Sy wou nie hê dat die kinders moet vrees dat sy dieselfde sal doen nie. ✓ (1) [4]

3. Sy het net aandag aan Annabelle gegee en vir Ester afgeskeep. ✓ Sy het nie meer geskets nie. ✓ (2) [2]
4. Sy het na Nomsa toe gegaan ✓ en soms op die duine gaan sit waar sy die see kon hoor. ✓ (2) [1]
5. Sy is dood, maar dit het gelyk asof sy slaap. ✓ (1) [3]

**(9 punte)**

**Hoofstuk 29 – Mila**

1. In ’n roomkleurige formele pakkie, waarskynlik haar kerkklere. ✓ (1) [1]
   Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, sy was ’n sagmoedige Christen soos die predikant gesê het, dus sal formele kerkklere geskik wees.
   Nee, Nonthando was nie iemand wat gehou het van vertoon nie, alledaagse klere sou meer geskik wees. ✓ (1) [4]
2. Mila glo dat sy aan depressie ly en dat haar traumatiese kinderjare ’n rol gespeel het, maar Dewald dink dit is omdat sy eensaam is. ✓ (1) [3]
3. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, sy het nie vir Mila verneder en sleg behandel weens haar velkleur nie, maar omdat sy Nonthando en Mateo se kind was. / Sy het vir Mila sleg behandel omdat sy soos haar pa gelyk het en dit het haar herinner aan die onaangename ondervinding toe sy op Mateo en Nonthando afgekom het. / Toe sy vir Mila sien, het sy gedink aan die briewe en geld wat sy vernietig het en die onreg wat sy aan die kind gedoen het. ✓ (Nee kan nie as ’n antwoord aanvaar word nie.) (1) [5]
4. Haar ma het haar daarvan vertel. ✓ (1) [3]

**(5 punte)**

**Hoofstuk 30 – Ester**

1. Drie weke en twee dae / 23 dae. ✓ Sy het geglo dat Magdaleen se melk te vol trane was. / Magdaleen was te bedroef om Annabelle te borsvoed. ✓ (2) [2]

2. Sy kan vir ’n klein rukkie van haar eie hartseer ontglip en fokus op vreemdelinge se doen en late. / Sy kon vir ’n rukkie van die werklikheid ontsnap. ✓ (1) [3]
3. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Dit is uiters onregverdig om ’n dogtertjie van sewe tot nege af te jak of nie toe te sien dat sy gebad word en geëet het nie. ✓ Ester was al kind wat sy oorgehad het, as sy op haar gefokus het, het sy ’n rede gehad om aan te hou leef. ✓ (2) [5]
4. As die vensters oop was, het dit beteken haar ma sal glimlag en met haar gesels en het dit gelyk asof sy wil lewe. ✓ As die vensters en gordyne toe was, het haar ma op haar bed onder ’n donskombers gelê en op niks reageer nie. ✓ (2) [3]
5. Haar ma het haarself aan ’n dik tou in die skuur opgehang. ✓ Hy het al die wapens, gif en pille weggesluit waar sy dit nie kon kry nie. ✓ 38. ✓ (3) [1]

**(10 punte)**

**Hoofstuk 31 – Mila**

1. Dewald sal sy ma se kos mis. ✓ Mila sal haar ma se stories, wysheid en advies mis. ✓ (2) [2]
2. Sy kan vrede maak daarmee dat sy niks aan die noodlot kan doen nie en aangaan met haar lewe sonder skuldgevoelens. ✓ (1) [3]
3. Ja. “Daar is altyd hoop.” “Depressie is nie ’n doodsvonnis nie.” (p. 170, 171) ✓ (1) [3]

**(4 punte)**

**Hoofstuk 32 – Ester**

1. Elanie se man, Maritz, is by ’n konferensie in Johannesburg ✓ en sy is met verlof. ✓ (2) [2]
2. Sy verkies die ou dubbelbed omdat sy die naaste aan Wouter voel daar. / Sy verbeel haar dat sy hom nog kan ruik aan sy kant van die bed. ✓ (1) [2]
3. Agt jaar. ✓ (1) [1]
4. Hulle was vroeër groot vriende en het saam vakansie gehou, maar nou wil hulle niks met hulle te doen hê nie omdat Hannes vir Jans van die plaas af weggejaag het. ✓ (1) [2]

5. Hulle sê dat Magdaleen "die kluts kwyt is" (p. 175). ✓ Ester raak tussen die plaasarbeiders groot en slaap soms daar oor. ✓ Hulle dink Hannes het 'n verhouding met Nomsa omdat Jans hulle in 'n omhelsing betrap het. / Hannes het vir Jans en die dominee van die plaas af weggejaag omdat hulle hom aangevat het oor Nomsa. ✓ Toe sy en Wouter later getroud is, het sy en haar skoonma nie goed oor die weg gekom nie. ✓ (4) [2]
6. Sy neem haar ma kwalik omdat sy nie aan haar en Dewald gedink het toe sy haar eie lewe wou neem nie. / Elanie en Dewald sou altyd dink dat hulle iets verkeerd gedoen het. / Hulle sou vir die res van hulle lewe gewonder het waarom Ester hulle alleen gelos het met onbeantwoorde vrae. ✓✓ (enige 2) (2) [3]
7. Die ellips suggereer dat Ester weer sal probeer om selfdood te pleeg. ✓ (1) [3]

**(12 punte)**

**Hoofstuk 33 – Mila**

1. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, dit is beter om van die begin af vir 'n kind te vertel van sy/haar pa, want anders gaan die kind verward wees as hy/sy ouer raak en dan eers die waarheid uitvind. / As Nonthando van kleins af vir Mila die waarheid vertel het oor haar pa sou dit nie gelei het tot die konflik tussen hulle 'n jaar voor haar dood nie. ✓ (1) [4]
2. Sy wou nie dat 'n man haar terughou in haar loopbaan nie. ✓ Sy wou haar horisonne verbreed en voel hoe dit voel om op haar eie in die stad te woon. ✓ (2) [3]
3. Die feit dat Ester vir haar en haar ma van die plaas af weggejaag het ná haar ouma se begrafnis. ✓ (1) [3]

**(4 punte)**

**Hoofstuk 34 – Mila**

1. Sy het met Dewald se skoolmaats gepraat om inligting oor haar te kry, maar hulle het net met lof van haar gepraat. ✓ (1) [3]
2. Nomsa was soos 'n ma vir haar, sy het alles vir haar gedoen wat haar ma veronderstel was om vir haar te doen. ✓ By Nomsa het sy liefde, aanvaarding en vrede gevind. ✓ (2) [2]

3. Sy het haar sketse aan ’n snuisterywinkel verkoop en die toeriste was gaande daaroor. ✓ (1) [1]
4. Metafoor. ✓ Die kamer het vir hulle ’n bekoring ingehou omdat hulle Magdaleen se klere aangetrek het en hulle verbeel het hulle is iemand anders. / Die kamer het vir hulle ’n magiese bekoring ingehou. ✓ (2) [3]
5. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Dit was ’n manier hoe hy die verlede kon afsluit. / Hy het sy oorlede vrou respekteer en nie in dieselfde bed saam met Nomsa geslaap nie. ✓ (1) [4]

**(7 punte)**

**Hoofstuk 35 – Mila**

1. Die einde van apartheid. / Die eerste demokratiese verkiesing in Suid-Afrika. ✓ (1) [1]
2. Volgens haar was hulle tydsberekening uit. ✓ (1) [2]
3. Die kort slotsin beklemtoon Mila se misnoeë met Ester. ✓ (1) [3]

**(3 punte)**

**Hoofstuk 36 – Ester**

1. Haar metgesel het meer aandag aan haar vriendin gegee. / Sy was nie ’n drinker nie. ✓ Sy het sober gewoontes. / Sy is ’n buitestander wat nie daarvan hou om deel van ’n dansende, drinkende groep te wees nie. ✓ (2) [2, 3]
2. Sy sien haar pa en Nomsa wat saam in een bed slaap. ✓ Sy was opgewonde daaroor. / Sy was bly dat sy deel van ’n volledige gesin kan wees. ✓ (2) [2]
3. Sy wou nie hê dat hulle moes weet dat sy hulle gesien het nie. ✓ Sy wou hulle geheim bewaar. ✓ (2) [3]
4. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Nee, ek dink die gemeenskap het hom verwerp weens sy betrokkenheid by Nomsa, want byna niemand het ’n verhouding van ’n wit man met ’n swart vrou goedgekeur nie. ✓ (1) [5]

**(7 punte)**

**Hoofstuk 37 – Ester**

1. Sy kom tot die gevolgtrekking dat alles nog dieselfde is as tevore en dat niks ten goede verander het nie. ✓ (1) [1]

2. Sagte reën. ✓ (1) [2]

3. Hy is sarkasties. ✓ (1) [3]

Nonthando ✓ en Ester. ✓ (2) [2]

Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, iemand moet haar oor die vingers tik oor haar selfsugtige daad.

Nee, Dewald moet respek hê vir sy ma. Hy weet glad nie wat die omstandighede was wat haar tot selfdood gedryf het nie. ✓ (1) [4]

4. Ester aanvaar dit gelate, want sy voel skuldig oor die moeite wat Elanie vir haar doen. / Sy gee nie werklik om nie en het geen begeerte na enige kos nie. ✓ (1) [3]

5. Sy het ’n stokkieroomys gekoop en toe sy omdraai het sy in hom vasgeloop. ✓ Sy pa het toestemming gegee dat hy vir ’n jaar lank om die wêreld kan reis om na die beste branders te soek. ✓ Hy woon in Málaga in Spanje. ✓ (3) [1]

6. Mateo is baie aantreklik en kan enige mooi meisie kry. ✓ Sy is doodgewoon, nie spesiaal nie, nie regtig mooi nie en ook nie baie sosiaal nie. ✓ (2) [3]

**(12 punte)**

**Hoofstuk 38 – Ester**

1. Hy het by haar gaan koffie drink. ✓ (1) [1]

2. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Mila is gesteld op haar voorkoms en sy weet dat sy nie goed lyk nie. / Haar oë is rooi gehuil, haar neus is loperig, haar hare is deurmekaar en sy het nog haar slaapklere aan. ✓ (1) [4]

3. Hy is nukkerig omdat hy kwaad is vir sy ma. ✓ Sy sê dat hy geduldig en sag met sy ma en met homself moet wees. ✓ (2) [2]

4. Hy was saam met vriende Rusland toe. ✓ Hy het ’n goeie plaasbestuurder wat die plase in sy afwesigheid kon bestuur. ✓ (2) [2]

**(6 punte)**

**Hoofstuk 39 – Ester**

1. Sy was ’n student en het vakansiewerk gedoen om haar sakgeld aan te vul. ✓ (1) [1]

2. Ester was altyd verantwoordelik en het altyd laat weet as sy êrens oorslaap, nou doen sy dit nie meer nie. ✓ Ester het sober gewoontes gehad, maar sy het

Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB-Uitgewers 

te veel gedrink en haar inhibisies verloor en vir die eerste keer saam met ’n man geslaap. ✓ (2) [3]

3. Hy is ’n uitlander (buitelander/kom van ’n ander land af) en is ’n Katoliek. ✓ Hy weet niks van boerdery af nie en sal nie die boerdery kan oorneem as Hannes sterf nie. ✓ (2) [2]
4. Nomsa en Hannes het nie ’n openlike verhouding gehad nie en het in die geheim saamgeslaap. As hulle saam Kersdag gevier het, sou almal geweet het van hulle verhouding. ✓ Hulle het kerk toe gegaan en het elke jaar saam met Paardenkraal se arbeiders feesgevier. ✓ (2) [3]
5. Aphiwe en Sipho het dalk aangesluit by die weerstandsbeweging wat apartheid veroordeel het en wit mense gehaat het. ✓ Hulle was kwaad vir Nomsa omdat sy haar by die “vyand” geskaar het deur ’n verhouding met Hannes Maree aan te knoop. ✓ (2) [3]
6. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, sy woon saam met haar pa onder een dak en is lief vir hom en Nomsa, daarom kan sy met hom oor sensitiewe sake praat.
   Nee, haar pa se sake het niks met haar te doen nie. Hy was nog altyd goed vir Nomsa en het vir Nonthando se studies betaal, daarom sal hy nie iets doen wat Nomsa kan benadeel nie. ✓ (1) [4]
7. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ek dink dit is vals, want as Hannes so lief vir haar was, kon sy permanent by hom ingetrek het en hoef hy haar nie in die geheim te ontmoet en sy saans in die donker na hom toe te sluip nie. ✓ (1) [5]

**(11 punte)**

**Hoofstuk 40 – Mila**

1. Ja, want dit is nie hoe sy onthou wil word as sy eendag sterf nie. ✓ ’n Mens se waarde word nie aan aardse besittings gemeet nie. (Nonthando het nie baie aardse besittings gehad nie, maar was geliefd omdat sy so baie vir ander mense gedoen het.) Mila kan minder geld op duur artikels spandeer en meer doen vir haar medemens. ✓ (2) [3]
   Sy ry na Kaap St Francis. ✓ (1) [1]
2. Sy wil alleen wees, want daar is heeltyd mense wat met haar kom simpatiseer en antie Sofie en umalume uThemba hou heeltyd ’n wakende (2) [3]

ogie oor haar. ✓ Sy wil by ’n rustige plek en in afsondering van haar ma afskeid neem. ✓

**(5 punte)**

**Hoofstuk 41 – Ester**

1. Sy wou nooit strand toe gaan nie omdat Nonthando nie saam met haar kon gaan nie. ✓ Sy wou nie in die verlede saam met Wouter gaan nie, want sy was bang hy is agter Dassiepoort aan. ✓ (2) [2]
2. Haar pa is oorlede. ✓ (1) [1]
3. Hulle verhouding was ’n geheim en sy wou nie ’n onnodige geskinder veroorsaak nie. ✓ (1) [3]
4. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Mateo is ’n rokjagter wat agter elke mooi vrou aanloop. / Sy gevoelens vir Ester is nie opreg as hy so gou na ’n ander vrou kyk nie. / Hy kan nie help om te kyk nie, want Nonthando is ’n baie mooi meisie. ✓ (1) [5]

**(5 punte)**

**Hoofstuk 42 – Mila**

1. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, enige iemand wat onverwags ’n geliefde aan die dood afgestaan het, sal graag vir oulaas met die geliefde wil praat al kan die persoon nie terugpraat nie. / Dit is Mila se manier om vrede te maak met haar ma, want hulle konflik is nooit ontlont nie omdat haar ma dood is voordat hulle mekaar weer gesien het. ✓ (1) [5]
2. Haar ma wou nie saam met haar na Spanje gegaan het om haar pa te gaan opsoek nie. ✓ (1) [2]

   Nee, dit het dit eerder vererger, want toe sy terugkeer was sy kwaad vir haar ma omdat sy nie haar ma se verlange na hom kon verstaan nie. ✓ (1) [3]
3. Sy is lief vir Dewald en verstaan nou wat ware liefde is. ✓ (1) [3]
4. Dit het vir haar gevoel asof haar ma soos ’n minderwaardige bediende behandel word. ✓ Nonthando het geëerd gevoel as sy gevra word om roosterkoeke te bak en almal het haar respekteer. ✓ (2) [2]
5. Selfversekerd / onverskrokke / intimiderend. ✓ (1) [3]

**(7 punte)**

**Hoofstuk 43 – Ester**

1. Ester was besig met begrafnisreëlings. ✓ Sy het met die prokureurs en eksekuteurs gepraat / ander mense het haar lastig geval om te hoor of sy die plaas gaan verkoop / sy het met Wouter gepraat oor die bestuur van die plaas. ✓ (2) [2]
2. Twee weke. ✓ Hy is soggens saam met die arbeiders plaas toe en smiddae was hy heeltyd in Nonthando se geselskap in die kombuis. ✓ (2) [2]
3. Sy het gedink dat hulle gaan trou en dat sy saam met hom in Spanje sal woon. ✓ Vrees. ✓ (2) [3]
4. Hy het vir Nomsa lewenslange verblyfreg op die kleisteenhuis gegee en ’n bedrag geld vir haar belê sodat sy op Dassiepoort kan aftree. ✓ (1) [2]
5. Sy was so geskok dat sy net ’n gesmoorde gil gegee het. ✓ Toe het sy omgedraai, huis toe gehardloop en haar in haar kamer toegesluit. ✓ (2) [2]
6. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ek dink dit is uiters gemeen van albei om so iets agter Ester se rug te doen. ✓ Hulle kon eerder vir Ester ingelig het hoe hulle oor mekaar voel en dan met ’n verhouding begin. ✓ (2) [5]

**(11 punte)**

**Hoofstuk 44 – Mila**

1. Vusumzi Dlamini. ✓ (1) [1]
   Hy het sy eie vervoerbesigheid in Port Elizabeth en sou goed vir haar kon sorg. ✓ (1) [3]
2. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Nee, ek dink sy was so blind van verliefdheid op die Spanjaard dat sy eers later besef het watter onreg sy aan Ester gedoen het. ✓ (1) [4]
3. Sy wou eers vrede gemaak het met Ester. / Sy sou later by hom aansluit as Nomsa sterker is en oor Hannes se dood is. ✓ (Sy sou nie so gou haar paspoort kon gereed kry nie.) (1) [2]
4. Sy was positief omdat sy bly was dat sy vir Mila het. ✓ Sy was negatief omdat sy vir Ester as vriendin verloor het. ✓ (2) [3]

Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB-Uitgewers 

5. Dit is onwaar, want sy het haar situasie aanvaar en aangegaan met haar lewe. ✓ Sy het eintlik lewenslank vir Ester gewag sodat hulle kon vrede maak. ✓ (2) [3]
6. Ek is jammer, Mamma. / Vergewe my, Mamma. ✓ (1) [4]

**(9 punte)**

**Hoofstuk 45 – Ester**

1. Nee, nie regtig nie, want sy dink nie álle vrouens is jaloers of kompeterend nie. ✓ (1) [3]

   Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Sy probeer selfondersoek doen om vas te stel of haar optrede teenoor Nonthando reg was. ✓ (1) [4]
2. Ester kon nie glo dat Mateo ’n swart vrou bo haar sou verkies nie. ✓ Net soos die verwerping wat sy van haar ma gevoel het, het sy verwerp gevoel omdat Mateo vir Nonthando gekies het. ✓ (2) [3]
3. Sy was teleurgesteld omdat haar “suster” haar verraai het. ✓ (1) [2]
4. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Sy het net na matriek verlief geraak op Mateo en het ’n paar maande later met Wouter getrou. / Wouter se ouers was baie konserwatief en sou haar verwerp het indien sy so iets sou doen. / Sy was nooit op universiteit nie en is nie blootgestel aan weerstandsbewegings op die platteland nie. ✓ (1) [4]

**(6 punte)**

**Hoofstuk 46 – Mila**

1. Sy het hom met behulp van Facebook opgespoor en al die inwoners van Málago ken die Sancheze. ✓ (1) [1]
2. ’n week ✓ (1) [2]
3. Sy het beplan om daardie dag vir Mateo te ontmoet en wou op haar beste lyk. ✓ (1) [3]
4. Sy het nooit haar pa ontmoet nie. ✓ (1) [4]
5. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Sy het gedink aan haar ma se woorde toe sy vir haar gesê het dat sy nie vir Mateo wil verneder nie omdat hy waarskynlik ’n gesin het. ✓ Sy het die kinders gesien en wou nie hartseer

veroorsaak nie. / Sy was dalk bang dat hy haar nie sal glo nie of sal verwerp omdat hy reeds ’n gesin het. ✓ (2) [5]

**(6 punte)**

**Hoofstuk 47 – Ester**

1. Sy sal na Nonthando se begrafnis gaan. ✓ Sy is bereid om vir behandeling by Hunterscraig te gaan. ✓ (2) [2]
2. Sy wil gaan afskeid neem van die seer van die verlede. ✓ (Sy wil vir Mila die waarheid oor haar pa vertel.) (1) [3]
3. Ester besef dat sy hulp nodig het ✓ en wil nie haar kinders se lewe ontwrig as gevolg van haar probleme nie. ✓ (2) [3]

**(5 punte)**

**Hoofstuk 48 – Mila**

1. Metafoor. ✓ Daar word geïmpliseer dat hy nie haar pa is nie, maar haar net deur omgang verwek het. / Dit beklemtoon dat hy nie ’n vader in die ware sin van die woord is nie, want hy het geen bydrae tot haar opvoeding gemaak nie. ✓ (2) [3]
2. Sy is kwaad omdat hy haar ma swanger en alleen agtergelaat het. ✓ Sy is kwaad dat hy veroorsaak het dat haar ma haar studies moes staak om haar groot te maak. ✓ (2) [2]
3. Mila twyfel of dit regtig haar pa is wat ’n finansiële bydrae gelewer het, want hy het nooit moeite gedoen om haar te leer ken nie. ✓ (1) [3]

**(5 punte)**

**Hoofstuk 49 – Ester**

1. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, ou Nattie is altyd daar waar Ester haar nie wil hê nie en sy sukkel om van haar ontslae te raak soos wat jy sukkel om van ’n Chappie ontslae te raak. / Sy het haar gered van ’n gewisse dood. / Sy het die dominee laat kom om met Ester te praat oor haar probleme en sy daag boonop ongenooid by haar huis op. ✓ (1) [5]
2. Ester is gereed om met Nonthando te praat oor die verlede en vrede te maak, maar nou is sy nie meer daar nie. ✓ (1) [2]

3. Ester is besig om haar foute van die verlede te konfronteer omdat sy na Hunterscraig wil gaan, maar nou klou sy steeds vas aan die verlede en is sy spyt dat sy nie dood is nie. ✓ (1) [3]
4. Dit verwys na die dag toe sy vir Nonthando en Mateo betrap het terwyl hulle intiem was. ✓ (1) [2]

**(4 punte)**

**Hoofstuk 50 – Mila**

1. Umalume uThemba. ✓ (1) [1]
2. Sy wil die aand alleen wees sodat niks haar aandag kan aflei van haar ma nie. ✓ (1) [2]
3. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Sy het op die rotse van Kaap St Francis vrede gemaak met haar ma en sien kans vir die toekoms. / Sy het nou begrip vir haar ma se verlange na Mateo omdat sy self lief is vir Dewald en het vrede in haar hart. ✓ (1) [4]
4. Mila het nog nooit van KwaNomzamo gehou nie, maar nou voel dit vir haar asof sy daar hoort en is tevrede. ✓ (1) [3]

**(4 punte)**

**Hoofstuk 51 – Ester**

1. Ester is jaloers op Nonthando omdat sy swanger is met Mateo se kind. ✓
   Sy is afsydig omdat sy vernederd voel omdat Nonthando haar kêrel afgerokkel het en haar beroof het van ’n toekoms saam met Mateo. / Ester is afsydig weens Nonthando se verraad en weier om haar te vergewe. ✓ (2) [2]
2. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Nee, sy gevoelens vir Nonthando was opreg, want hy wou ’n toekoms saam met haar in Spanje begin. Hy het ook ’n brief ter verduideliking aan Ester gestuur en geld vir Nonthando om by hom aan te sluit in Spanje. / Mateo het, sonder dat hy bewus was van die feit dat Nonthando swanger was, haar genooi om in Spanje by hom aan te sluit en geld gestuur vir haar reiskoste. ✓ (1) [5]
3. Sy wil hê dat Ester Nonthando moet oortuig om haar studies voort te sit. ✓ (1) [2]
4. Mateo sê vir Ester dat hy nie vir haar nie, maar vir Nonthando, lief is en dat sy vir Nonthando moet help om ’n vlugkaartjie te koop na Spanje. ✓ Hy nooi

vir Nonthando om saam met hom in Spanje te woon. ✓ Hy sê dat as hy niks van Nonthando hoor nie, hy sal weet dat sy nie vir hom lief is nie. ✓ (3) [1]

5. Sy verbrand die brief en geld omdat sy reeds Nonthando se brief vernietig het en van alle tekens wil ontslae raak om wraak te neem op Nonthando. ✓ Sy het besef dat sy nie net Nonthando nie, maar ook Mila se toekoms verwoes het deur die onreg wat sy hulle aangedoen het. ✓ (2) [2]
6. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, die lewe is onvoorspelbaar en as Ester se huwelik met Wouter misluk het en die plaas in sy besit was, kon hy ná die egskeiding verhoed dat die plaas in die hande van die Maree-nasate bly. ✓ (1) [4]
7. In daardie dae was dit ’n vreeslike groot sonde indien ’n meisie swanger raak voordat sy getroud is. Die NG Kerk sou die meisie onder sensuur sit, wat beteken het dat die ongehude moeder vir ’n sekere tyd geen dienste in die kerk mag bywoon nie. Dit was vir beide families ’n groot skande en die paartjie is gewoonlik in die geheim getroud met geen groot onthaal nie. ✓ (1) [3]
8. Die leser vind uit wat Ester se geheim is en waarom haar innerlike konflik haar tot selfdood gedryf het. ✓ (1) [3]

**(12 punte)**

**Hoofstuk 52 – Ester**

1. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Elanie is bang dat haar ma dalk weer probeer selfdood pleeg het. ✓ (1) [4]
2. Ester besef dat sy ’n probleem het en dat sy sal baat vind by die professionele hulp by Hunterscraig. ✓ Sy neem beheer oor haar lewe terug en weier om verder deur haar kinders voorgesê te word oor wat sy mag doen of nie. ✓ (2) [3]

**(3 punte)**

**Hoofstuk 53 – Mila**

1. Daar word ’n skaapooi geslag deur die oudstes. ✓ Die kis van die oorledene word in die huis geplaas. ✓ Daar is ’n tafel met vleis (vir die voorvaders), bier, blomme en ’n wit kers (om bose geeste weg te hou). ✓ Daar word imphepho gebrand. ✓ (4) [1]
2. Mila wou alleen gaan om finaal van haar ma afskeid te neem. ✓ (1) [2]

3. Sy besef dat sy reeds op die rotse van Kaap St Francis van haar ma afskeid geneem het. ✓ (1) [3]

**(6 punte)**

**Hoofstuk 54 – Ester en Mila**

1. Sy het nie kans gesien om in ’n beperkte ruimte saam met Mila te wees nie. ✓ (1) [2]
2. Ester het op Dassiepoort grootgeword, dit is die plek waar haar en Nonthando se paaie geskei is en dit is die plek waar sy vir Mila die waarheid wil vertel sodat sy van haar skuldgevoelens kan ontslae raak. / Sy wil dit wat op Dassiepoort begin het en dit wat verkeerd gegaan het probeer regmaak om berusting te kry. ✓
   Die titel, *Somtotaal*, suggereer dat alles ingesluit word – al die emosies wat iemand ervaar van kindwees tot volwassenheid en die uiteindelike dood. ✓ (2) [3]
3. Ester is nie deel van die groep begrafnisgangers nie, sy kom laat by die begrafnis aan en staan ’n ent weg van die ander af. / Ester het nie vrede gemaak voor Nonthando se dood nie en is dus nie deel van haar vriende of familie nie. ✓ (1) [3]
4. Sy weet dit reeds, want Nonthando het vir haar alles oor die rusie tussen haar en Ester vertel. ✓ (1) [2]
5. Sy onthou die dag toe Ester vir haar en haar ma van Dassiepoort af weggejaag het. ✓ Sy onthou dit goed omdat dit die oorsaak was dat hulle moes trek en in KwaNomzamo gaan bly het. / Sy onthou hoe erg daardie dag vir haar en haar ma was, want haar ouma is dieselfde dag begrawe. / Sy onthou hoe hartseer en vernederd haar ma daardie dag was en dat dit ’n lewenslange impak op hulle lewe gehad het. ✓ (2) [3]

**(7 punte)**

**Hoofstuk 55 – Ester en Mila**

1. Nomsa het as volwassene uit Transkei gevlug, daarom het haar familie nie geweet waar sy haar bevind nie. / Sy het op die plaas gebly en die meeste mense wat in daardie omgewing gebly en haar geken het, het reeds weggetrek. ✓ Nonthando was baie betrokke by die kerk, sy was ’n suster by die hospitaal, sy het baie welsynwerk gedoen en was geliefd onder die

inwoners van KwaNomzamo, daarom was daar baie mense op haar begrafnis. ✓ (2) [3]

2. Vrees: Ester wat soos ’n waansinnige op haar geskree het, het haar bang gemaak, want sy het haar nie so geken nie. / Nonthando was beangs, want sy het nie geweet waarheen om te gaan nie omdat sy haar hele lewe op die plaas gewoon het. ✓
Verlies: Nonthando het pas haar ma begrawe, maar sy sou daardie dag ook haar suster (Ester) en die plaas waarvoor sy so lief was verloor. ✓
Vernedering: Ester en Nonthando het soos susters saam grootgeword, maar daardie dag het Ester haar skeldname genoem en vir haar gesê dat sy haar nie nodig het nie. ✓ (3) [3]
Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Die tipografie is funksioneel, want die kort sinne beklemtoon die belangrikste temas (vrees, verlies en vernedering) in die verhaal. ✓ (1) [5]
3. Dit was vir Ester te erg om elke dag in Nonthando en Mila, wat soos Mateo gelyk het, se gesigte vas te kyk, want dit het haar herinner aan die dag wat sy verneder is. / Sy het vir Nonthando net verdra omdat Nomsa lewenslange verblyfreg op die plaas gehad het, maar met haar uit die weg kon sy van Nonthando ontslae raak. ✓ Ester was dronk, die wyn wat sy gedrink het, het haar aangespoor om hulle weg te jaag. / Die dood van Nomsa. ✓ (2) [3]
4. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Nee, Ester het hulle weggejaag výf jaar na die rusie tussen haar en Nonthando. Hulle kon dus lankal vrede gemaak het as Ester nie so eiewillig was nie. / Nonthando het na die rusie haar lot aanvaar en aangegaan met haar lewe sonder om enige skade aan Ester te berokken. ✓ (1) [4]

**(9 punte)**

**Hoofstuk 56 – Ester en Mila**

1. Personifikasie. ✓ (1) [2]
2. Ester het selfrespek verloor, terwyl Nonthando respek vir haar eertydse vriendin verloor het. ✓

Nonthando en Ester het beide hulle "mama" verloor, maar deur Ester se handeling verloor hulle mekaar, eertydse boesemvriendinne wat soos susters was. ✓

Ester het die waarheid verloor, want sy het vyf jaar gelede al begin met haar leuens en het deur haar daad die deur van die waarheid toegemaak.

Nonthando verloor die vryheid van die plaas en 'n dak oor haar kop. ✓ (3) [2]

3. Sy het gedink dat, as sy nie elke dag vir Nonthando en Mila sien nie, kan sy van haar foute wat sy in die verlede gemaak het, ontslae raak. ✓ Sy het skuldig gevoel omdat sy geweet het Nonthando en Mila sal swaarkry. / Sy het besef sy het 'n onreg aan hulle gedoen en haar skuldige gewete het haar gepla. ✓ (2) [3]
4. Sy het uit ondervinding geweet dat Ester nie met Mateo sou kontak hou nie, want sy sou vir Mateo afskryf soos wat sy vir haar afgeskryf het. ✓ Sy het gehoop dat sy en Ester weer sou kon vriende wees en dat Ester haar sou vergewe. ✓ (2) [3]
5. Sy is die enigste een wat Mateo se brief gesien het en het dit daarna vernietig soos wat sy met Nonthando se brief gemaak het. ✓ Sy sê vir Mila dat Mateo lief was vir Nonthando. ✓ (2) [2]

6 Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, sy het altyd gedink dat haar pa haar en haar ma verwerp het. Noudat sy die waarheid weet, kan sy weer probeer om hom te ontmoet. ✓ (1) [4]

**(11 punte)**

**Hoofstuk 57 – Ester en Mila**

1. Mila loop woedend weg. ✓ Sy huil omdat haar ma wagtende en treurend dood is. ✓ (2) [2]
2. Sy wil Ester straf soos Ester haar en haar ma gestraf het. ✓ (1) [3]
3. Nonthando sou vir Ester vergewe het. ✓ (1) [3]

**(4 punte)**

**Hoofstuk 58 – Ester en Mila**

Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB-Uitgewers 

1. Sy het geglo dat dit vir Nonthando se beswil is om in Suid-Afrika te bly. ✓ Sy het maandeliks geld gevat vir Nonthando. / Sy het Nonthando en Mila se studies betaal. ✓ (2) [2]
2. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Sy was steeds lief vir Nonthando, al wou sy dit nie erken nie, en wou nie hê sy moes finansieel swaarkry nie. ✓ Sy wou hê dat Nonthando moet dink dat Mateo haar nie wil hê nie sodat sy nie later dalk besluit om hom te gaan soek en die waarheid uitvind nie. ✓ (2) [4]
3. Sy wil vir Ester skok en seermaak omdat sy weet dat sy hulle jare gelede van mekaar wou weghou. ✓ Nee, Ester weet dat Dewald vir Mila lief is en keur 'n moontlike verhouding goed. ✓ (2) [3]

**(6 punte)**

**Hoofstuk 59 – Mila**

1. Dit was vir haar 'n groot skok om die waarheid oor haar pa uit te vind. / Sy wil teruggaan werk toe en besluit wat sy met die res van haar lewe wil doen. ✓ (1) [3]
2. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, Dewald sou in elk geval sy ma aangevat het om agter die waarheid te kom as Mila hom nie vertel het nie, sodoende kan hy ook verstaan waarom sy so ontsteld is. ✓ (1) [4]
3. Die dag toe sy Johannesburg toe is om haar MA in kliniese sielkunde te doen. ✓ (1) [2]
4. Hy is bereid om die plase te verhuur of te verkoop en om saam met haar Johannesburg toe te gaan. ✓ (1) [2]
   Dit impliseer dat hy werklik lief is vir Mila, want hy is 'n boer in murg en been en was nog net een keer vir 'n paar dae weg van die plaas af. ✓ (1) [3]
5. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ek dink dit is 'n goeie besluit. Sy het 'n werk en verpligtinge om in Johannesburg af te handel. / Dit is altyd goed om van die oorsaak van die probleme weg te kom, kalm te raak en dan lewensbelangrike besluite te neem. ✓ (1) [5]

**(6 punte)**

**Hoofstuk 60 – Ester**

Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB-Uitgewers 

1. Dit dui tydsverloop aan, ’n paar jaar nadat Mila terug Johannesburg toe is ná haar ma se begrafnis, haar en Dewald se troue en die geboorte van hulle kinders. ✓ (1) [3]
2. Ester se depressie wat nie meer so erg is nie. ✓ Dit wys dat dit beter gaan met Ester. ✓ (2) [2]
3. Dit gaan nie sleg nie, maar ook nie goed nie. / Mila verdra vir Ester ter wille van Dewald en hulle kinders, maar daar is nie ’n goeie verhouding tussen haar en Ester nie. ✓✓ (2) [3]
4. Na Dewald se oupa. / Hannes Maree. / Ester se pa. ✓ (1) [2]
5. Haar kleinkinders. ✓ (1) [1]

**(7 punte)**

**Hoofstuk 61 – Mila**

1. Mila is nie meer gesteld op haar voorkoms nie, want sy werk nie meer in die stad nie. ✓ Sy is nou ’n boervrou wat nie elke dag nodig het om deur ’n ring getrek te word nie, sy maak nou kinders groot op die plaas. ✓ (2) [3]
2. Dis die plek waar sy en haar ma gebore is, daarom dink sy dit is die beste plek om haar kinders groot te maak. ✓ (1) [2]
3. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Om met Dewald, die liefde van haar lewe getroud te wees en gelukkig te wees na al die hartseer wat sy ervaar het. / Mila het vrees, vernedering, verlies, verandering en verdriet ervaar en kan uiteindelik die verlede begrawe en saam met Dewald die grootste vreugde van haar lewe ervaar. ✓ (1) [4]
4. Sy wil haar pa ontmoet en hom voorstel aan haar kinders. ✓ (1) [3]
5. Sy werk twee dae per week as terapeut op Humansdorp, die res van die tyd is sy ’n boervrou op Dassiepoort. ✓ (1) [2]
6. Die einde / Dis genoeg / Klaar. ✓ (1) [3]
7. Die afloop, want al die vrae wat die leser gehad het oor wat verder in Ester en Mila se lewe gebeur, word beantwoord. ✓ (1) [2]
8. Vergifnis. ✓ (1) [3]
9. Dit is nooit die moeite werd om wraak te neem nie, want jy gaan in die proses self seerkry. ✓ (1) [5]

**(10 punte)**

Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB-Uitgewers

## Verryking

Hoe goed ken jy jou karakters, karakters se ouderdomme, plekke en die tye waarin belangrike gebeure afspeel?

| No. | Tyd | Karakter/Plek | Belangrike gebeure |
|---|---|---|---|
| 1 | ***Bv. 1977*** | ***Nonthando*** | ***Breek haar enkel in 'n motorongeluk*** |
| 2 | Desember 1977 | Hansie | **Dood in trekkerongeluk** |
| 3 | **1988** | Ester | Finale skooljaar / matriek |
| 4 | Desember 1988 | Jeffreysbaai | Ester ontmoet vir Mateo |
| 5 | Januarie 1989 | **Hannes** | Dood aan 'n hartaanval |
| 6 | Middel Januarie 1989 | Ester | **Betrap vir Nonthando en Mateo** |
| 7 | **Mei 1989** | Ester | Verbrand brief en geld |
| 8 | Oktober 1989 | **Wouter en Ester** | Huwelikbevestiging in konsistorie |
| 9 | Februarie 1994 | Dassiepoort | **Nomsa se dood en begrafnis** |
| 10 | Februarie 1994 | Ester | **Jaag vir Nonthando en Mila weg** |

**Plekke**

1. Spanje
2. Sandton, Johannesburg
3. NMMU
4. Dassiepoort
5. Rusland

**Ouderdom**

| No. | Karakter | Ouderdom | No. | Karakter | Ouderdom |
|---|---|---|---|---|---|
| 1. | Magdaleen | 38 jaar | 6. | Mila | 5 jaar |
| 2. | Hansie | 10 jaar | 7. | Ester | 49 jaar |
| 3. | Annabelle | Ongeveer 2 maande | 8. | Wouter | 8 jaar |
| 4. | Nonthando | 52 jaar | 9. | Ester | 9 jaar |
| 5. | Dewald | 16 jaar | 10. | Ester | 25 jaar |

Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB-Uitgewers 

**Nasienriglyn: konsepvraestel**

**Vraag 1**

Kandidaat skryf 'n gepaste inleiding.

- **Ester word as kind verwerp deur haar ma**. Na Hansie se dood gee Magdaleen net aandag aan Annabelle. Sy jak vir Ester af en sorg nie dat sy eet of bad nie. Ester hoor hoe haar ma vir haar pa sê dat sy nie tyd het vir haar nie en dat Ester haar nie nodig het nie.

  "*Ester was nog altyd vaster aan jou. En aan Nomsa. Sy het my nie nodig nie*." "*Ek het nie nou tyd vir haar nie . . .*" (albei aanhalings p. 129)
- **Ester is jaloers op Annabelle en voel nie deel van die gesin nie.** Ester is jaloers op Annabelle wat heeltyd skreeu terwyl haar ma op en af met haar loop. Ester loop saans weg na Nomsa se arbeidershuisie, want daar voel sy veilig en gekoester.

  "*Op daardie ouderdom word Ester toe ook vir die eerste keer bewus van 'n ander soort monster. Een met groen oë*." (p. 126)
- **Ester se pa is selde tuis omdat hy langer en harder werk.** Hannes probeer vir Ester gerusstel toe Nomsa hom vertel dat Ester die gesprek tussen hom en sy vrou afgeluister het, maar gee self nie genoeg aandag aan haar nie.

  "*Haar pa het langer en harder gewerk en wanneer hy tuiskom, was sy kop nie daar nie, dit was net sy lyf wat krom by die agterdeur instap*." (p. 125)
- **Magdaleen vat nie meer vir Ester skool toe nie, sy lê net heeldag en slaap na Annabelle se dood.** Ester ry elke dag saam met Maryna Labuschagne skool toe. As sy van die skool af kom weet sy dat haar ma in 'n goeie bui is indien die vensters oop is, want dan het haar ma koekies gebak en sal sy by haar sit terwyl sy eet. Indien die vensters en die gordyne toe is, weet sy haar ma lê onder die donskombers en slaap, selfs al is dit baie warm.

  "*Toe beteken dat haar ma selfs op 'n snikheet dag onder die donskombers lê. Opgekrul in die fetusposisie, sonder 'n glimlag, sonder woorde.*" (p. 168)
- **By die afterparty na die matriekafskeid voel Ester soos 'n buitestander en besluit om huis toe te gaan.** Ester se metgesel gee meer aandag aan haar vriendin as aan haar en sy voel uitgesluit. Sy wil ook nie deel wees van die "dansende, drinkende massa" nie en besluit om plaas toe te ry.

  "*Sy het die dansende, drinkende massa so bekyk en geweet dat sy nie daar hoort nie. Nie eens as 'n toeskouer nie.*" (p. 196)

- **Mateo kies vir Nonthando bo Ester.** Ester is woedend toe sy vir Nonthando en Mateo by die vuur betrap in ’n baie intieme oomblik. Sy voel verwerp deur Mateo, want sy kan nie glo dat hy ’n swart vrou bo haar verkies nie. “*Dit was vir haar onmoontlik om te aanvaar dat Mateo vir Nonthando bo haar verkies het.*” (p. 244)
  Sy weier om Nonthando te vergewe weens haar verraad. Ester is ook jaloers omdat Nonthando swanger is met Mateo se kind, omdat sy begeer om sy kind te hê.
  “*En saam met die swellende buik groei Ester se jaloesie. Sý wil die een wees wat swanger is met Mateo se kind. Hoekom is sy nie swanger nie? Was haar gevoel vir Mateo dan minder belangrik?*” (p. 251)
- **Nadat Dewald die plaas se bestuur oorgeneem het, trek Ester dorp toe en vereensaam.** Ester is nie iemand wat daarvan hou om deel van ’n groep te wees nie. Sy sê dat sy nie ’n “joiner” is nie en is heeldag op haarself aangewese. Sy luister soms radio en kyk televisie om vir ’n tydjie van haar probleme te vergeet.
  “*Daar gaan dae verby wat sy niemand sien nie, wanneer sy nie die voordeur vir enige een oop maak nie. Wanneer sy die lewe deur haar venster dophou.*” (p. 94)
  “*Televisie beteken dat sy ’n uur of langer in ander mense se doen en later kan opgaan, ook hulle sorge.*” (p. 166)
- **Dewald maak lelike opmerkings na sy ma se selfdoodpoging.** Dewald het geen begrip vir sy ma se probleme nie. Hy probeer haar dwing om met hulle te praat en te verduidelik waarom sy selfdood probeer pleeg het. Hy is ongevoelig, word kwaad en vloek as sy hom nie wil antwoord nie.
  “*Hoe kon Ma dit aan my doen? Aan Elanie? Aan Ma self? Is Ma nie gelukkig nie? Is Ma alleen? Wil Ma terugkom plaas toe?*” “*Praat met my, Ma!*” “*Jissis, Ma!*” (al drie aanhalings p. 64)
- **Op Nonthando se begrafnis daag Ester laat op en staan ’n ent weg van die ander begrafnisgangers af.** Ester ry na Dassiepoort om van Nonthando afskeid te neem. Sy wou nie te vroeg gaan nie, want sy wil nie in ’n beperkte ruimte saam met Mila wees nie. Sy staan ’n ent weg en luister na Mila se huldeblyk aan haar ma.
  “*Ester besluit om nie die kerkdiens by te woon nie. Sy sien nie kans om in so ’n beperkte ruimte saam met Milagro te wees nie.*” “*Sy gaan staan ’n entjie agter die ander begrafnisgangers.*” (albei aanhalings p. 261)
- **Ester se buitestanderskap word opgehef.** Ester besluit self om na Hunterscraig te gaan vir terapie en kry haar depressie onder beheer. Na Mila en Dewald se troue is

daar ’n “versigtige vrede” tussen haar en Mila. Ester is gelukkig omdat sy haar kleinkinders gereeld sien. “*Ester Labuschagne het vrede gemaak met haar verlede, met haar verliese, met haar vrese, met haar vernederings.*” (p. 279) “*Hulle is haar vreugde. Sy wil nie hierdie deel van haar lewe mis nie.*” (p. 280)

Kandidaat skryf ’n gepaste slot.

**(25 punte)**

**Vraag 2**

2.1 Dit vind plaas by die hoërskool waar Ester saam met tannie Maryna en haar dogters, wat in die laerskool is, vir Wouter en sy broer se skool wag om uit te kom sodat hulle kan huis toe ry. ✓ (1) [2]

2.2 Sy het gehoor dat haar ma sê dat sy nie tyd het vir haar nie en dat Ester haar nie nodig het nie. Sy voel verwerp, daarom beleef sy innerlike konflik. ✓ (1) [3]

2.3 Magdaleen skets nie meer nie, sy lê die meeste van die tyd in die bed omdat sy depressief is as gevolg van haar kinders se dood. / Sy het twee keer probeer selfdood pleeg. ✓
As die vensters van die huis oop is, weet sy haar ma het opgestaan en is in ’n goeie bui, maar as die vensters toe is en die gordyne is dig toegetrek, weet sy haar ma lê onder die donskombers in die donker kamer en treur oor haar oorlede kinders. ✓ (2) [3]

2.4 Hansie en Annabelle. ✓
Hansie was tien toe die trekker waarop hy gery het van ’n afgrond gestort het en bo-op hom geval het (trekkerongeluk). Annabelle is in haar slaap dood. Sy was ’n koliekbaba wat heeldag gehuil het en nie genoeg voeding gekry het nie (wiegiedood). ✓ (2) [2]

2.5 Nomsa (en Nonthando) ✓ (1) [2]
Ester het veilig gevoel by Nomsa omdat sy soos ’n ma vir haar was. /
Sy was bang dat die doodsengel haar sou kry, daarom wou sy nie in hulle huis slaap nie. / Sy het gedink as sy by Nomsa-hulle slaap, sal die doodsengel haar nie kry. ✓ (1) [3]

2.6 Maryna sê dat haar huishulp, Siena, lief is vir skinder, maar sy en die ander vrou skinder self oor die Marees. ✓ (1) [3]

Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB-Uitgewers 

2.7 Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Hulle wou die polisie stuur om vir Hannes te laat vervolg, want hulle vermoed dat hy ’n verhouding met die swart huishulp het wat strydig was met die Ontugwet in die apartheidsera. ✓ (1) [4]

2.8 Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, hy het die reg om op sy plaas te doen wat hy wil. Nomsa is soos ’n ma vir Ester en hou die familie staande, daarom moet Hannes haar belange beskerm.
Nee, indien Hannes tronk toe sou gaan omdat hy die wet oortree, sou Ester dalk in ’n kinderhuis beland het. / Deur sy optrede sny hy alle bande met sy bure en die gemeenskap af en sal daar niemand wees wat hom sal bystaan in tye van nood nie. ✓ (1) [4]

2.9 Ester is jare later met Wouter, Maryna se seun, getroud. Weens Ester se pa se betrokkenheid by Nomsa het Ester se skoonma nie van haar gehou nie en was koud teenoor haar. ✓ (1) [3]

2.10 Nomsa het getreur oor haar geliefde Hannes wat twee weke tevore oorlede is. ✓ Mateo Sanchez. ✓ (2) [1]

2.11 Ester moet eers vir Nonthando vergewe. / Nonthando en Ester se vriendskapsverhouding moet eers herstel. ✓ Nomsa moet eers geleentheid kry om oor Hannes te rou en emosioneel sterker te word voordat sy saam met Nonthando na Spanje kan reis. ✓ (2) [3]

2.12 Ester het nie Nonthando se brief aan Mateo gepos waarin sy vir hom vertel het dat sy swanger is nie. ✓ Ester het Mateo se brief en die geld wat hy gestuur het vernietig, daarom het Nonthando gedink hy het van haar vergeet. ✓ (2) [3]

2.13 Sy probeer selfdood pleeg. ✓ (1) [2]
Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ester het aan depressie gely omdat sy haarself nooit kon vergewe dat sy Nonthando en Mila se kans op geluk gesteel het nie. / Ester ervaar skuldgevoelens omdat sy ’n onreg aan Nonthando en Mila gedoen het en geweier het om Nonthando te vergewe. ✓ (1) [4]

2.14 Ja, maar sy het geweier om dit te erken. Op Nonthando se begrafnis bely sy dat sy jaloers was en dat sy lief was vir Nonthando. ✓

OF

Nee, Nonthando is dood voordat sy haar kon vergewe en haar skuld bely om kwytskelding te kry. ✓ (1) [2]

2.15 Uiterlike konflik: Nonthando en Mila het ’n woordewisseling gehad omdat Nonthando geweier het om saam met Mila Spanje toe te gaan om Mateo te gaan soek. ✓
Innerlike konflik: Mila was kwaad vir haar ma en het min fisiese kontak met haar gehad voor haar dood, daarom verwyt Mila haarself omdat sy nie vrede gemaak het met haar ma voor haar dood nie. / Mila beleef innerlike konflik omdat sy nie haar pa ontmoet het toe sy in Spanje was nie, want hy het vir haar gelukkig gelyk. ✓ (2) [3]

2.16 Nee, Mateo het vir Nonthando ’n brief geskryf waarin hy sê dat hy lief is vir haar en haar genooi om in Spanje by hom te gaan bly. ✓ Mateo het geld gestuur om Nonthando se reiskoste na Spanje te dek en vir Ester gevra om Nonthando te help om ’n vlug te bespreek. ✓ (2) [4]

**(25 punte)**

## 6. Glossarium van literêre begrippe

**Alomteenwoordige verteller**

Die alomteenwoordige verteller is alwetend en vertel wat elke karakter sê, dink en voel. Hierdie verteller is op elke plek, in elke ruimte en op alle tye teenwoordig. Gewoonlik "kyk" die verteller uit een karakter, gewoonlik die hoofkarakter, se gesigshoek om die verhaal te vertel. Die persoon uit wie se gesigshoek die verhaal vertel word, is die fokalisator.

*Voorbeeld*: In *Somtotaal* word daar van wisselende fokalisators gebruik gemaak. Die verhaal word vertel uit Ester en Mila se perspektief.

**Antagonis**

Die antagonis is die teenstellende karakter wat die protagonis bedreig laat voel. Die antagonis veroorsaak sodoende worsteling en krisis by die protagonis.

*Voorbeeld*: Mila is die antagonis. Ester voel bedreig deur Mila. Sy jaag Nonthando en Mila van Dassiepoort af weg omdat sy so van die verlede wil ontslae raak. Sy probeer 'n wig tussen Mila en Dewald op skool dryf.

**Antiklimaks**

Dit is die teenoorgestelde van 'n klimaks waar die spanning toeneem en 'n hoogtepunt bereik. In 'n antiklimaks word 'n karakter teleurgestel oor die uitkoms van gebeure waarna sy uitgesien het.

*Voorbeeld:* Mila is opgewonde om haar pa, Mateo Sanchez, te ontmoet, maar toe sy hom in Spanje saam met die twee kinders sien, is sy teleurgesteld. Sy stel haar nie voor aan hom nie en keer onverrigter sake terug na Suid-Afrika.

**Atmosfeer/stemming en toon**

Die atmosfeer of stemming kan beskryf word as 'n gevoelsfeer wat gewoonlik deur beskrywing of handeling opgeroep word.

*Voorbeeld*: Na die dood van Hansie is daar 'n somber atmosfeer op Dassiepoort. Magdaleen dwaal in die huis, Hannes lê in 'n bondeltjie op die bed, Nomsa sing nie meer nie en die televisie word nie meer aangeskakel nie.

**Boodskap**

Wanneer die hoofkarakter tot ’n ander of nuwe insig kom, kan dit ’n bepaalde waarde stel wat deur die leser en gehoor nagestreef kan word.

*Voorbeeld*: Ester kom tot die insig dat wraak nie die moeite werd is nie en dat sy hulp nodig het om haar depressie onder beheer te kry.

**Buitestander**

’n Buitestander (“outsider”) is iemand wat nie deel van ’n groep is nie. Die persoon kan uit vrye keuse verkies om buite die groep te staan of deur ander verstoot word.

*Voorbeeld*: Tydens die “afterparty” na Ester se matriekafskeid voel sy soos ’n buitestander. Haar metgesel stel meer in haar vriendin belang as in haar en sy wil nie deel wees van die dansende, drinkende massa nie.

**Denotasie**

Denotasie verwys na die letterlike betekenis van ’n woord soos dit in ’n woordeboek sal voorkom. Dit wat jy fisies kan waarneem.

**Derdepersoonsverteller**

Hierdie tipe verteller het ’n beperkte alwetendheid. Die verhaal word beskryf deur die oë van een van die karakters, gewoonlik die hoofkarakter.

*Voorbeeld*: In hierdie roman is ’n alomteenwoordige verteller aan die woord, maar in plaas van een, is daar twee karakters uit wie se perspektief die verhaal vertel word.

**Dialoog**

Dialoog is ’n gesprek tussen twee of meer mense waarin daar soms ’n woordewisseling plaasvind. Dit lei dikwels tot nuwe insigte. Dit belig die innerlike handeling van die karakter; op hierdie wyse word die oorsake en gevolge van die konflik uitgelig. Dialoog en taalgebruik weerspieël ook karakters se sosio-maatskaplike agtergrond.

*Voorbeeld*: Die dialoog tussen Mila en Ester in hoofstuk 54 en 56 is die klimaks van die verhaal omdat Ester vir Mila die waarheid oor haar pa vertel.

**Eksposisie**

In die eksposisie leer die leser die agtergrond, ruimte en die karakters ken.

*Voorbeeld*: Hoofstuk 1 en 2.

Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB-Uitgewers 

**Ellips**

Die ellips word ook die beletselteken of die stippels genoem. Dit vervul verskillende funksies. Dit kan aandui dat ’n karakter se spreekbeurt onvoltooid is omdat iemand hom/haar in die rede geval het. Dit vestig die aandag op ’n belangrike deel wat volg en verhoog die spanning. In sommige gevalle dui dit op ’n kort pouse. ’n Deel wat weggelaat word, word deur die ellips aangedui en die leser kan self dink wat die karakter wou sê.

*Voorbeeld*: “Antie,” keer Mila haar weer, “ek weet dat dit tradisie is om die . . .” (p. 78). In hoofstuk 15 dui hierdie ellips op huiwering. Mila is onseker oor watter woord om te gebruik, want dit voel vir haar te kras om na haar ma as die “oorledene” te verwys.

**Emosies**

Emosies is die innerlike belewenis of gevoel van byvoorbeeld vreugde, angs, woede, jaloesie, boosheid of verdriet wat spontaan te voorskyn kom of deur ’n bepaalde situasie opgewek word. Emosies gaan egter nie net met subjektiewe gevoelens gepaard nie, maar ook met liggaamlike reaksies en bepaalde gedrag.

*Voorbeeld*: Ester is kwaad vir Nonthando en maak ongevoelige aanmerkings toe sy agterkom dat Nonthando swanger is, want sy is jaloers omdat dit nie sý is wat Mateo se kind verwag nie. (Hoofstuk 51)

**Eufemisme**

Eufemisme is die versagting van die werklikheid. ’n Onaangename gebeure word versag sodat dit nie so kras klink nie.

*Voorbeeld*: “Haar ma is vir altyd stil.” (p. 52)

**Fokalisator**

’n Fokalisator is ’n term wat gebruik word om aan te dui uit watter karakter se perspektief die gebeure in die verhaal aangebied word – wie “sien” die gebeure.

*Voorbeeld*: Mila en Ester word afwisselend as fokalisators in *Somtotaal* gebruik. In hoofstuk 1 is Ester byvoorbeeld die fokalisator, maar in hoofstuk 2 word die gebeure uit Mila se perspektief aangebied.

**Fragmentaries**

'n Roman is fragmentaries wanneer die verloop van die roman nie chronologies op mekaar volg nie, maar die hede en die verlede mekaar afwissel deur middel van tydspronge soos terugflitse.

*Voorbeeld*: Die leser ken nie die agtergrond van Ester se traumatiese kinderlewe nie. Deur middel van terugflitse verneem die leser van haar broer, suster en ma se afsterwe terwyl sy tussen die ouderdom van sewe en nege was.

**Geloofwaardigheid**

Geloofwaardigheid verwys na die toestand of eienskap dat iets of iemand betroubaar is. Is die roman so geskryf dat dit met feite ondersteun word sodat die karakters en gebeure geglo kan word, met ander woorde dat hulle geloofwaardig is?

*Voorbeeld*: Die dele in die roman wat in Xhosa of in Spaans geskryf is, verleen geloofwaardigheid aan die karakters Nomsa en Mateo.

**Herhaling**

Herhaling word ter wille van uitheffing en beklemtoning gebruik. Dit skep ook spanning en dui kontras aan. Sekere uitdrukkings word herhaal omdat dit aansluit by die tema of subtemas van die verhaal.

*Voorbeeld*: In hoofstuk 2 verneem Mila van haar ma se dood, maar sy probeer dit ontken. Die herhaling van die volgende woorde beklemtoon haar vrees aangaande haar ma se dood: "My ma kan nie dood wees nie. My ma is nie dood nie." (p. 23)

**Hoofkarakter (sien ook protagonis)**

Die hoofkarakter staan ook bekend as die protagonis en al die gebeure in die roman fokus op hom/haar. Die meeste verteltyd word aan hom/haar afgestaan.

*Voorbeeld*: Ester Labuschagne (Maree) is die hoofkarakter in die roman.

**Houding**

Die houding van 'n karakter is die manier van optrede of die gedrag wat 'n karakter openbaar oor hoe hy/sy oor 'n saak voel.

*Voorbeeld*: Ester se houding teenoor Mila tydens haar besoeke op Paardenkraal toon dat sy niks van Mila hou nie.

**Innerlike konflik**

Innerlike konflik is wanneer ’n karakter intense emosies ervaar en in haar gemoed daarmee worstel. Sy wroeg oor ’n saak wat sy nie kan verwerk nie.

*Voorbeeld*: Ester se innerlike konflik weens die briewe wat sy vernietig het gee jare later aanleiding tot haar selfdoodpoging.

**Intrige**

Dit is die verhaalplan/plan van die dramatiese verloop (die “plot”). Gebeure word so ontplooi dat ’n spanningslyn opgebou word wat uiteindelik tot die klimaks van die roman ontwikkel.

*Voorbeeld*: Die leser verneem van Ester se poging tot selfdood. Geleidelik word die rede vir haar daad in ’n verhoogde spanningslyn aangebied totdat sy aan die einde haar geheim aan Mila openbaar.

**Ironie**

Die teenoorgestelde van wat gesê word, word bedoel. Die gebeure verloop anders as wat die leser/gehoor verwag.

*Voorbeeld*: Dit is ironies dat Ester vir jare niks van Wouter wou weet nie, maar toe Mateo haar verwerp, vind sy troos in sy arms, raak swanger en trou met hom.

**Karakteriseringstegniek**

Die manier hoe die leser ’n karakter leer ken, byvoorbeeld deur dialoog, voorkoms, kleredrag of dit wat ander karakters oor haar sê.

*Voorbeeld*: “Nomsa was almal se ma.” Die verteller beeld Nomsa as ’n omgeemens en moederfiguur uit.

**Karaktereienskap**

’n Eienskap wat eie aan ’n karakter is soos die leser die karakter leer ken deur handeling, dialoog of houding. ’n Karakter kan byvoorbeeld selfsugtig, jaloers of ongeskik wees.

*Voorbeeld*: Ester is jaloers op Annabelle. “Op daardie ouderdom word Ester toe ook vir die eerste keer bewus van ’n ander soort monster. Een met groen oë.” (p. 126)

**Karakterontwikkeling**

Die hoofkarakter verander deur die loop van die roman. Sy tree anders op as aan die begin en kom tot insig.

*Voorbeeld*: Vanaf hoofstuk 52 is daar karakterontwikkeling sigbaar by Ester toe sy instem om na Hunterscraig te gaan vir terapie. In hoofstuk 54 en 56 krap sy die seer van die verlede oop met haar ontboeseming teenoor Mila.

**Klanknabootsing**

Dit is die nabootsing van klank wat deur ’n woord voorgestel word.

*Voorbeeld*: In hoofstuk 14 ry Hannes vinnig toe hy op pad is dorp toe om vir Nonthando te gaan soek: “Die klippers **knars** en spat onder die bakwerk . . .” (p. 68)

**Klimaks**

Die klimaks is die hoogtepunt van die struktuur van die roman.

*Voorbeeld*: Die klimaks van *Somtotaal* is aan die einde van hoofstuk 56 waar Ester vir Mila die waarheid oor haar pa vertel.

**Konnotasie**

Dit is die figuurlike betekenis van ’n woord of uitdrukking.

*Voorbeeld*: “... omdat sy bang was dat die **swart wolk** wat oor Dassiepoort hang, nog nie gewyk het nie” (p. 68). Hier word nie na ’n fisiese wolk, wat jy kan sien, verwys nie, maar na ’n figuurlike wolk – die dood van Ester se geliefdes.

**Kontras**

Dit is ’n teenstelling wat mense/dinge/idees/situasies teenoor mekaar stel of met mekaar vergelyk.

*Voorbeeld*: Daar is ’n kontras tussen Nonthando en Mila se ervaring van hul skoolloopbaan weens die feit dat Nonthando in die apartheidsera op skool was en Mila ná die eerste demokratiese verkiesing in Suid-Afrika.

**Krisis**

Die krisis is die deel van die struktuur van die roman waar die spanning hewiger raak en vind voor die klimaks van die roman plaas.

*Voorbeeld*: Ester se impulsiewe daad om Mateo se briewe en geld te verbrand kom aan die lig in hoofstuk 49.

Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB-Uitgewers 

**Metafoor**

In ’n metafoor word die beeld in die plek van die eintlike voorstelling geplaas, of twee sake wat verband hou met mekaar word gelykgestel.

*Voorbeeld*: Ester verwys na haar depressie as ’n skaduwee: “. . . hoe die skaduwee wat aan haar voete vas is, in haar bene opklim.” (p. 48)

**Milieu**

Die milieu in die roman sluit tyd, ruimte en agtergrond in. Die roman is geskryf teen ’n sekere agtergrond en tydgleuf waarbinne die karakters in ’n sekere ruimte optree.

*Voorbeeld*: Die verhaal speel af in die apartheid en post-apartheidsera. Dassiepoort is die belangrikste ruimte in die verhaal.

**Motief**

’n Motief is ’n karakter, insident, voorwerp of abstrakte idee wat voortdurend in die roman na vore kom. Ons praat gewoonlik van ’n herhalende of deurlopende motief (leitmotiv). Die funksie van ’n motief is om die roman tot ’n eenheid saam te bind en belangrike gedagtes uit te hef.

*Voorbeeld*: Die geraamde foto’s van Nonthando en Ester as kinders.

**Motto/Epigraaf**

Dit is ’n kort, kragtige aanhaling voor in die roman wat dien as agtergrond. Die motto suggereer aan die leser waaroor die verhaal handel. Dit word gewoonlik kursief gedruk omdat dit ’n aanhaling uit ’n ander geskrewe werk is.

*Voorbeeld*: “It is easier to forgive an enemy than to forgive a friend.” – William Blake

**Motoriese moment**

Die motoriese moment is daardie oomblik in die struktuur van die roman wat die handeling aan die gang gesit word.

*Voorbeeld*: Ester se selfdoodpoging.

**Naamgewing**

Sekere name van die karakters hou verband met bekende figure of is simbolies van aard.

*Voorbeeld*: Sindile – die een wat oorleef.

**Newekarakter**
Al die belangrike karakters wat die hoofkarakter, Ester, se eienskappe na vore bring en bydra tot haar karakterontwikkeling is newekarakters.

*Voorbeeld*: Nonthando.

**Oksimoron**
Twee teenstrydige woorde wat ’n kontras vorm en direk langs mekaar geplaas word.

*Voorbeeld*: “My ou skreeubek-sonstraaltjie.” (p. 132)

**Ontknoping/afloop/afwikkeling**
Die ontknoping, afloop of afwikkeling dui op die einde van die roman en is die laaste gedeelte van die roman.

*Voorbeeld*: Ester en Mila het albei vrede en vreugde ondervind in die twee laaste hoofstukke van die roman.

**Ontwikkeling**
Dit vorm die grootste gedeelte van die struktuur van die roman. Konflik vorm ’n sentrale deel van die ontwikkelingsfase.

**Personifikasie**
Hierdie stylfiguur verwys na die gee van menslike eienskappe aan lewelose dinge, soos die venster loer tussen die blare deur, die tyd stap aan, die wind huil om die hoeke.

*Voorbeeld*: “Dassiepoort het geween.” (p. 125)

**Protagonis**
Die protagonis is die karakter wie se gevoelens en ervaringe gewoonlik sentraal gestel word.

*Voorbeeld*: Ester

**Randkarakters/figurante**
Randkarakters is minder belangrike karakters wat geen noemenswaardige rol in die roman vertolk nie.

*Voorbeeld*: Die verpleegster wat vir Ester in die hospitaal versorg. (Hoofstuk 6)

Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB-Uitgewers

**Retoriese vraag**

Dit is ’n vraag waarop daar nie ’n antwoord verwag word nie. Die funksie van die retoriese vraag is om die lesers te betrek by die gebeure in die verhaal sodat hulle saam met die karakter kan besin oor die vraag.

*Voorbeeld*: Die retoriese vrae aan die einde van hoofstuk 9 beklemtoon Ester se wroeging. Sy twyfel of sy vir Mila die waarheid moet vertel.

**Ronde karakter**

Hoofkarakters word soms ronde karakters genoem omdat hulle karakterontwikkeling ondergaan.

*Voorbeeld*: Ester word in hoofstuk 1 as ’n onseker vrou uitgebeeld wat die dood bo die waarheid en vergifnis verkies, maar sy ontwikkel as karakter. Sy besef sy het hulp nodig vir haar depressie en sy vertel vir Mila die waarheid.

**Ruimte**

Dit is nie net die fisieke ruimte nie, maar ook die geestelike ruimte wat die atmosfeer en stemming insluit, wat die karakters beïnvloed en veroorsaak dat hulle op die ruimte reageer.

*Voorbeeld*: Mila se kantoor in Sandton.

**Sarkasme**

Sarkasme is ’n manier van praat waar die persoon eintlik presies die teenoorgestelde bedoel van wat hy sê. Sarkasme word gewoonlik gebruik om te spot en/of seer te maak.

*Voorbeeld*: “. . . die graf vir iemand wat te vroeg weggeneem is en **nie gekies het om te gaan nie**.” (p. 202)

**Simbool**

’n Simbool is ’n teken of voorwerp wat ’n ander saak verteenwoordig. ’n Persoon kan ook as simbool van ’n spesifieke groep mense optree. Bekende simbole is die kruis, wat die Christendom verteenwoordig, en die kopbeen, wat gevaar voorstel.

*Voorbeeld*: Mila se duur skoene is ’n simbool wat toon dat sy bo die armoedige omstandighede van KwaNomzamo uitgestyg het. (Hoofstuk 2)

Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB-Uitgewers 

**Sinekdogee**

Sinekdogee is gedeeltelike aanduiding. Net ’n deel word genoem terwyl die geheel eintlik bedoel word.

*Voorbeeld*: “Sy . . . volg haar neus na die kombuis.” (p. 124)

**Spanning**

Spanning is ’n belangrike element in enige roman. Wanneer spanning geskep word, wonder die toeskouer wat volgende gaan gebeur.

*Voorbeeld*: Ester se belydenis aan Mila.

**Stemming/atmosfeer**

’n Gevoelsfeer wat gewoonlik deur beskrywing opgeroep word. Dit kan somber, verspot, vrolik, gespanne, droewig, ligsinnig, ens., wees.

*Voorbeeld*: sien Atmosfeer.

**Suggestie/geïmpliseerde betekenis**

Wanneer iets gesuggereer of geïmpliseer word, word dit nie direk gesê nie, maar moet die leser tussen die lyne aflei wat die boodskap is.

*Voorbeeld*: “Nie aan tafel waar elke happie van die kos souter en souter gesmaak het nie.” (p. 40)

Daar word geïmpliseer dat Mila huil.

**Taalgebruik**

Taal word gebruik om die kenmerke van ’n sekere persoon of groep te beklemtoon of te karakteriseer.

*Voorbeeld*: “Por favor, mi amor.” (p. 208) (“Asseblief, my lief.”)

Omdat Mateo ’n Spanjaard is, kan hy slegs Spaans en Engels praat.

**Tema**

Die universele grondgedagte of kern van ’n roman word die tema genoem. Die leser wil ’n tema hê waarvan die kern ’n aktuele lewensvraagstuk is en waaroor hulle kan nadink.

*Voorbeeld*: Dis nie reg om wraak te neem nie, want jy kry self seer. / ’n Mens moet bereid wees om te vergewe.

**Terugflits**

’n Terugflits is ’n verwysing na ’n gebeurtenis of ’n gesprek wat in die verlede gebeur het.

*Voorbeeld*: Ester se denkbeeldige gesprekke met ’n sielkundige word byvoorbeeld gebruik om terugflitse aan te dui.

**Tipografie**

Die manier waarop die teks gedruk is, word gebruik as uitheffingstegniek om ’n sekere effek by die leser tuis te bring of ’n gedeelte te beklemtoon.

*Voorbeeld*: In hoofstuk 50 is die woorde van Mateo se brief skuinsgedruk.

**Titel**

Die titel is die “naam” van die roman. Dit gee die leser ’n aanduiding waaroor die roman of ’n hoofstuk in die roman handel

*Voorbeeld*: *Somtotaal*.

**Tritagonis**

Die tritagonis staan tussen die strydende partye. Hierdie karakter kan verskeie rolle vervul, soos die oorsaak van die konflik, of die helper van die strydende partye.

*Voorbeeld*: Nonthando kan as die tritagonis gesien word, want sy het altyd goeie dinge oor Ester gesê, terwyl Mila Ester gehaat het. Selfs in haar afwesigheid dink Mila aan haar ma en weet dat Nonthando vir Ester sou vergewe.

**Toon**

Die manier waarop iets gesê word, dit wil sê woordkeuse, tussenwerpsels of skelwoorde, skep ’n sekere atmosfeer of dra ’n bepaalde boodskap oor.

*Voorbeeld*: Die manier waarop Dewald met sy ma praat soos die skelwoord (vloekwoord) in hoofstuk 14.

**Uiterlike konflik**

Wanneer twee strydende partye fisies mekaar die stryd aansê deur byvoorbeeld ’n vuisgeveg of ’n woordewisseling. ’n Deurborende kyk kan ook ’n voorbeeld van uiterlike konflik wees.

*Voorbeeld*: Hannes en Magdaleen se konflik in hoofstuk 22.

**Uitsteltegniek**

’n Skrywer gebruik soms die uitsteltegniek om lesers nuuskierig te hou sodat hulle die roman enduit sal lees omdat hulle wil weet wat gaan gebeur.

*Voorbeeld*: Die leser vind geleidelik uit wat die rede vir Ester se selfdoodpoging is.

**Vergelyking**

Twee sake met gemeenskaplike kenmerke word met mekaar vergelyk. Die woorde “soos”, “net soos”, “nes” of “asof” word gebruik om die ooreenkoms aan te dui, byvoorbeeld: hy is so stadig soos ’n skilpad.

*Voorbeeld:* “. . . kromgetrek deur osteoporose . . .  soos ’n uitgebrande vuurhoutjie . . .” (p. 106)

**Verteltyd**

Dit verwys na die tyd wat dit duur om die verhaal te lees, of die aantal bladsye van die roman.

*Voorbeeld*: 244 bladsye.

**Vertelde tyd**

Die vertelde tyd is die tydperk wat in die verhaal gedek word, terugflitse uitgesluit, of die tydsduur.

*Voorbeeld*: vier dae

**Verwikkeling**

Die verwikkeling verteenwoordig die gedeelte ná die motoriese moment.

*Voorbeeld*: Elanie en Dewald se reaksie op hulle ma se selfdoodpoging in die hospitaal en die dag daarna.

**Woordspeling**

Woordspeling is wanneer ’n woord of ’n uitdrukking wat meer as een betekenis het só gebruik word dat al die verskillende betekenisse van toepassing is. Die uitdrukking kry dan ’n dubbele betekenis.

*Voorbeeld*: “Hulle weet. Sy weet hulle weet. Hulle weet dat sy weet hulle weet.” (hoofstuk 5)

## 7. Glossarium van woorde in die teks

| | |
|---|---|
| **aangedaan** | bewoë/hartseer |
| **absurd** | dwaas |
| **Aga** | ’n tipe koolstoof / ’n stoof waarin met steenkool of hout vuurgemaak word |
| **Aladdin-grot** | verwys na ’n Walt Disney-animasiefliek. Aladdin het in die “Cave of Wonders” ’n towerlamp en towermat gevind. |
| **basterkind** | ’n kind (buite die eg gebore) wie se ma en pa van verskillende rasse is |
| **blatant** | openlik/opsetlik |
| **dilemma** | ’n netelige kwessie / ’n lastige keuse tussen twee ewe onaangename dinge / ’n verleentheid |
| **dormant** | onaktief |
| **driftiger** | heftiger/vuriger |
| **enormiteit** | groot |
| **eteries** | hemels |
| **geanimeerd** | opgewek/lewendig |
| **gelate** | berustend/onderworpe/sonder om teë te stribbel |
| **geniepsigheid** | skerp, snydende aanmerkings maak met die doel om iemand te verneder |
| **gesofistikeerd** | verfynde en wêreldswyse voorkoms |
| **hiernamaals** | die voortbestaan in ’n ander “wêreld” na die dood / die hemel |
| **impulsiewe** | beweeg deur ’n skielike aandrang sonder om oor die gevolge na te dink |
| **joviale** | opgeruimde/vrolike |
| **kasty** | straf/pynig |
| **kiesa** | fyn reën / motreën |
| **kloustrofobies** | engtevrees / abnormale vrees vir ingeslote ruimtes |
| **klug** | grap/leuen |
| **koestering** | iemand met liefde vertroetel |
| **melankolie** | terneergedruktheid/swaarmoedigheid |
| **mistroostigheid** | neerslagtigheid |
| **naïef** | onskuld |

| | |
|---|---|
| **nukleotiedes** | organiese molekules wat die basis vorm van DNS |
| **osteoporose** | poreusheid of brosheid van die bene weens ’n verlies van kalsium uit die beenweefsel |
| **onvergenoegd** | ontevrede |
| **pervers** | boos / opsetlik of onredelik verkeerd |
| **ruimhartig** | om graag baie te gee of iemand te help |
| **skorra-skorra** | ’n ou lendelam voertuig |
| **surrealisties** | buitengewoon / uiters vreemd / bisar |
| **tirade** | dramaties uitgesproke woordevloed van kritiek |
| **toksies** | giftig / ’n omgewing, situasie, ens., waaruit niks goed kan voortspruit nie |
| **tonnelvisie** | ’n beperkte beskouing wat net sekere elemente in aanmerking neem |
| **traumaties** | ’n gebeurtenis wat so erg is dat dit emosionele of geestelike skade veroorsaak |
| **uitlander** | ’n vreemdeling uit die buiteland |
| **waterpas** | iemand onbevrees of reguit in die oë te kyk |
| **weerstandsbeweging** | ’n organisasie wat veg vir ’n sekere politieke saak, byvoorbeeld die bevryding van die onderdrukking van die destydse apartheidsregering in Suid-Afrika |
| **ydel** | verwaandheid / hou daarvan om te spog |

Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB-Uitgewers

## Bronnelys


- Labuschagne, F.J. & Eksteen, L.C. 2011. 9de uitgawe. *Verklarende Afrikaanse Woordeboek*. Kaapstad: Pharos.

- *Rapport*, 17 Mei, 2020 – "Opregtheid en innigheid in dié werk", 'n resensie deur Juliana Coetzer


### Internetskakels


- https://www.litnet.co.za/skrywersonderhoud-anchien-troskie-oor-somtotaal/
- http://www.literaryterminology.com/
- https://imstaying.co.za/our-story/
- https://af.wikipedia.org/wiki/Anchien_Troskie
- https://unsplash.com